


NUWE REEKS XIV: 3 AUGUSTUS 1976

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



ERNST DE JONG ALPHEUS

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts

B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij

Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber

Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters

Eveleen Castelyn

Augustus 1976 Nuwe reeks XIV: 3

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R4 per jaar. Los nommers: R1 per eksemplaar.

! W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van


DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

Inhoud

J. C. Steyn	: Ontmoetings in 'n voorvaderland	1
W. A. de Klerk	: Die Duiwel as outeur	14
Lina Spies	: Terugkeer en tjiengerientjies	26
André P. Brink	: „Algaande na die ver ruim lig”: aantekeninge by Bart Nel	35
Petra Müller	: The World at War	46
M. C. Botha	: Agtervolging van 'n Afrikaanse woordkunstenaar	51
	Hoe hoër mens staan hoe verder kan mens sien	52
Retsch la Grange, Wilhelm F. Haupt	: Haikoes	54
Margaret Bakkes	: Die eerste steen	55
Peet van der Merwe	: Die aand van Pieter Lategan	58
Henning Snyman	: Die „spel” in Die grammatika van liefde	66
D. F. Spangenberg, F. G. E. Nilant	: Boekbesprekings	73
	Nuwe Nederlandse digbundel	78
	Afrikaanse boeke verskyn gedurende April-Junie 1976	79



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

ONTMOETINGE IN 'N VOORVADERLAND

Die man wat dae en nagte lank langs gragte stap, deur stegies swerf, verwilderd na die verkeerde kant kykend (hy is links georiënteerd en dis hier regs verkeerd) oor besige strate hardloop en geskel word deur motorbestuurders, sinlose ritte met trems onderneem (sinloos in dié sin dat dit ritte is na heel presies bepaalde bestemmings — wat dan of verbygery word, of waar daar afgeklim, na die halte in die teenoorgestelde rigting gestap en dáár verder gewag word), in restaurants die magiese sin: „Eén koffie, graag!” stamel, met stapels boeke (soms ook Boekenweekgeskenke: *Bericht aan de reiziger*), dag- en opinieblaaië na sy goedkoop hotelkamer strompel en vanweë pyne in sy rug, hartstreek, voor- en agterhoof gekwel word deur die vrees vir 'n naderende einde, alsmede dié vir 'n moontlike of miskien dalk selfs sékere ineenstorting van die blanke bewind in Suid-Afrika, is niemand anders nie as Jan Visser, 35, Johannesburgse joernalis wat 'n wintervakansie kom deurbring het in die stad waarin hy 'n paar jaar student was — die stad, soos hy dit vir homself formuleer, „van my ideale”, soos dit glo heet en soos ek vroeër ook geglo het”, waarby hy dan in sy gedagtes toevoeg: „gesê (met 'n komma voor *gesê*) met die wrangsinisme en lucide selfobservasie van 'n belydende mislukkeling, die melankolie van 'n romantikus, die woemoed van 'n Europa-liefhebber, nee, -dweper (maar tog met 'n kwalifikasie: slegs Midde- en Noordwes-Europa, en van laasgenoemde alleen die kontinent, nie die eiland oorkant die kanaal nie), 'n Europa-liefhebber, dus, wat Europa na die maan meen te sien gaan, die heimwee na die heimwee na sy vaderland, welke heimwee hy geken het in die jare van sy vreemdingskap.”

Dis 'n stad wat hy „eenmaal liefgehad het”, luidens die bekentenis -- in 'n oomblik vol teerheid -- aan 'n vriendin teenoor wie hy sentimenteel vertel het van „kermende trems”, „krysende meeu”, „'n beierende toring”, 'n eend op 'n stuk plank in 'n grag, geheimsinnige name van strate en stegies soos Oudezijds-kolk, Gebed zonder end, Rusland, Oudemanhuispoort.

In die geliefde stad dwaal hy ook na 'n huis aan die Herengracht wat hy eers vermy het en waar daar aan die deur, byna met dieselfde onduidelike hand as vroeër, geskryf staan: Toos Jansen, 3 X bellen.

Die deur gaan oop en bo aan die steil trap staan waarlikwaar sý.

„Wie is dat?”

„Mag ik even naar boven?”

„Wie is dat?”

„Je zult het strakjes wel zien.”

„Wie is dat?”

„Mag ik soms naar boven?”

Sonder verlot klim hy boontoe.

„Dag, Toos, ken jy my nog?”

„Dag. Ek zou niet weten nie . . .”

„Hè? Nou, zeg! Weet je het echt niet?”

„?”

„Toos! Dit het ek nie van jou verwag nie! Hoor jy dan nie ek praat Afrik . . . Nee maar! Dis Jan! Jan Visser!”

„Jan? Jan Visser?”

„Uit Zuid-Afrika! Vijf . . . Faif jaar geleije . . .”

„Afrika? Wat idiot, ik weet het echt . . .”

„Echt?”

„Och, ja. Jaap.”

„Heb je tijd?” (En sou dit wel grammaties gestel wees so? Trouens — ja, trouens, hy het ’n hekel aan „trouens”, dis so vol pretensie — trouens, aan die grammatisiteit en korrekte uitspraak van alles wat hy wil sê, twyfel hy al hoe hartgrondiger). „Kunnen wij een ogenblikje wat praten?”

„Nou, ik zou eigenlijk gaan boodschappen doen. Als ’t niet te lang . . .”

Hulle gaan sit in die kamer wat sy in die pension Liefhebber huur — soos destyds vol allerhande sierade uit nie-Westerse samelewinge, prente uit Afrika (teringagtige swart kindertjies kyk verwykend en smekend na die weelde van skuldige Westerse uitbuiters), plakkaat-oproep tot solidariteit met die (tans gewese) slagoffers van die aggressors in Suid-Viëtnam (ná die val van Saigon in die hande van die Viêt-Kong het alle aggressie teen en verdrukking van die volk van Viëtnam tot ’n einde gekom: „God seën die Kommuniste!”), ’n twee maande oue mededelingblad oor die wreedhede van die nuwe regse heersers van Chili, ’n boek met verdoemende getuienis teen die slinkse komplotsmeders van die verderflike CIA . . .

Sy skyn ’n bietjie onbelangstellend daar te sit.

Ou bande hernieu? ’n Gemeenplaas oor die weer miskien? ’n Vraag hoekom sy tuis is — sy kan tog nie nóg student wees nie? En daar is gedink die „ou bande” is „hegte, ’n mens sou haas sê intieme betrekkinge van meer as net vriendskap . . .”?

„Koffie?”

„Graag! Die Hollandse koffie . . . Zeg, zult je het erg vinden, als ik, in plaats van het ongrammatiese Hollands dat ik probeer te praten liever in goeie Afrikaans . . .”

„Wát?”

„Ik zei, dat m’n Hollandse zinnen niet meer erg grammatisch

zijn . . . O! Je bent natuurlik nog steeds purist-linguïst: sta mij toe, het juist te formuleren: ik bedoel, dat de uitingen die ik genereer — ‚genereer‘ in de betekenis van ‚produceer‘, niét, want ik ben geen grammatika, niét dus in de betekenis van ‚enumeer‘ en er een structurele descriptie aan toeken‘ — dat genoemde uitingen heel waarscheinlijk uitingen zijn van rijen woorden die door de native speaker van het Algemeen Beschaafd Nederlands niét zullen worden geaccepteerd als uitingen van grammatische . . .”

„Get verdemme, wát?”

„Ik vroeg . . .”

Sy maak kitskoffie. Hulle drink swygend.

Iemand klop. ’n Harige man kom binne. Hy en Toos wissel onbegrypbare blikke en Toos mompel iets van de heer Bakker wat tog op die punt staan om te vertrek.

Naby die ingang van die Vondelpark keer drie betreklike jong mans Visser voor. Die woordvoerder praat langsaam, beklemtoon elke sillabe en spreek sy a’s en aa’s uit op die wonderlike manier van party Pretorianers, maar sy ee’s weer soos iemand wat in die deur dialektoloë weliswaar nog nie presies bepaalde nie, maar beslis bestaande gebied êrens in die Suidoos- of Midde-Vrystaat grootgeword het.

„Menieer, kôn u vir my sê of dôr êrens ’n sex shop ben?”

„Ben?”

„Ekskuus?”

„Hulle, ek bedoel die sex shops, is meer na die binnestad se kant, onder meer by die ou Botermarkt, tans bekend as die Rembrandtsplein, en dan ’n bietjie opper, in die buurt waar Simon van der Stel se voorouers en moontlik nog hy self ook, gewoon het, al kan die plek nie met sekerheid bepaal word nie. Soontoe, asook na die kant van die stasie en hawe.”

„Kôn u vir my sê hoe om by die Wôlletjies te kom?”

„Dis ook dié kant uit, na die stasie se kant. As julle wil, kan ek saamstap en julle wys hoe om daar te kom . . .”

Hulle draai om en stap weg in die aangeduide koers sonder om verder ag op hom te slaan.

Die volgende dag gaan Visser as gevolg van die suggestie van ’n koerantkollega na ’n toonaangewende jong teoloog, bekend as ’n hoogs originele en kreatiewe gees, om te gesels oor die vraagstukke van die kerk in hierdie tyd van „die ontkerstening van Europa, of hoe sou u dit noem, professor?” Wag die ou wêreld om soos die tradisionele „ryp peer” in „die skoot van die Kommunisme” te val? Het die Christendom aan sy einde gekom? Sal daar nie méer verlore gaan as ’n paar geboue — kerke, katedrale, kloosters — as die Christendom moet verdwyn nie?

In die eerste minute, terwyl daar van 'n gesellige bakkie koffie geniet word, begin die bebaarde hoogleraar hartlik: „En hoe zit het n  met de apartheid?”

'n Klein geskokte stilte waarin Visser skaapagtig, beneweld ('n student met spot-vrae onvoorbereid betrap), rondtoeb in sy arsenaal van verduidelikinge: „Ek gee u net 'n historiese verklaring — dis m.a.w. nie te s  dat ek alles goedkeur wat daar gebeur nie”./„Ja, u moet ook begryp daar is 'n verskil tussen diskrimi- en differensi-asi .”/„U is seker bekend met die hipotese van prof. Jan Romein oor die Algemeen Menseljik Patroon . . .”

„Ja, hoe zal ik het zeggen? De apartheid is een van die meest tragische dingen ter wereld . . .”

„Professor, maar as daar afsonderlike state kom vir die afsonderlike volker  wat elkeen 'n eie afsonderlike taal en kultuur het . . . U wou tog ook nie in die Tweede W reldoorlog opgaan in die groot nuwe geintegreerde Derde Ryk nie? In ons land!”

„Ja, jullie zeggen: ‚ons land’, en gek, dat bedoelen jullie ook . . .”

„Professor, wij willen graag ons kulturele identiteit behouden. Er zijn baie . . . vele . . . volkeren en die willen hun identiteit niet verloren . . . ik meen, ik bedoel ‚bedoel’, ‚verliezen’ . . .”

„Maar eigenlijk is het Zuidafrikaanse regiem reeds ten dode opgeschreven. De hele manier van leven, 'n hele lewenswijze, dat is ten dode opgeschreven.”

„Die dinge wat ons volk sy eienheid gee — taal, boustyl, lewenswyse — dis alles basies Hollands . . .”

„De Negers worden onderdrukt . . .”

„Ons identiteit . . .”

„Onderdrukking . . .”

Tog, dink hy met die eersvolgende swerftog, t g hou ek op 'n manier van die Hollanders. Teen wil en sin, ondanks hulle en my hou ek van Holland, Hollands en daarom noodgedwonge ook die Hollanders. Is alle liefde of toegeneentheid dan iets irrasioneels? Kom die liefde uit 'n v r iets — 'n argetipe-agtige oer-aff re — wat n  soveel eeue wakkerword deur die kennismaking met die voorvaderland? Dis die grootmoedertaal in die voorvaderland. Jy het 'n volk glo lief om sy ellende, maar daar kom iets ontwykenders by, 'n sentiment wat formulering te bowe gaan.

Die volgende aand woon Visser 'n byeenkoms by van Hervormde en Gereformeerde jongeres wat die probleem van apartheid ondersoek, beoordeel en verdoem. 'n Bruin Afrikaner vertel van die Kleurlingstereg van voor die apartheidstregiem, van Distrik Ses, van “whites only” en die verwerping van bruin Afrikaners deur Afrikaanse blanke rassiste. 'n Swart leier vertel van die komende verset, 'n stryd wat op 'n simboliese dag op die middernagtelike uur sal losbars.

Tuisgekom by die hotel, wag daar 'n brief van 'n ouerige oom van Visser — 'n reaksie op 'n mening wat hy (Visser), soos bekend, iemand wat reken dat hy alle wysheid in pag het, gelug het oor lone, werksomstandighede en behandeling van plaasarbeiders, vermaninge gepaard met Bybeltekste: „Die arbeider is sy loon werd”; oproepe tot groter menswaardigheid en sinspelinge op komende terreuraksies — „en hoe meer tevrede ons eie bruin en swart mense met die huidige bestel is, hoe kleiner is die kans op welslae van die terroriste.”

'n Deel van die brief lui: „Ek lees nie meer wat jy skryf nie tot my vrou sê kyk wat skryf die Jan alweer. Kan mens glo hy was 'n boerseun — een van ons?

„Wat my betref is jy definitief in onkunde in dié omgewing in verband met die Bantoe in die boerderybedryf. Ek sal jou waarborg dat indien jy hier sekere boerdery met Bantoes moet handhaaf, sal jy in die eerste maand wegloop soos 'n sleg Bantoe intendeel is daar nie een goeie wat ek ken nie. Verder kan ek net sê 'n trekker en 'n bees is waardevol en bruikbare goed daar is geen vergelyking nie. Jy sê betaal die Bantoe meer maar dan drink hy net meer, ek het al alles probeer, meer betaal, kos van die tafel, klere, overalls, skoene, hout, water, behuising, komberse en selfs 'n besem om die huis uit te vee.

„Waterpype aangelê hulle is te laks of dronk om die krane toe te draai, verskeie kere loop die tenks leeg.

„Nie een naweek kan jy weggaan nie, hulle het geen verantwoordelikheid nie, as jy terugkom, is alles in chaos, die koeie nie eens gemelk nie. Al wat jy hoor is: Jammer baas, ons was almal dronk.

„Ek het geen oplossing vir die Bantoes nie, want as jy jou draai, dan steek die swart broer jou in die rug.

„Nou wil ek net sê jy is 'n skande in die familie. Oupa draai in sy graf om, hy is nooit anders as Nasionaal gewees nie, geveg in die Boere Oorlog, jou oom is dood in die rebellie en jy draai jou rug.”

* * *

Aan 'n vriend skryf Jan Visser oor sy reiservaringe:

By my vertrek van die lughawe Lod by Tel Aviv (Israel was my eerste bestemming) het die Israëliete my amper in die tronk gegooi. Alles net oor Engels.

“Where did your parents 'bo' . . .”

Bô? Baugh, skrywer van *A history of the English language?* Boa soos in *board?* Bou soos in *bought?*

O, seker! “Bought”!

Ek lyk nou seker nie meer soos 'n optelkind nie, maar dalk verkoop soos Josef aan die Ismaëliete?

“O, yes, yes! I understand! I am sorry I . . .”

Hoe op aarde sê jy iets gevats in Engels?

Al hoe suspisieuser blikke.

“I ask: Where did your parents born?”

“O! Born! Born! I thought . . . My father near Bethlehem and my mother in Griqualand West . . .”

Bethlehem? 'n Helleense Sionis?

Maar alles het reggekom en ek is toegelaat om te vertrek.

My reis in Israel was baie die moeite werd. Ek was by albei Golgotha's — die Katolieke en die Protestante s'n —, die verskillende plekke waar Johannes die Doper gebore is, by die bergvesting Masada waar die mense liewer tot die laaste geveg en selfmoord gepleeg het as om hulle oor te gee, dikwels het ek langs die ou stadsmuur van Jerusalem gedwaal. Een keer het 'n jong man my voorgekeer en gevra of ek met sy kamera 'n foto kon neem van hom en sy vriend waar hulle gearmd op 'n klip sit. Was ek Jacob Israel de Haan het ek natuurlik 'n kwatryn oor die gebeurtenis geskrywe: „Geglimlag het hulle, geglimlag/een middag by 'n muur./Nou word ek gemartel, dag en nag,/deur gedagtes aan 'n middaguur.”

En nou dus Amsterdam.

Daar is nuwe trems, geel geverf; die Leidse Straat het nou geen motorverkeer meer nie, behalwe natuurlik waar die dwarsstrate hom kruis; die NRC en die Algemeen Handelsblad het geamalgameer; allerhande ondernemings met Engelse name maak al hoe meer hul verskynning; die bevolking van die Nieumarkt-buurt is omgekrap oor die metro wat deur dié buurt gebou gaan word — orals is daar spandoeke en skryfsels teen die mure: „Hoe je het ook wendt of keert/ de ervaring heeft geleerd/dat B & W van Amsterdam/en alle hoge omen/ de bevolking van deze stad/liever zien gaan dan komen.”

Soms hoor ek teen middernag 'n trem verbyraas in die Vijzelstraat digby die hotel, maar nooit kon ek vasstel of daar nog voor op staan:

„Remise” of „Laatste rit” nie.

Dit voel my soms of dit my laaste rit is, my laaste besoek. Laaste rit, en dan die einde.

Eergisteraand het ek na 'n voorstelling van *Iwanow* van Tsjechow gaan kyk en nog selde het ek my eie geestesgesteldheid so perfek sien voorgestel word — op 35 al lewensmoeg.

„Als we twintig zijn, voelen we ons allemaal als helden, vinden dat we alles kunnen, maar tegen dat we dertig worden, raken we vermoeid, en deugen dan nergens meer voor . . . Ik wist wat bezieling betekende, onderging de bekoring en poëzie van stille nachten, als je van zonsondergang tot zonsondergang aan je werktafel zat, of je geest met wat dromerijen in slaap liet wiegen. Ik geloofde in iets en keek in de toekomst als in de ogen van mijn eigen moeder . . . Maar nu, o mijn

God, wat ben ik nu moe! Ik geloof nergens meer in en bring mijn dagen en nachten in ledigheid door . . . mijn hersens zowel als mijn arms weigeren hun dienst."

Net so 'n mislukking voel ek my. Ek sien geen toekoms meer nie. Ek bestaan net — leef van dag tot dag. Voor ek slaap, droom ek van ontmoetinge met mense wat omgee: 'n stil meisie stamp per ongeluk 'n boek uit my hande en sê: „Pardon!” Dan word ons vriende. In 'n vol kafec vra iemand: „Heb je soms een vuurtje voor me?” In die Gereformeerde kerk in die Keizergracht sing ons uit 'n nuwe vers van Huub Oosterhuis: „Maar soms herinneren we ons een naam, een oud verhaal dat ons is doorverteld, over een mens die vol was van uw kracht, Jezus van Nazareth, een jodenman . . .”

Wanneer ek nie droom nie, weet ek egter: „In dit heelal zijt Gij onhoorbaar. En diep in de aarde klinkt uw stem niet; en ook uit de hoogte niet.”

Maar êrens is daar seker 'n remedie. Jy moet, neem ek aan, glo aan iets groter as jy, iets belangriker as jy waaraan jy jou lewe kan wy. Wat?

Ek is alles aan die verloor wat saak maak — praat 'n taal en hoort tot 'n volk waarvan die bestaan nie meer seker is nie; die „Europese gees” raak 'n abstraksie 'n fiksie. Ek val deur tussen Afrika en Europa, dalk op die plek waar Atlantis eens was, waar hy weggesink het in die watergolwe.

My geneul verveel jou seker al. Groete.

Daardie nag droom Jan hy loop êrens aan 'n eensame vreemde strand. Die westewind waai vogtig van die seekant. Europa? Nee, 'n vreemde land. Groot, onherbergsame rotse aan die kus. Doodmoeg gestap kom hy by 'n skouburg waarop daar buite op 'n spandoek met groot letters geskrywe staan: „De ondergang der mensheid”.

Binne-in is daar geen vertoning aan die gang nie, maar 'n toespraak:

„Burgers van Atlantis, dis ons plig om te waak en te werk, te bid en te stry dat hierdie beskawing van ons nie ten gronde gaan nie. God het ons hier geplaas met 'n doel — o ja, ek weet dis 'n gemeenplaas, maar alle waarhede is dit. Die doel van ons hier-wees is om hierdie beskawing te bestendig, te handhaaf, uit te bou . . . soos wat ons trouens ook gedoen het toe ons in die Andes die Ryk van die Inka's gaan stig het, 'n florerende nuwe ryk wat sal bestaan tot in lengte van dae. Maar ons taak eindig nie daarmee nie. Moet ons verswelg word in die . . .”

Toe hy uit die saal stap, keer 'n lang skraal jong man (aantreklik ook, sou 'n mens kon sê) hom voor en vra: „Meneer, heeft u soms een vuurtje voor me?” “No, I do not smoke.” — „Meneer, weet u ook waar de . . .” — „Ha-ke-tsebe.”

Die Atlantiër nooi hom om in sy huis egte Atlantis-kos te kom

et en daarna die geurige ou Atlantis-troos te drink. Tussen-in is daar volop geleentheid vir praat oor landsbeleid, ondergang, 'n hele lewenswyse wat tot niet raak. Jan kan selfs die nag daar slaap. („Ek het 'n antieke ou koperkatel, groot genoeg selfs vir drie”) en die volgende dag kan (die Atlantier) hom die skoonheid van die landskap wys.

„Ek kyk liever altyd op my eie . . .”

„Maar saam met 'n gelykgesinde . . .”

„Selfs nie saam met 'n gelykgesinde nie.”

„Wil jy dan alleen wees?”

„Ek wil. Ja, ek verkies die eensaamheid. Daar was 'n tyd toe ek anders was, en as jy my tóé gevra het . . .”

Langs die kus waar Jan hom skielik weer bevind, kerm en duik die meeu en die golwe breek teen die rotse. Hy spoel sy hande af en voel die water is half lou. Hier moet dus 'n warm seestroom vloei. Ja, dis die warm Golfstroom. Nou onthou hy: Atlantis lê in die pad van die warm seestroom wat nou weggekeer word van Europa. Wes-Europa lê bevrore; hy is vir die mensdom verlore. Maar as dié eiland sterf sodat die stroom na Europa kan vloei, sal Europa kan leef. Die rotse begin kraak, breek, brokkel weg soos kluite in 'n geelwortelbedding wat jy natlei; die kus skeur, die golwe slaan oor hom. Hy sterf, verdrink. „As ek in my smart bedolwe, wegsink in die watergolwe.” Só sing 'n man en vrou een vroeë more in 'n plaashuis. Dis 1904 op Burgersdorpstasie. 'n Groep mense klim op die trein — ballinge onderweg na Argentinië. 'n Orkessie speel: “Home sweet home”. Almal huil, wit en bruin. 'n Verskriklike droefheid oorval hulle oor die afskeid van die ou land. Ek sal kniel en die aarde soen dink hy, ek sal gaan lê sodat iets my kan fynry en ek een word met die grond van daardie versonke land.

* * *

Grepe uit 'n dagboek.

MAANDAG: Simon staan nog meer skepties teenoor Suid-Afrika as ooit tevore. „Julle het die geleentheid gehad om 'n pioniersopdrag vir die mensdom te vervul, te wys hoe wit en swart met mekaar kan saamwoon, maar julle het gefaal.”

WOENSDAG: Vandag in 'n boekwinkel 'n Neger gesien — so kontant en luidrugtig of die hele Europa aan hom behoort.

As die Afrikanervolk nie so bestaan nie, watter sin sou die lewe hê? Nee, liever 'n Masada, liever soos Simson op die end die pilare omtrek oor almal wat oorbly, plus die vyand sodat alles te gronde gaan, liever dit as om te gaan lê en onder te gaan.

DONDERDAG: Dís wat ek Lina beny: haar vermoë om deur te dring na die ménse. Selfs in 'n vreemde eetplek in Leiden sal sy toevallig 'n mens raakloop met wie sy 'n lewenslange vriendskap kan smee.

Maar ek is altyd 'n buitestaander; daar is altyd 'n grens, 'n apartheid tussen my en die ander, ook dié tot wie ek my die meeste aangetrokke voel.

Jy klim op Makwassie in 'n volgerookte kompartement met vyf reisgenote, jy groet beleefd, en daar is 'n stilte. Gesprekke kom lang-samerhand op gang: „Daai aand het ek haar gebleddievry.” „Net 'n bietjie cane virrie pyn.” „Toe sê hy die hele klutsj isj in sji moer.” „In die army het ek . . .” Wanneer jy probeer witty wees, spreek jy die „lekker” (lekker half Engels, lekker eroties, lekker rassisties) woorde onwennig uit, die stamelende sin klink ouderwets en half heilig. 'n Minagtende swye dus.

Highpoint, Hillbrow. Sondagaand tussen ses en sewe. Singery, spotters, straatpredikers: “. . . to Christ, and then I was a new man.”

In 'n hyser in Braamfontein gesels twee Bantoes van verskillende taalgroepe: „Dis 'n groot wedding. Jy moet ok kom.” — „Sal daar baie ousies wees?” — „Baie ousies.” „Dis reg, ek sal kom, maar dan moet jy 'n ousie vir my organise.” Maar as jy dit sou waag om 'n Afrikaanse woord te sê, is daar swye.

In die Vondelpark stap jy by twee seuntjies verby en een vra aggressief: „De witte en de swarte meeuw, ken u die?” Maar al peins mens daaroor ook veertig dae en veertig nagte (soos oor die sondvloed), die betekenis daarvan snap jy nie.

VRYDAG: Die Oudemanhuispoort. Weer sien ek prof. Anton Reichling wat deur sy boeke snuffel en agterkom die aantekeninge waarvan hy vermoed het dat hulle nie daar is nie, is tóg daar; Reichling verontwaardig oor die tienderangse behaviorisme waarvan Bloomfield die slagoffer was; Reichling laggend verbaas oor die stommiteite van die Angelsaksiese wetenskap; met vrolike herinneringe aan eind eksamens waarin kandidate fouteer met die onleding van selfs sulke ondubbelsinnige sinne soos: „Altijd was ik maar 'n dromer/in de winter van de zomer/in de zonschijn van de regen”; Reichling wat aantekeninge dikteer oor voorgestelde biljartballe of oor sy definisie van waarneming: „'n Waarneming is 'n vorm van kennis waarin de mens gericht is op 'n objekt dat zich voordoet als buiten hem zijnde.”

SATERDAG: Daar is 'n verhaal of skets wat ek graag sou wou skryf.

Dit speel hom af op 'n Vrystaatse maanligmore, winter 1837. Dis stil. In die maanlig sien jy die ryp glinster op die kortgevrete gras om die laer. In 'n kakebeenwa lê 'n jong man, Salomon Smit. Hy sterf. Langsaam sterf hy en eensaam en moeisaam. 'n Jong man sterf, en 'n mens sou kon gesê het: „met bitterheid” — die bitterheid van die more van sy 21ste verjaardag 'n paar weke tevore — as die doodsvrees nie alle ander emosies laat wyk het nie. Hy vég nou teen die dood, al was daar tye wat hy nie sou omgee het om maar weg-geneem te word nie. Hy veg soos teen 'n leeu of 'n impi wat die laer aanval. Hy veg ook teen 'n man — dis ek — wat hom martel met vrae en woorde. 'n Man verskyn aan 'n sterwende Voortrekker — hy wat

nie eens wis hy is „Voortrekker” nie, want hulle heet nog „Emigranten”. „Ek is nie die dood nie, ek is die voorloper (die morester en die voorloper, ken jy dié? Noem julle hom nou al so?), ek kom net met vae oor wat jy misdaan en nagelaat het.”

„Wie is jy? Ek het jou nog nooit hier gesien nie?”

„Dis die einde. Jy weet seker jy sterf, nè?”

„Ek wil nog verder trek.”

„Nee, dis finaal. Jy sterf. Hier op die Vrystaatse vlaktes — o, gits, jy weet nog nie eens wat ‚Vrystaat’ is nie — hier op die haai vlakte wat ek later nog sou liefhê, hierso moet jy sterwe. Julle is nog nie eers halfpad nie, weet jy dit? Jy gaan baie gespaar bly. Eintlik moet jy dus dankbaar wees — die hele verskriklike volgende jaar: Bloukrans, Weenen . . . dit alles gaan jy nie belewe nie.”

„Ek wil lewe.”

„Jy sterwe. Jy’t geen heldedaad verrig nie, geen boom geplant nie (miskien hét jy daarom in die ou Kolonie), geen gedig geskryf nie, geen mens verwek nie (ten minste ek hoop nie so nie, anders sal jou pa jou onder sensuur moet laat plaas, en jy weet hoeveel van die Trekkers al klaar teen hom is), niks, niks, niks waaraan iemand jou sal kan onthou nie. Niemand sal ooit iets moois sê, selfs iets sê, oor Salomon Smit, seun van die Voortrekker-sending nie. Hy was geen mens ge-wees nie, hoogstens ’n naam in sy pa se dagboek. Besef jy dit, Salomon, dat jou lewe nie sin gehad het nie?”

„Sin? Wat is sin?”

„Selfs dít ken jy nie. Wat is jul bestemming, waarnatoe trek julle, Quo Vadis, soos dr. Malan honderd en twaalf jaar later gaan vra: Waar gaan jy heen, Afrikaner?”

„Na ’n nuwe land, na die vryheid.”

„Sê my, Salomon, het jy self dit verkies om te trek? Het jy enige seggenskap in die saak gehad? Of het jou pa-le en oom Gerrit Maritz maar net gesê: ons trek en jy gaan saam, jy wat nie eens ’n wa het nie.”

„Niks in die wêreld . . .”

„Ja, ek onthou. Dit het jy die more van jou verjaarsdag ook gesê. En jou pa: wees tevrede, my ou seun, jy het vyf perde, jy’s gesond, jy ken ’n goeie ambag. Sorg liever vir jou siel. Is jy tevrede?”

„Die God sal voor ons sorg . . .”

„Só gesorg dat jy sterwe! Jy, in die fleur van jou lewe! Mev. Retief maak reeds die oversterfhemd . . .”

„Eens aan den avond van mijn leven . . .”

„Nee, ou vriend, dis oggend. Jy’s in die oggend van jou lewe. ’n

Seun is gebore, hy't gelewe en hy't gesterwe. En wat daarvan? 'n Rypkorrel glinster in die maanlig — as dié daar is — maar voor die son opkom, hou die glinstering op, en daarna die ryp self. Jy's 'n rypkorrel aan 'n grasstingel, 'n droë beesmissie in 'n takkraal, 'n afgebreekte doring aan 'n doringtak . . .”

Die besoeker soen die sterwende seun terwyl sy ouers daar sit. Wanneer hy sterf, het hulle alles verloor waarvoor hulle gedink het hulle lewe. Daarna sterwe hulle langsaam die verdriet af, hulle beleef alles van 1838 in Natal, die Engelse kom, hulle trek blootvoets oor die berge. Nooit vind hulle rus nie en uiteindelik sterwe hulle.

Nou, en? Wat daarvan?

SONDAG: 'n Ouerige man en 'n vrou sit in 'n huis in Amsterdam en kyk na skyfies (nou „dias”) uit die verlore land.

„Wat 'n stralende dag!”

„Sien jy daardie spore dáár, daar in die sandkolletjie?”

„Waar?”

„Kyk, daar langs die boomstomp . . .”

„O ja, ek sien. Dis ook so dof?”

„Onthou jy daardie dag toe ons . . .”

En hulle bars albei in trane uit.

MAANDAG: As ek 'n digter was, sou ek 'n beeld kon uitdink, maar ek dink maar net in terme van „betoog”, „argumenteer”, „rede-neer”:

LAASTE GEBED

Mettertyd sterwe jy
maar vóór jy sterwe
sterwe jy
eers af —
alles sterwe jy af:

Wolke, bulte vleie —
die liefde vir die Hoëveld;
gragte, meeue, keie —
'n vriendskap met 'n wêreldstad;
oë, bors-bors, dye —
hartstog van 'n-mens-besit;
'n kruis, die dorings, lye —
verwagting, hoop op ewigheid.

En dan beginne sterwe jy.
Jou sêlf sterf jy dan af:
„ek” en „my” raak weg en ver,
„ek” word „jy”: „'n mens”

„'n mens" wat onpersoonlik, „wys",
kan terugwys op 'n lewe vol
volledig vol van leegheid, leegheid.

Net in een saak mág jy, móét jy, glo,
kan jy, wil jy, sal jy glo
— hoop en glo en hoop en bid
om een saak wat nog sin besit:
die taal lê nie op sterwe nie.
„Die taal"? — „'n taal": „dié taal".
Dié taal mag nie sterwe nie.
Verloën jouself nou weer, bid „ek"
en bid en hoop in Afrikaans:
„Dat Afrikaans nie sterwe nie!"

* * *

Die oggend van sy vertrek word Jan kom groet deur 'n Suid-Afrikaner met groot aansien in akademiese kringe in Holland, 'n ou bekende uit sy studentedae — nou bekend om sy grondigheid, logiese dink, helderheid, akademiese gedissiplineerdheid. En tog soms met menslike oomblikke en „Onthou jy nog" 's (wat wie weet, dalk voorkom uit 'n onuitspreeklike eensaamheid en verlange na iemand wat dieselfde taal praat?)

„Jy sal nooit raai wie loop ek anderdag in die Rijksmuseum raak nie, Mrs. Ann-Rose Harrison."

'n Verleë sug van Jan en 'n warm (dus heel waarskynlik rooskleurig uitsiende) gevoel oor sy gesig.

„Onthou jy nog die keer toe jou Engelse telefoongesprek wegge-waai het? Al jou . . ."

(Al sy sorgvuldig voorbereide vrae — met eventuele intelligente reaksies op sommige antwoorde en verraste uitroepe op ander — vir 'n onderhoud wat Jan, as onervare jong verslaggewer by 'n Bloemfonteinse middagblad, moes gaan voer met die stad se voorste kuns-persoonlikheid: met moesaam oorlegde keuses tussen past perfect en present continuous tenses, soms past perfects en imperfects . . . alles met genoemde toekomstig-briljante akademikus as adviseur: „Onthou veral om intelligent te klink. Moenie weer Shakespeare en Eliot met mekaar verwar nie." Dié gesprek, dus, is tydens die gesprek deur 'n onverwagte windvlaag weggewaai, met katastrofale gevolge vir dié Saterdag se kunsbladsy en met vertroebelde verhoudinge tussen die kunsvereniging en die koerant).

„Dis jou laaste kans. Jy kan hier 'n pos kry. Ek het gepraat met..."
„Is jy gek?"

„Jy weet tog die sisteem sal ondergaan. Waarnatoe gaan jy dan? Jy weet seker dat hooggeplaaste persone al vir hulle bankrekenings in Switserland open? Villa's koop? Die einde kom."

„Die storie dat ons op pad is om te verdwyn is onsin."

„Die wens is die vader van die gedagte. Alles is klaar vir 'n stede-
like guerilla daar by julle: ek het gepraat met die PAC en ANC. En
jy wat deel het aan die bestel . . . Weet jy dat julle eendag 'n Neuren-
berg-verhoor kan kry? Ook jy, wat mede-aandadig is daaraan dat mense
hul regte ontnem word vanweë huidskleur . . .”

„Ek luister nie verder nie.”

„Ek het met die kultuurredakteur van die Handelsblad gepraat...”
„Nee.”

„Dink daaroor. Hier's sy adres. Jy kan selfs op dié manier „Afri-
kaans dien”, deur oor die versetsliteratuur en so te skryf. En wees eer-
lik, jy het dit al self gesê: Hoeveel mense is daar in Suid-Afrika met
wie jy waarlik die soort kontak het wat jy hier kan kry?”

„Miskien sal ons ondergaan, wie weet? Maar as die volk moet sterf,
dan ek ook. Ek is deel van hom. Dis my enigste besit, dis al wat ek
oorhet om voor om te gee . . .”

„Magtig, wat het jy sentimenteel en vlak geraak! Is dit godverdom-
me jy? Het jy lid van die Broederbond of Boss geword of iets?”

„Dit was die laaste aankondiging. Ek gaan die vliegtuig mis as ek
langer draai.”

Hulle draai hulle om sonder om te groet.

Sy laaste woorde in Hollands hoor Jan van die amptenaar wat die
bagasie deursoek vir wapens — 'n sarkastiese opmerking oor *Je hoeft
er niet geweest te zijn*, 'n dokumentêre waarin die onmenslikheid van
die apartheid aan die kaak gestel word.

Die Suid-Afrikaanse lugwaardin is half ergerlik omdat hy op die
verkeerde sitplek plaas neem en daarna die verkeer blokkeer. Ná haar
taktvolle stille verwynt mompel hy „Verdomp!” en toe nuwe koerante
uit Suid-Afrika uitgedeel word, word hy opsetlik per ongeluk oorge-
slaan.

„Tog”, dink hy, „jy moet liefhê, dink ek, op 'n distansie. Al hou
hulle nie van my nie, net om hulle te sien, net om Afrikaners te sien —
is daar 'n mooier woord as Afrikaner? — Afrikaans, ja: om Afrikaans
net te hoor, om Afrikaans alleen al te dink klink.

Ek is Afrikaans, dit kan niemand van my wegneem nie, niemand
nie, ook geen Afrikaner nie. Dat ek julle so op 'n afstand liefhet, nee,
van julle hou, nee, vir julle omgee . . . is dit vër genoeg? Julle Afrikan-
ers, wit en bruin, ook Hollanders, pro en anti, laat my toe om
julle . . . om „u” . . . uit die verte, sonder enige beantwoording van
u kant af vryblywend lief te hê. Is dit te veel gevra?”

Amsterdam, Maart 1975.

*J. C. Steyn se eerste prosabundel, **Op pad na die grens**, verskyn eersdaags by
Tafelberg-uitgewers, Kaapstad. 'n Vroeër teks van hierdie verhaal, wat ook in
die bundel opgeneem is, is reeds gedurende 1975 deur die Tydskrif vir publi-
kasie aanvaar.

Voordat ons kom by die besondere en boeiende voorkomstes van die Duiwel as outeur — hy bewys hom hier weer as Legio, want hy is baie — is dit nodig dat ons sekerheid verkry oor wie ons praat. Dit gaan hier ook om identiteit: daardie meevoerende, dikwels pynlike belangstelling van ons dae. Soos daardie briljante kenner van die Duiwel, Denis de Rougemont, in sy studie *La Part du Diable* aan ons bekend gemaak het, gaan dit hier eerstens om die Incognito, dan om die Alibi. Die Incognito van die Duiwel is sy primêre laai: sy naamloosheid. As die Duiwel nie bestaan nie, hoef hy natuurlik ook nie gevrees te word nie; het hy dan vrye spel. Onvermydelik kom die tyd egter wanneer sy alomteenwoordigheid net nie meer misgekyk kan word nie. Van hom kan ons ook sê: *si momentum requiris circumspice*. Daarmee is dit dan gladnie met die Duiwel uit en gedaan nie. Vlug en behendig kom hy dan met 'n oneindige reeks inkarnasies, 'n oneindige reeks laaie en laaitjies, waarvan De Rougemont ons dan ook op 'n geniale manier ingelig het.

Hoofsaak bly nog steeds dat hy homself vermom: nou nie as die naamlose nie, maar wel as 'n besondere, 'n uitsluitende inkarnasie. Dit word dan die Tweede Laai — die Alibi. Gedurende die jare dertig en veertig bv. was dit Adolf Hitler. Maar Adolf Hitler is tot 'n val gebring en die Kwaad het nog steeds bly voortwoeker. Daarna was die Duiwel beurtelings maar ook herhalend: Josef Stalin; Generaal Franco, en 'n verskeidenheid van ander gesagsfigure. Dit was ook beurtelings: die kapitalisme, die kommunisme, die rassisme, die kolonialisme, die imperialisme; les bes was dit die Satan, behoorlik toegerus met angelstert, horingskop, en drietandvurk; of, op 'n ietwat meer verhewe, nee, subtiel vlak: die Sewe Aartssondes . . .

Presies wáár die Duiwel hom egter in alle waarheid en werklikheid bevind, is waaroor dit hier ook moet gaan. Want ook die skeppende kunstenaar, ook die skrywer en digter, is blootgestel: is veral blootgestel: het deel aan hierdie donker universaliteit. Hoe dit ook hier waar die Afrikaanse woord gebruik word, tot uitdrukking kom, moet ons hier probeer ondersoek.

Aanvaarding van die Duiwel se bestaan behoort nie so moeilik te wees nie, selfs vir die mees toegewyde belyer van die 'rasionele humanisme'. Al wat nodig word is om 'n slag met die soort rasionaliteit (of redelikheid dan) waarop hy normaalweg sou roem, sê maar 'n kort geskiedenis van die wêreld weer te gaan lees en bepeins. Wat hy gou genoeg behoort agter te kom, is dat die normale toestand waarin die mens hom bevind nie dié van vrede, voorspoed en vooruitgang is nie, maar eerder dié van bitterheid, geweld, stryd. As daar nog iets van die Incognito — die *non est* — van die Vors van hierdie Wêreld in ons eie tyd oorgebly het, moes die dikwels kataklismiese gebeurtenisse van die eerste helfte van hierdie eeu finaal daarmee klaargespeel het. O, ja, inderdaad was daar diegene wat met dikwels bekoorlike welsprekenheid gemeen het dat die tegnologiese meesterskap van ons tyd en sy glansende eindproduk *Abundance* die kwaad onder ons ten enemale sou uitroei. Wyle Henry Luce bv., in sy tyd een van die magtigste persbase ter

wêreld, het midde in die jare vyftig saam met 'n geselskap hoë sakelui, akademici, politici, plegtig belowe¹ dat die *Fabulous Future*, die uiteinde-like utopiese Ryk van die Mens in die vorm van 'n finale, alvoorsiene Abundance, minstens in die VSA teen 1980 sou aanbreek. Ironies dat juis 'n ander blad² uit die Luce-stal, na aanleiding van die My Lai-massamoord deur jong Amerikaanse soldate gedurende die Vietnamese oorlog, onder die opskrif *On Evil: the Inescapable Fact* moes skryf; " 'Those whom the gods would destroy', wrote the late Thomas Merton, poet and monk, 'they first make mad — with self-righteous confidence and unquestioning self-esteem' " In the light of My Lai Americans have little cause for feeling self-righteous", and much reason for self-reflection . . . My Lai is a token of the violence that trembles beneath the surface of American life . . . How much injustice and corruption distort the reality of democracy that the U.S. offers to the world? . . . According to Christian moral theology, the self-awareness of sin and guilt is a necessary prologue to sanctity . . . Only the nation that has faced up to its own failings and acknowledges its capacities for evil and ill-doing has any real claim to greatness."

Soos alreeds aangedui egter is dit nie so seer die Incognito van die Duiwel wat ons om die bos lei nie, maar wel die Alibi. Die sleutel tot ontmaskering vind ons by die digter. In sy *Ballade van die Bose* sê N. P. van Wyk Louw:

Ken jy my nou?
 Het jy die spieël gesien
 en ken jy jou? . . .

Ek is in jou
 gevleg, gerank
 soos 'n wortel in
 in die donker bank . . .

Ek is jou wese
 se ondergrond
 ek ek trap in jou spoor
 soos 'n goeie hond . . .

As jy die Duiwel soek, begin dan nie by jou vyand nie, maar eerder by *jou wese se ondergrond*, waar daar stilweg, in die geheim, geknoei kan word: blindelings, soos by 'n straling wat te hewig is.

Die veles meen
 hulle ken my gesig,
 maar ek skuil te glansryk
 te na aan die lig . . .

Wat Van Wyk Louw se vers hier eintlik vir ons wil sê is dat as jy die Duiwel wil uitken, sy vermoë wil takseer, moenie jou te veel op-hou met die té sigbare ondeugde van die wêreld: nie met die Sewe Aartssondes nie. Kyk eerder na Lucifer, die Ligdraer. *Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val*, sê Lukas in sy Evangelie-kroniek. Ons kan dit anders stel: Die Duiwel in sy primêre gedaante, nog voor sy

maniere hul tot kenbare booshede vervorm het, is geen onaardige skepsel nie. Trouens, hy is die plousibiliteit, die charisma self. Sou dit tog so wees dat hy soos 'n brullende leeu rondgaan, soekende wie hy sal verslind, sou jy dit nooit sê nie.

Ten doeltreffendste is die Duiwel iemand van edele inbors, nobele strewende, en onberispelike gedrag. Die wese van sy vergryp is nie die orgie nie, maar wel die utopie: daardie hemel op aarde wat hy as Godge-lyke belowe: nie net aan homself nie, ook aan sy medemens.

Dis van kernbelang dat in die oermite — ook die oerpoësie, die oeropenbaring van ons menslike toestand — die vreemde verhaal van die sondeval die kritieke punt bereik word wanneer die Slang as die Groot Versoeker, sê “ . . . maar God weet as julle daarvan eet (*van die vrugte van die Boom in die Middel van die Tuin*) julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken . . . ”³

Die belofte is een van volkome selfgenoegsaamheid; van àl die antwoorde ken. Die dodelikheid van die sondeval begin presies dáár waar die mees perkelose menslike *ideaal* hom vestig: alles met die oog op die suksesvolle voltooiing van wat in 'n betreklike laat stadium van die geskiedenis as ons *pursuit of happiness* bekend geword het. Nêrens word hierdie wesenlike aard van die kwaad beter aan ons geopenbaar as in Goethe se *Faust* nie.

Kom ons kyk weer na die situasie waarmee die digter hier te doen het. Faust, volleerd, het 'n stadium in sy lewe van dreigende desillusie en *ennui* bereik. Ledigheid (synde die Duiwel se oorkussings) bied nou aan Mefistofeles die ideale geleentheid om Faust te versoek. Vol manmoed is Faust bereid om te waarborg dat hy tog nooit in sy aardse strewende, bekoor deur die skoonheid van die oomblik, niks méér sal verlang nie. Kom dit so, kan Mefistofeles hom maar in boeie slaan; kan die doodsklok vir hom maar lui.

Werd' ich zum Augenblicke sagen:
Verweile doch! du bist so schön!
Dann magst du mich in Fessel schlagen,
Dann will ich gern zugrunde gehen!
Dann mag die Totenglocke schallen,
Dann bist du deines Dienstes frei,
Die Uhr mag stehen, der Zeiger fallen,
Es sei die Zeit für mich vorbei!

Faust se strewende vat hy egter self kernagtig saam:

Was bin ich denn, wenn es nicht möglich ist,
Der Menschheit Krone zu erringen,
Nach der sich alle Sinne dringen?

Hierin lê daar, soos in alle groot letterkunde, iets wat tegelyk tragies én komies is. Presies wáár dit sal ressorteer: formeel óf as tragiek, óf as komedie, hang van die beklemtoning van die kunstenaar af. Faust word beste as komedie gesien — as *divina commedia*. Daarvan getuig ook die ligte, speelse trant van Goethe se poësie.

Die ironie — daardie mees sublieme element in groot letterkunde — lê wesenlik in ons menslike onwete van hoe die lewensrolle omgekeer kan word. Die mens wik maar God beskik: die eerste word laaste en die laaste word eerste: dié een wat meen om homself te red, gaan ten gronde, en dié een wat 'n hoëre oorgawe kan vind, word gered. In die geval van Faust lê dit opgesluit in sy onvermoë om te kan insien dat juis sy hoogvoelende, hoogbedoelde strewe om *der Menschheit Krone zu erringen*, hom tot 'n toestand van selfgenoegsaamheid sal voer, waar Mefistofeles dan sy siel sal kom opeis. Mefistofeles, soos die Duiwel se mode maar is, stuur sekuur op die ding af, wanneer hy die besoekende *Schüler*, die student — vermon in Faust se mantel — 'n bietjie touwys in die lewenskuns wil maak.

Gebraucht der Zeit, sie geht so schnell von hinne
Doch Ordnung lehrt Euch Zeit gewinnen.
Mein teurer Freund, ich rat Euch drum
Zuerst Collegium Logicum . . .
Zwar ist's mit der Gedankenfabrik
Wie mit einem Weber Meisterstück.

In die moderne idioom weer sou mens kon sê: daar is niks waartoe die mens se skitterende tegnologiese vermoë wel nie in staat is nie.

Eintlik natuurlik blyk dit uit hierdie toneeltjie dat Faust en Mefistofeles voëls van eenderse vere is. Sodanig is dit die geval dat hulle eintlik dieselfde voël is . . .

Ken jy my nou?
Het jy die spieël gesien
en ken jy jou? . . .

Mefistofeles onderrig die student breedvoerig, op 'n manier wat Faust in sy normale voorkoms nouliks kon gedoen het. Mefistofeles, moet ons aflei, verteenwoordig iets van 'n ironiese selfsiening, wat miskien nog in Faust bewaar gebly het. Die proef op die hele sommetjie word bereik as die *Schüler* sy outograaf-albumpie oorhandig vir Mefistofeles — Faust soos hy meen — om te inskribeer.

Eritis sicut Deus scientes bonum et malum . . .

Só skryf Mefistofeles. Dis 'n ander manier om te sê soos die slang gesê het: . . . *Maar God weet . . . julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.* Daarmee, is die groot geheim van die verhaal van Faust, soos Goethe dit vertel, dan ook meteens verklaar. Wat eintlik hier voor ons af speel is maar net 'n besondere weergawe van die oermite van die Sondeval. Die rol van die Slang word deur Mefistofeles gespeel. Die rolle van die Paradyspaar word in één mens saamgevat — Faust. Die beslaglegging op die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad is ook Faust se hele strewe — net, hy noem dit: *der Menschheit Krone*.

Nie dat Faust nie sy eie besondere stylaard, sy bepaalde nuanseerings het nie. Maar selfs as sodanig herinner hy aan ander bekendes.

Hy lyk bv. alte baie op daardie ander hoogstrewende siel, Hamlet, Prins van Denemarke. In die najaag van sy hoë, sy nobele doelstelling word dit vroeër of later ook by hom 'n geval van 'tot elke prys'. Hierdie prys word dan ook gewoonlik op die duur deur die onskuldiges betaal — in elk geval, om mee te begin. Dis Ophelia in die geval van Hamlet, Gretchen in die geval van Faust. So dan word die geheime oortreding — geheim omdat dit as hoë openbare, as hoogbesielde strewe aangebied word, — geleidelik tot alte kenbare, tot sigbare booshede omskep.

Is die Duiwel self boos, afskuwelik, verwerplik, mal? Inteendeel, die Duiwel is 'n tegnologiese genie. Hy is so koel-berekenend soos Jan Taks. Hy is 'n hoogsbedrewe, 'n sjarmante manager. Hy is 'n bouer van heilstate. Hy is 'n regmaker van voosheid in die samelewing. Hy is die groot en duursame kampvegter om die vryheid en geregtigheid. Hy is die Ligdraer. Hy is Lucifer. Hy is Legio, want hy is baie — en sy vorme is ontelbaar. Hy is ook, natuurlik is hy ook: die begenadigde kunstenaar.

Veral ook is hy die outeur: die bewaarder van die woord. Juis Mefistofeles herinner ons daaraan:

Da seht, dass Ihr tiefsinnig fasst,
Was in des Menschen Hirn passt;
Für was drein geht und nicht drein geht
Ein prächtig Wort zu Diensten steht . . .

Waarop dit alles neerkom is dat terwyl die outeur 'n spesiale taak het, inderdaad 'n verantwoordelikheid dra waarvan die kans op óf hemel óf hel skrikwekkende afmetings kan aanneem, hy geen aanspraak op 'n spesiale soort vertroeteling durf hê nie. As mens moet hy, net soos enige ander, ten volle verantwoording doen. Wie sy talent in diens van sy *amour propre* — sy selfliefde — wil stel, open nie slegs vir homself afgronde nie, maar ook, in onberekenbare mate, vir sy medemens.

Wat ons nou te doen staan is om enkele van die besondere openbarings van die Duiwel as Outeur van nader te beskou. Dit sou lonend wees om ons bekend te stel met wat De Rougemont in dié verband o.a. sê: “Jacob Boehme vertel dat die Duiwel eens gevra is: ‘Waarom het jy dan die Paradys verlaat?’ ‘Ek wou 'n skrywer — outeur — word,’ sê hy toe. “Dit was 'n skerpsinnige antwoord, as ons die verskillende betekenis van die woord skrywer — outeur — bepeins.

“Die Outeur (*in die primêre sin*) is die Outoriteit — die gesag — van alle dinge. Hy outoriseer Homself tot in die oneindige in Sy skepping. Hy vertel in sy skepping van Sy grootheid en die uitspannel verkonstig die werk van Sy hande.”

Die Duiwel wou op dié manier sy eie Outoriteit wees. Sy werk kon hy egter net maar deur *ons* hande verrig. Juis daarom is die kunstenaar (omdat hy so na die Oorspronklike sy werk moet verrig) so aan gevaar blootgestel: sodra die pen of die penseel (of welke instrument ookal) opgeneem word, is die Duiwel onmiddellik byderhand. Elke skeppende kunstenaar (maar veral die skrywer: want in die begin was die Woord) het net maar 'n geringe vermoede van die diepverborge kragte waarmee hy werk: wanneer hy bv. die keuse op hierdie of daárdie woord laat val:

hierdie of dáardie beklemtoning of ritme soek: dit wat so uit die onpeilbare baaierd van die gees na die oppervlakte styg.

“In der waarheid,” sê De Rougemont, “kom die wil om te skep, juis ook die drang om te skryf, in die diepste sin ooreen met die versoeking van Lucifer: om jou aan God gelyk te stel; om outeur in ’n selfgenoegsame wêreld te wees.”

Glorie maar ook vrees, soos Van Wyk Louw eens in ’n vers aangedui het, is hier ons besondere eksistensiële nood.

“Ons ken die Middeleeuse legende van die Duiwel wat tussen die werkers wat aan die Katedraal bou, stene aandra,” sê De Rougemont voorts. “Ek stel my voor dat die Duiwel op sy beurt een van die stene van die Katedraal word: die groteske geutsteen, die versteende chimère wat triestig oor die vlaktes (*soos by Chartres*) heen staan . . .”

Wat ons nou moet doen is om vinnig, maar nogtans so raak as moontlik, die groteske geutstene in die gebou uit te ken. Dit is ook nie altoos so maklik nie, want hierdie versteende chimères wat so triestig oor die vlaktes heen staan, máák maar of hulle so klipsteenvas daar sit. In werklikheid loop hulle — veral in die donkerste, of as niemand kyk nie — ewe lustig rond; doen kwaad; en steek tong uit. Hulle is egte demone of demoontjies in diens van hulle Grootmeester. Hulle is nagspokies — of -spoke.

Dink maar aan die Demoon van die Nuwe Realisme. ’n Vreemde iets hierdie — eintlik. Per slot van rekening, dwarsdeur sestig is ons mos wysgemaak dat die realisme as sodanig, in die prosa altans, ’n uitgediende mode is. Daar is selfs met groot plegtigheid deur sekere literators vertel dat die *mens* in die verhalende prosa nie meer nodig is nie: abstrakte patrone, skadufigure in ’n denkbeeldige (*would be* metafisiese) wêreld wat ons alte graag soms as ’n ’speurtogte na die syn’ wou beskryf, sou nou die nuwe en groter werklikheid vergestalt. Hoe raar. Want juis toe hierdie nuwe lig so in die literêre gemoed begin opgaan, ontdek ons toe ook dat die Afrikaanse letterkunde — nee, die letterkunde in die algemeen — nog geensins die *total human experience* (die uitdrukking is eintlik onvertaalbaar) gedek het nie.

Gedek het nie, ja . . . Want byna vanselfsprekend bly dit toe dat die eintlike onontginde terein dié van seks is. Seks moes dan dadelik en in volle maat ‘oopgeskryf’ word. Daarmee is eintlik bedoel: hoe meer eksplisiet hoe beter: selfs tot die punt toe waar ’n besoekende minnaar deur sy minnares van die voordeur af tot in die binnekamer aan die phallus rondgelei word.

Nou moet my nie verkeerd verstaan nie: ek kan my goed voorstel dat as so iets, soos inderdaad in die klassieke *Lysistrata* plaasgevind het, met ’n rein-komiese oog gesien is, dan kon dit nogal komiese sin gehad het. Maar die bepaalde toneel was glad iets anders: dit was maar ’n deel van ’n groot aanbieding van seks as religie — of kamma-religie. Hieroor het De Rougemont tereg gesê: “Wanneer seks suiwer d.w.s. bloot biologies soos die ander lewensfunksies bly, sou die Duiwel niks daarmee te doen hê nie. Vrolike ontug is sonder twyfel een van die mins duiwelse van die sondes. Dieselfde kan ek nie sê nie van

bepaalde pseudo-mistieke liefdes, drogredenasies, waardeur die Slang met genoë kronkel.”

Die volle menslike belewenis . . . The total human experience . . .

Die vraag moet ons stel: hoedanig is dit inderdaad moontlik, sonder dat ons onnoembaar teen die goeie smaak begin sondig? Laat ons op die lekker banale vlak van die Amerikaanse handelstelevisie 'n voorbeeld neem. Ons haal aan uit 'n skrywe van Harlow G. Unger in dié verband “That's why American television stations, which devote as much as one third of every hour to advertising now disgust viewers with vivid adverts for products dealing with armpit odours, haemorrhoids, upset stomach and gas, diarrhoea, foul breath, dirty underwear, and an incredible array of other personal bodily problems. Sanitary napkins, anti-lice powders and sprays, anti-fungi (remedies), laxatives and endless other personal-care products are advertised at almost all hours of the day. And now Americans can hear all about male contraceptives as well . . . Right now the advertisement is a 30-second film of a man and woman, skipping slowly, hand in hand, across the meadow. Soft sweet music helps them on their way, while the suitably pious voice of the narrator quotes the biblical passage: *To everything there is a season, and a time to every purpose under the heavens . . . and (so) urges planned parenthood. Naturally he suggests (the particular product) as a way of achieving that end.*”⁴ Let wel hoe dit weer op die hoogste vlak beweeg: in diens van 'n lydende mensdom.

Terwyl ons ook in ietwat verbysterende oormaat tydig en ontydig aan die ‘oopskryf’ van die ‘volle menslike belewenis’ die afgelope jare deelgeneem het, die een eksplisieteer as die ander (Op aarde! In die lig van al hierdie getuienis kon daar waar-agtig dáár by die Broederstroom en elders gekla word dat die Afrikaanse skrywer deur rade en raadjes inderdaad in sy styl *geknel* word?) . . . terwyl ons dan in volle, in ruime maat die funksies van die menslike liggaam tot in elke oordadige besonderheid geëksplorieer het, moes ons met 'n sekere heimwee terugdink aan 'n groot roman soos *Anna Karenina*, waar dit ook in volle maat oor die verhouding tussen die geslagte gaan.

Van hierdie groot, klassieke kroniek van menslike passie, sê die Engelse romanskryfster en kritikus, Pamela Hansford Johnson: “One of the most moving and truthful scenes in the book is when having had intercourse with her lover for the first time, she (Anna) is sick with remorse and fear: so much joy has become commingled with so much suffering and guilt. It is wonderful: we do not *see* it, nothing is spelled out in physical detail as it could be in our own time, but we feel it to the heart . . . An idea has been going around for all too long that if we use the coarser sexual terminology we thereby somehow ‘liberate ourselves’. This has a cheapening effect . . .” Mooi op die spoor, het die mees uitgetrapte voetpaadjie in die gebruik van die Afrikaanse woord dié teen die Venusberg uit geword.

Die Demoon van die Nuwe Realisme is natuurlik 'n dubbeldoor van 'n vent: sy alternatiewe naam is: Demoon van die Handel in die Woord. Want één ding is ook seker: 'n yslike stuk van die eksplisiete seks soos dit tans ook hier te lande, op sy Afrikaans, voorkom,

kon maar geblaai gewees het, sonder dat die bepaalde prosawerk wat sy literêre waarde betref na die een of die ander kant toe enigins ge-
raak sou gewees het.

Op die vraag waarom dit dan hoegenaamd met soveel nougeset-
heid, tot die punt van geïktheid, van doodgewone verveling, sy ver-
skyning gemaak het, kan ons miskien 'n aanduiding in die filmbedryf
vind: op sy eie manier werk dié ook maar met die woord. Het ons
nie onlangs verneem dat vir die buitelandse mark die filmweergawe
van C. M. van den Heever se *Somer*, met mej. Kriel in die hoofrol, van
'n eksplisiete passietoneel (as 'ekstra') voorsien sou word, soos die
skrywer van die verhaal hom in sy mees angsvolle oomblikke seker
nooit kon voorgestel het nie?

Regverdiging vir hierdie stap is eenvoudig: die buitelandse *mark*
verwag dit. En buitendien sou dit met groot smaak en tederheid ge-
doen word: alles eintlik ter verdere stigting van die fliëkanger.

Hollywood het per slot van rekening die breë pad lank reeds
ooggemaak in sy massale poging, met die aanslag van TV, om sy
wankele finansiële koninkryk te stut. By Hollywood het dit natuurlik
ook nie gebly nie.

So was daar toe die lenige, dikwels frenetiese, ontoegewende aan-
slag op die sinne van die mens: 'persuasive communication tools (*to*)
further test public passion for intense vicarious transfer'. Daar was
hul koelberekende voorneme om met perkelose film-erotika en apoka-
liptiese geweld 'to further explore the use of the film as a graphic
visual form until every conceivable human experience has been re-
corded.' Dink maar aan *Don't look Now; Last Tango in Paris; Deep*
Throat; Charlotte; The Exorcist . . . Steeds was daar egter die er-
kenning dat dit hier eintlik gaan om 'Hollywood . . . (*fetched*) back
from the brink of bankruptcy and into healthy financial shape with
productions that appeal to the base instincts of man.'⁵

Daarmee dan is die voorbeeld ook vir die res van die filmma-
kende wêreld gestel; is daar ook rigting aan dié wat met die woord
werk in die algemeen gegee: rigting en ook regverdiging. As Mammon
dan oplaas as die ware woekeraar van die woord aanvaar moet word
(in welke vorm ookal) is dit verbasend dat ons pers — van die groen
hout! — aan 'n meisiekind nog in, of nouliks uit, haar tienderjare,
skuldigbevind aan 'n hartelose moord op 'n onskuldige vrou, vir haar
triestige verhaaltjie — vanselfsprekend ook aangebied as morele 'waar-
skuwing' aan 'n wankele jeug — 'n bedrag betaal wat die groot
meerderheid van erkende en geëerde Afrikaanse skrywers en digters
waarskynlik in 'n leeftyd nie sal kan verdien nie? Is dit verder ver-
basend dat nóg 'n onlangse tienderjarige — 'n skoonheidskoningin dié
keer — vir die infantiele kronieke van haar 'lewe' eweneens 'n be-
drag betaal word wat geen prosawerk in Afrikaans, hoe lesenswaardig
ookal, naasteby nog ooit meteen ontvang het nie? Hoe skraal het
ons waardes nie geraak nie: hoe dor, hoe droewig . . .

Nog 'n lid van hierdie intieme, veelstrewende geselskap is natuur-
lik ook die Deroon van die Groot Verstrooiing: vervaardiger van

presies die soort lektuur waarvan die genoemde onlangse-tienderjarige se bekentenisse, soos versier deur vaardige en gewillig-kletterende tikmasjiene, goeie voorbeelde was. Weer: moet dit nie verkeerd opvat nie. Knap ontspanningsprosa het 'n eerbare plek en funksie, én in terme van die geskrewe woord, én in die maatskaplike sin. Daardie moderne meester hiervan, Agatha Christie, is 'n goeie voorbeeld. En persoonlik moet hierdie skrywer daarvan getuig dat hy na hoeveel jaar, soos sy vriend Marthinus Versfeld, yslike plesier aan die *Adventures of Sherlock Holmes* by herhaling het.

Ons het hier met werklike mense in 'n werklike tyd te doen. Nee, onder sulkes — en 'n aansienlike en dikwels skitterende geselskap waarin hulle verkeer — sal jy nie die Groot Verstrooiers vind nie. As u wil sien wat bedoel word, gaan soek eerder in die lektuurrakke van ons nimmer-sluimerende kafees. Dis 'n wêreld van onnoembare Kitsch wat hier te koop aangebied word — en wie almal met vinnige bedrewenheid daaraan help vervaardig, sal niemand weet nie. As ons kan weet, sou ons waarskynlik stom verbaas staan.

Seks, sentimentaliteit, geweld is hier die oorheersende bestanddele, kru saamgeflans in wesenlose verhaaltjies in 'n wêreld wat nooit bestaan het nie.

Party is natuurlik slimmer as ander, skep wêl 'n skyn van werklikheid, trouens van morele *uplift*, maar voer die leser net maar meer meedoënloos mee in die moeras van vlak emosies en goedkoop sentiment. As daar nog 'ontspanning' hier gevind kan word, is dit teen 'n prys wat min kan bereken. Daar is 'n blywende mark, 'n hooglopende mark vir psigedelia — in enige vorm. Meer subtiel nog is die wêreld van die onbetekenende, die onbenullige. By uitstek is dit die probleem van die voorstedelike — die suburban — burgerstand. As die handelsradio ons al jarelank op hierdie wentelpaadjies gevoer het (hulle eindig altoos waar hulle begin het) lê hefaan nog voor: ons het nog maar die begin van TV ervaar.

Daar is ander Demone van die Woord . . . 'n Mens sou 'n hele verhandeling aan hulle kan bestee.

Interessantste miskien is dié wat op 'n meer verhewe vlak as dié wat reeds aangedui is, beweeg: Juis dáárom miskien vir die Outeur self 'n groter bedreiging inhou. Daar is bv. Die Demoon van die Toorn: ook bekend as die Demoon van Betrokkenheid. Want die ding met die Toorn is dat dit die outeur onmiddellik van sy primêre taak as kunstenaar, as deelgenoot in die openbaring wat die kuns is, behoort te wees, moet uitsluit. Oordeel nie, sê die Skrif: waarmee net maar bedoel word dat daar nie toegegee moet word aan daardie Tweede Groot Laai van die Duiwel, waarvan daar aanvanklik gepraat is nie: die dwaling dat die boosheid van die mens in één besondere gestalte of gegewe — Adolf Hitler; Josef Stalin; Apartheid; die Kommunis . . . vasgevang sit nie. Die Duiwel heet ook Legio: hy is oral.

. . . Ek is in jou
gevleg, gerank
soos 'n wortel in
in die donker bank . . .

Wanneer pleks van te oordeel, te verdoem, te verwerp. ons wel waardes, ook ons eie, kan bepaal; wanneer ons met 'n volle sin vir die ironie alles kan raaksien, niks sal wegsteek nie, tog met siddering voor die komiek, tragiek van die mens kan staan, is die kans op vernuwing, ook van ons bepaalde samelewing veel groter.

Ons moet maar almal weer by die Grieke in dié opsig in die leer gaan. Die klassieke drama — óf tragiek, óf as komedie — was inderdaad iets wat hulle wat dit gesien het met deernis en siddering vervul het. Daarom was dit ook 'n diep religieuse ervaring. Die moontlikhede van so iets is *a priori* verongeluk wanneer die outeur in verterende woede sy aanklag teen die booswigte slinger. Al wat hy moontlik sal regkry is om dié wat na hom luister in hulle eiewaan te verdiep; en homself uit te put.

Maar natuurlik, ná-familie van die Demoon van Betrokkenheid is die Demoon van die Apologeet: die Vaderlander wat met konsekwente getrouheid nie sal vra wát is 'n volk nie, maar te inskiklik, te emosioneel betrokke sal verkondig: Só aanneemlik, só blaamloos is my volk. Die Poet of Empire, die skrywers van die Derde Ryk se *Reichskammer für Literatur*, die Sowjet-unie se sosiaal-realiste, dié wat nog glo dat 'n toegewyde “vaderlandse” letterkunde die voltooiing van die skrywer se taak is, staan in nou verband met mekaar. Hulle deel 'n gemeenskaplike onvrugbaarheid.

In dieselfde kader, op dieselfde hoë niveau, beweeg die Demoon van die Gewete. Te kontant met die gewete, beteken dikwels net maar te veel kontant in die algemeen. Skrywers van werklike formaat wat tot die geestelike verdieping tot die vernuwing van hul samelewing bygedra het, projekteer hulself nie *bewustelik as gewete* nie.

Dis soos daardie ander interessante Puriteinse verskynsel binne die magtige omhelsing van die Amerikaanse Mammon: die sowat 20 000 Foundations, almal toegewyd besig met die besteding van biljoene dollar, om daarmee hulle goeie werke te verrig: om sodoende die gevoeligheid van hulle gewete te demonstreer. Dat die opkoms van die Puritanisme in Nieu-Engeland, soos Herbert W. Scheider so kernagtig daarop gewys het,⁶ presies gepaard gegaan het met 'n verlies aan die Calvinisties gereformeerde *sense of sin* — sondebeseft — is veelbetekend.

Laat ons hierdie vlugtige lysie voltooi met dié wat eintlik voordans: die Demoon van die *Avant Garde*.

Ook by ons het daar 'n vreemde mite ontstaan dat vernuwing in die prosa noodwendig met buitenissige stylvorms en kamma-diepsinnige abstraksie gepaard moet gaan. Miskien moes sulkes maar weer die geskiedenis van die surrealisme gaan lees het: iets wat wel, soos Uys Krige ons in die geval van Eluard daarop gewys het, tot vernuwing in die letterkunde kon lei. maar ook so maklik in 'n vrugtelose esoterisme kon ontaard.

Niks dui dit beter aan as die pogings van die voor-voor-dansers onder die *avant garde* om selfs met die *tipografie* van hulle ‘geskrifte’ (by wyse soms van collage: uitknipsels van koerantopskrifte) of somer geheime skrif, hulle groot kommentaar aan ons voor te hou. So-

doende was hulle baie soos daardie legendariese voël wat ál in die rondte vlieg, in ál kleiner wordende kringetjies, tot hy oplaas in sy eie anus moet verdwyn. Jy is so *with it*, dat jy nou-nou *without-it* word. Jy kan so verinnerlik met jou geheime buitenissighede dat jy net maar veruiterlik.

Miskien kon van ons literators wat so geleerd oor hierdie *avant garde* (veral van sestig) geskryf het, 'n slag na die werk van miskien die voorste moderne prosais in die Engelse taal gekyk het: Patrick White, wie se rustige, onversierde kronieke, vry van eksentrisiteite, wêrelde vir ons oopsluit soos geen historikus sou kon doen nie. Daarmee staan hy stewig in 'n tradisie wat van die waardevolste kultuurgoed in die geskiedenis van die Weste gelewer het.

In dié verband is dit ook insiggewend om te verwys na die kommentaar van 'n leidende Amerikaanse literator.⁷ "The past 50 years, then have seen the displacement of realism by modernism, the exhaustion in its own turn of the modernist impulse, and a somewhat desperate search for a new form in which the old ambition of literature to record 'the way we live now', to set it all down in rich and precise detail, to see the world as in itself it really is, can be renewed and invigorated . . . Imaginative literature will once again offer itself as the means by which the perennially insistent hunger for showing us how we live and what we are like can best be satisfied. I think this will happen because the logic of literary history points towards it."

Ten slotte mag ons die vraag stel: as die wêreld van die outeur ook so deurtrek van demone en demoontjies is, hoe sal hy sy taak kan vervul?

Miskien moet ons net maar weer herinner aan die woorde van Blaise Pascal: *Die Mens is 'n riet, die swakste in die natuur, maar hy is 'n denkende riet.*

En moontlik het Guido Gazelle juis dit onthou toe hy geskryf het:

O! 't ruischen van het ranke riet
weërgalleme in mijn droevig lied,
en klagend kome 't voor uw voet,
Gij, die ons beiden leven doet!

Die prys van vryheid ook vir die outeur — vir die skrywer — is ewigdurende waaksaamheid. Daarvoor is op sy beurt 'n sin vir die tragiek, vir die komiek van die lewe onontbeerlik. Dit weer is nie los te maak nie van die vermoë om ironies te lewe: wel wetende hoe wankel die beste onder ons is; hoe diep die misterie wat om ons lê; hoe maklik die menslike waan, op elke moontlike manier, buite ons vermoë om te bereken, beskaam kan word.

Juis dáárom sal dit vir die skrywer loon om die woorde van die Nasarener, gerig aan Sy twaalf dissipels kort ná die bergrede, toe hulle met hulle sending moes begin, te bepeins: *Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.*

Dit kos 'n hele lewe, ook van die outeur, om die draagwydte hiervan te begryp.

Herfsskool, Stellenbosch, April 1976.

-
- (1) In 'n reeks artikels in **Fortune Magazine**: 1956.
 - (2) **Time Magazine**, 5 Desember 1969.
 - (3) Gen. 3.
 - (4) **The Cape Times Magazine**, 23 August, 1975.
 - (5) Marilyn Beck, Hollywoodse joernaliste, rubriekskryfster; Dr. Elsworth Redinger, Professor van Engels aan Pierce College, Los Angeles.
 - (6) **The Puritan Mind**, Ann Arbor.
 - (7) Norman Podhoretz, in **Dialogue**, nr. 4 van 1974.

TERUGKEER EN TJENKERIENTJEEES

Verslag van 'n Vakansie

Dié keer het my bagasie bestaan uit net twee kleinerige koffers, 'n ydelheidstassie — soos my reisgenoot Alet, stoere puris, die bergplek van allerlei towermiddels gedoop het — en 'n lang, platterige kartondoos vol luggate. Ek was onderweg na die stad van my hart. Vier jaar het ek daarvoor gewag en daaroor gedroom: dié dag dat ek sou teruggaan om herinnering aan werklikheid te toets, om te gaan vasstel of daar iets is wat bly — onveranderd en onaangetas.

„Alet”, het ek 'n paar keer byna dreigend gesê, „jy moet sien, ek gaan nog die kartondoos vergeet.”

Op Jan Smuts klou ek hom dat die tou wat stewig daarom gebind is byna my vingers sny. Uiteindelik is hy veilig op die Boeing 707 vir die vlug Johannesburg — Amsterdam. Schiphol sien my terug na vier jaar — vier lang jare! My hart begin onstuimig klop. Ons het ongeveer twintig minute bo die stad gesirkel, so dig was die miskomers wat my uitsig bederf het. Met my gesig vlak teen die ruit het ek my oë gestrem om iets te probeer sien: af en toe 'n flits van groen, 'n rooi teëldak, water. Terra firma. Ek is op pad na Paspoort-kontrole. Meteens word my naam oor die luidspreker geroep. Ek draai om. 'n Blonde Hollander in 'n blou KLM-pak kom my tegemoet — in sy hand hou hy die klein koffertjie! Hy skud sy kop bedenklik:

„Vrouwen! Vrouwen!”

Ek glimlag. My eerste glimlag van herkenning.

By my het ek twee koffers, 'n ydelheidstassie en . . . 'n kartondoos. Die kartondoos dan. Die Sondag voor my vertrek die daaropvolgende Maandag het ek middagete geniet by ou, vertroude vriende, 'n bekende Stellenbosse familie. Dit was soos altyd 'n feestelike geleentheid en bowendien was ek in 'n feestelike stemming. Met gloeiende wange het ek gestraal bo my wyn: Môre gaan ek Amsterdam toe!

Meteens vra Tant Liesbeth: „Lina, wil jy nie 'n bos tjenkerientjees saamneem vir jou Hollandse vriende nie? Dit groei nie daar nie en ek is seker hulle sal baie daarvan hou.”

Ek weet nie of ek wil nie. Sal ek so 'n bos blomme kan hanteer? Ek glimlag vraend.

„Dis blomme wat baie lank mooi bly”, verduidelik Tant Liesbeth, „en as jy dalk 'n kansie kry om 'n bossie vir mev. Holleman te neem, sal ek bly wees. Maar jy moet dit glad nie as 'n verpligting voel nie.”

Ek sê finaal ja. Ek sal. Met graagte. Ek is baie lief vir Tant Liesbeth. Sy is een van daardie heerlike mense wie se gees nooit uitgedoof sal raak nie. Sy bly jonk. Haar geesdrif vir blomme en die letterkunde het saam met haar lewensdrif gedurende die vyftien jaar wat ek haar ken niks minder geword nie. Potplante floreer onder haar hand. Jare

lank verbly haar blomme ook reeds my hart — meestal pienkes, omdat dit my geliefkoosde kleur is. Maar al is hulle vir my mooi, ken ek hulle name beter uit gedigte as uit die werklikheid.

Ek kan 'n kat vertroetel dat hy gedy, maar nie 'n blom nie. Ek kan hoogstens met vreugde na hom kyk. Al my potplante gaan dood. Ek vergeet van blomme en plante se behoefte aan water totdat ek beskaamd voor hulle staan, beskuldig en veroordeel deur hulle verskrompelde blare en hangende koppies. Ek kan nie tuin maak nie. Sedert ek „gelykvloers” woon — soos die Hollanders sê — is ek my daar pynlik van bewus. My woonstel se een deur verleen toegang tot 'n stuk van die tuin, maar ek, bevoorregte, steek nooit self 'n hand in die grond nie. „Die paradys na die sondeval”, het 'n vriend eenmaal ironies opgemerk. My kat en sy buurmaats strek hulle uit in die lêë blombakke op my stoep vir 'n daaglikse sonbad. Maar van my twyfelagtige vriendskap met blomme is Tant Liesbeth haar salig onbewus.

Oom Johannes snap wel intuïtief hierdie menslike tekort, hierdie onvermoë. En my onhandigheid. Hy dring daarop aan dat die blomme in 'n kartondoos verpak word. Tant Liesbeth en haar dogter, my vriendin Magriet, sny die te lang steeljies, versigtig en met piëteit, en lê die tjenkerientjies kruis en dwars; dit wit kelkies so dat hulle nie druk nie. Party is al mooi oop, ander nog groen en geslote met die belofte van latere vol, wit skoonheid.

Ek kry ook mev. Holleman se adres: 'n huis vir bejaardes in Amsterdam-Oos. Amsterdam-Oos! Vir 'n vlugtige sekonde vertroebel my vreugde. Geen mens kom ooit in Amsterdam-Oos nie, behalwe dan ter wille van die mense wat daar woon. Ek het net een keer by my vriendin Annemarie se moeder in dié buurt gaan koffie drink — bekende Hollandse oggendritueel. Mev. Holleman sal dus weer 'n spesiale besoek word. Ek vra nie wie sy is of hoe dit kom dat Tant Liesbeth haar ken nie. Ek vra nie na haar verbintenis met Suid-Afrika nie. Ek dink net aan Amsterdam-Oos: op die verre randgebied van alles wat vir my Amsterdam is — die gragte en die bruggies, die gewelhuise wat skommel in die water, die geluid van die draaiorrel en die carillon. Hoe, o hoe, kom ek in Amsterdam-Oos sonder dat een van die kosbare, langverwagte dae daaraan verlore gaan? Onverwoesbare blommertjies van Afrika, hoe kry ek julle daar?

Aankoms in die stad. By Huize de Moor op die Prinsengracht word ek en Alet verwag. Ons teken ons name in die register. Ek groet en proe stamelend aan my verroeste Nederlands. Ek ken die familie wat die hotel besit en bestuur goed. Van September tot Oktober 1968 het ek in Huize de Moor ingewoon totdat ek in Beethovenstraat 'n kamer te huur gekry het. Ek en Alet dra ons bagasie die smal wenteltrap langs, drie verdiepings na bo! Alet kreun en steun 'n bietjie meer as ek; ek wéét, ek onhóu. Die opwinding pak my behoorlik beet. Ek kan nie gou genoeg van my bagasie ontslae raak nie. Jas aan. Mus op. Tjenkerientjies uit die doos binne in die wasbak — voorlopig dan. Ek haal vir mej. de Moor 'n bossie uit.

Sy is bly oor die blomme, beskou dit met nuuskierige bewondering. Inderdaad, hulle is in Nederland onbekend.

Uiteindelik staan ek en Alet buite op straat. Die koue slaan mens teen die gesig. Die lug is reëlmatig grys, maar dit reën nie; die „stopverfgrou” waarvan Elisabeth Eybers praat. Maar vir my is daar niks triest aan die dag nie. Dis die dag van my terugkeer. Ek is gereed om op my ou spore te loop. Ek wil vir Alet die stad van my hart gaan wys.

Net om die hoek van die Prinsengracht, in die Vijzelstraat, is Macrander: Banketbakker en Tearoom. Die „tearoom” beteken o.a. dat mens daar egte Engelse tee kry: sterk met ’n behoorlike rooierige kleur en genoeg melk. (In dié opsig het ek stoer Suid-Afrikaans — of dan teen wil en dank „Engels” — gebly: ek het nooit ophou gril vir die kleurlose vloeistof met die druppel vaal-verkleurende melk daarin, wat die Hollanders „tee” noem nie). En dan die lekkernye: mokkatertjies, appelgebak, pannekoeke, en natuurlik sjokola van allerlei aard; die geurigste wat mens jou kan voorstel — witsjokola, melksjokola, bitter-sjokola . . . allerhande sjokola! Boonop kan mens op ’n wintersdag daar dik warm „erwtensoep” eet; ja *eet*, sulke sop drink jy nie! Dít en appelpannekoek is dan ook die keuse vir my eerste Hollandse „lunch”, maar lekkerder as dié koningspyse is mnr. Macrander se herkenning. Bedrywig aan die beweeg tussen die gewone bewoonde huisgedeelte bo en die restourantgedeelte op straatvlak, dan heen en weer tussen die toonbank voor en die kombuis agter, gaan hy meteens staan. Sonder ’n oomblik se huiwering, sy hand gul uitgestrek, kom hy op my af:

„Zuid-Afrika! Hoe lang is dit nu weer geleden?”

As Alet die kans kry om ook iets by te dra tot die gesprek, spreek sy haar verbasing uit dat hy my na so ’n lang tyd nog dadelik herken het.

„O wel”, antwoord hy, „zij was hier ook iedere dag.”

Ek lag. Dié Hollandse humorsin ken ek! Dit is deel van die gesellige, gemoedlike omgang met ’n tikkie van die tipiese nugterheid, die onvermurfbare Hollandse eerlikheid. Dis vir buitelanders, by name Afrikaners, nie altyd ewe maklik hanteerbaar nie. Dit betrap hulle gereed onkant. Miskien het ons in die openbare omgang te veel Engelse ordentlikheid en beskeidenheid aangeleer. Ek het daar geen las van nie, veral nie in Amsterdam nie. Ek lag hard as ek wil hard lag. En as ek kan, slaan ek die kwinkslag terug. Maar nou lag ek net. Mnr. Macrander sal my nog dikwels in sy „tearoom” sien. Ek sal my nie by herinnering aan my destydse „molligheid” — sagkens gestel — tot versigtigheid laat maan nie. Terug in die vaderland sal ek maar ly wat onvermydelik moet volg.

Later die middag, voordat dit donker word — en in die winter is dit vyfuur al goed donker en begin die straatligte brand — haal ons tram 24 na Amsterdam-Zuid. Twee jaar lank was dit my leefruimte. Ek ken byna elke duim van hierdie verruklike stuk Amsterdam. In die lente bloei die krokusse op Minerva-plein en Olympiaplein: ’n veelkleurige plaat van skugter blommertjies wat maar ’n paar duim bo die grond kop-uit steek.

Ek het nou by die terugkeer die res van die bos tjenkerientjies in die holte van my arm. In hierdie buurt is die Jan van Eijckstraat waar my vriende die Vissers nou reeds ses maande, sedert die Hollandse somer, woon. Hulle Europese jaar is amper verstreke, oor twee weke gaan hulle terug Suid-Afrika toe. Ek is gretig om hulle weer te sien; hulle briewe was vol van die verrukking oor hierdie stad.

Waarin presies lê die bekoring van Amsterdam wat mense so aan hom verslaaf? Ek herleef Jan se stadwandeling soos wat hy dit in een van sy briewe met die skerp blik van 'n kunsskilder beskryf het:

„Ek het aangestap verby die bruggies, langs die ou huise met hulle gewels en hortjievensters, oor die ongelyk keisteenstraatjies . . . Weet jy, ek dink toe vir die eerste keer dat dit juis Amsterdam se sjarme is — die ongelykheid — geen absolute horisontale of vertikale, geen reguit lyne nie, maar krom en skeef en skuins. Selfs die huise leun teen mekaar of gevaarlik oor die straat. Ja, die water in die kanale moet natuurlik waterpas lê, maar hier verloor mens jou sin vir waterpas . . .”

Ook ek is my sin vir waterpas kwyt, maar ek wonder tog vaagweg of Daleen 'n blompot sal hê, groot genoeg vir al die tjenkerientjies. Ek moet darem nog vanaand die wasbak gebruik — die reis en die moegheid en die opwinding van my afwas. Intussen kan hulle Daleen se hart verbly en haar instem op die terugkeer na die vaderland — totdat ek die geleentheid kry om hulle na hulle werklike bestemming te neem: mev. Holleman in Amsterdam-Oos.

Nadat ek lank genoeg gedrentel en gedraal het, my gedagtes ver weg, terwyl ek eerder met myself praat as met Alet, druk ons die klokke by Jan van Eijckstraat 41. Die familie Visser is verheug om ons te sien. Daleen rangskik die tjenkerientjies: hulle is wit en vrolik. Ek is meteens bly oor hulle. Dis gebruiklik om in Holland blomme of sjokolade saam te neem as jy gaan kuier. Daar is oral in Amsterdam blomwinkels of sogenaamde „bloemenstalletjes” op straat. Veral by die een stalletjie het ek dikwels met die oog op 'n besoek blomme gekoop. Soms tulpe, soms affodille, maar altyd, as hulle daar was, van die salmpienk rose — die mooiste, mooiste rose wat ek ooit gesien het. Ek sou vir Daleen daarvan gekoop het as ek nie in besit was van die bos tjenkerientjies nie.

'n Week later meld ek my weer by die Vissers aan; die Vrydag voordat Annemarie Amsterdam toe kom. Haar voorstel om saam met ons die stad te verken, was 'n verlossing! Die tjenkerientjies kon deur haar by mev. Holleman uitkom; haar man en kinders sou tydens ons rondwandeling by haar moeder kuier — in Amsterdam-Oos. Die mooiste tjenkerientjies uit Daleen se blompot is die Vrydagnag terug in my wasbak. En sy het 'n bossie salmpienk rose as vergoeding.

Die Saterdagmiddag laat is ek nie meer heeltemal so gelukkig oor die blommetjies nie. Hulle is nog mooi, maar die fleur is bietjie af. Ek wil dit skaars erken. Érens diep binne-in knaag 'n vae skuldgevoel. By die *bloemenstalletje* oor die bruggie bo die Prinsengracht koop ek 'n bossie goudegeel asters. Ek voeg dit by die tjenkerientjies. So versoen ek Holland en Suid-Afrika. Son en sneeu. Ek skryf 'n kaartjie aan

mev. Holleman: sê ek is van Suid-Afrika, Stellenbosch spesifiek, dat ek in Amsterdam op herbesoek is na my studietyd, en vir haar die tjiengerientjies saambring het. My opvoeding dring hom op. Die hoogste premie was altyd op eerlikheid. Ek kan nie loskom nie. Onwillekeurig skryf ek dat ek die blomme reeds tien dae het en dat dit my diep spyt dat ek nie 'n manier kon vind om dit eerder by haar te besorg nie. Daarom voeg ek die bossie geel asters by — uit skuldgevoel — en hoop dat sy vreugde daaraan het.

Daar is inderdaad blydschap in mev. Holleman se stem as sy my die volgende oggend bel om dankie te sê! Die blommetjies onthou sy so goed; hulle het in plate gestaan digby hul destydse huis op Stellenbosch, en sy is veral so bly om dit via my van haar goeie vriendin te ontvang . . . en:

„Juffrouw Spies, het zou zo leuk zijn, als u een keerje bij mij op de koffie zou willen komen.”

Ek het 'n eienaardige blokkade. Dat dit iets besonders, selfs vreemds, is dat hierdie Nederlandse vrou skynbaar lank op Stellenbosch gewoon het, registreer nie by my nie. Die van bly sonder herkenbare weerklank. Buitendien het ek Tant Liesbeth niks gevra nie. Nou nog is daar geen pols van nuuskierigheid nie; ek is te volkome in beslag geneem deur my terugwees. Verwysings na die vaderland maak geen sin nie. Vir 'n kort tydjie wil ek, soos vier jaar gelede, weer net 'n Amsterdammer wees. Sê's weke — en twee daarvan is al weer byna verby! Ek wil mev. Holleman nie tegemoet kom as sy met my probeer Afrikaans praat nie. Dat dit ook uit herinnering en heimwee kan wees, dink ek nie aan nie. Stoer praat ek my eie Nederlands, werkwoordfoute ingesluit, met my hoë, singende Afrikaanse toon. Ek sê ek kan regtig nie kom koffie drink nie, ek het dit so druk met besoek by al my ou vriende en boonop gaan ek die volgende week Parys toe; die enigste week weg uit Nederland. Maar ek sal darem probeer . . .

'n Week later neem ek my swaar koffer na Marijke in Leiden. Dan het ek net my klein koffertjie vir die Paryse besoek nodig. Die kartondoos lê — gelukkig! — nie meer op my gewete nie.

Ons gaan dié aand in Leiden uiteet. Dit was Marijke se voorstel en ons is albei bly oor die aand en die weersien, maar daar is by haar ook 'n tikkie teensin.

„Leiden”, deklameer sy in haar pronte Afrikaans — sy was vyf jaar in Suid-Afrika — „is 'n vreeslike plek as mens hier dosent is. Jy word oral in die openbaar deur studente herken. Nes Stellenbosch.”

Sou ek dan nie weet nie! Dis juis waarvan ek nou ses weke lank ontvlug. Ek voel heerlik vry en ek begryp Marijke se behoefte aan anonimiteit.

Dis 'n klein gesellige restaurant. Die kapstok is swaar van al die wintersjasse en musse. Binne vyf minute kom daar 'n tafel vir ons vry. Oor die rooiwijn heen gee Marijke haar saam met my oor aan die sfeer. Ek kan sien hoe sy haar ontdoen van 'n moeilike werksdag — klasgee, fakulteitsvergadering; dinge wat nou ver van my lê. Sy vergeet

die bedreiging van 'n moontlike herkenning. Die spyskaart is groot op die muur geskryf. Ons bestel. En ons gesels. Ons gesels met al die drif van mense wat mekaar lank nie gesien het nie en wat na die skeiding geen sweem van vervreemding ontdek nie. Ons praat oor alles wat ons met mekaar kan deel: twee lande, twee tale, twee kulture, baie gemeenskaplike liefdes. Ons lag hard en baie. Sommer oor die lekkerte van die aand. Omdat dit goed is om te lewe. Ons praat al harder. Ek herinner my meteens dat sy nie graag deur bekende studente gesien wil wees nie.

„Het jy nog niemand herken nie?”

„Dusver nie.”

'n Onheilsvraag. Die tafel langs ons s'n is intussen ontruim en deur nuwe gaste beset: 'n man en twee seuns. Ek het dit terloops waargeneem. Meteens draai die man hom na my:

„Waar kom u vandaan?”

Natuurlik: die herkenbare „leuke kindertaaltjie”! Net afwykend genoeg van gewone Algemeen Beskaafde Nederlands om oral aandag te trek. Onnosel van ons om so hard te praat. Maar onmiddellik besef ek: die man het, ondanks 'n opvallend Nederlandse voorkoms (sigaar en al), met my Afrikaans gepraat! As hy Afrikaans praat, weet hy dat ek uit Suid-Afrika kom. Ek antwoord heeltemal stompsinnig:

„Stellenbosch.”

Die pleknaam hang in die lug. Onvoltooid. Byna onbeleef.

„Wel, ek kom ook daarvandaan.”

Ek kyk Marijke verdwaas aan. Dis tog geen Afrikaner hierdie nie; iets weersprek dit, maar sy Afrikaans is so vlot, so onberispelik, so sonder Nederlandse aksent soos haar eie! In Nederland is ek altyd bereid om mense te ontmoet, is ek vol durf — byna-oormoedig — maar nou voel ek vreemd ongemaklik. Ek fluister half agter my hand vir Marijke: „Ek moet seker vra wie dit is?” Dan draai ek na die man. Die vraag wil-wil homself op Nederlands vorm. Ek beheer my tong; ek praat Afrikaans.

„Holleman.”

Weer so 'n los woord wat klink soos 'n onverstaanbare lettergreep. Dit wek by my geen herinnering nie. Marijke se gesig is so leeg soos myne moet wees.

„Miskien is ek by u beter bekend onder die naam Holmer Johansen.”

Holmer Johanssen! Ek voel hoe my warm wange nog warmer word. Al my traagheid is weg. Byna stamp ek my wynglas om. Of ek nie sou weet wie hy is nie! Anderhalfjaar gelede het ek nog sy *Ontferdes* in 'n prosakursus met nagraadse studente behandel. 'n Sober boek wat die destydse armblanke vraagstuk so behandel dat die Afrikaner daaruit

voortkom met waardigheid. Heeltemal anders as die aardse Ampie. Miskien ook met minder dimensie. „Met Europese waardigheid”, het ek destyds gedink en dit op een of ander wyse in verband gebring met Antoon Coolen se *Herberg in 't Misverstand*.

„Natuurlik ken ek u! Ek gee klas in die Afrikaanse letterkunde op Stellenbosch!”

„Met Holmer Johanssen oog in oog”, sê een van die jongmans, vol duidelike plesier in my stomme verwondering.

Die spontaneïteit waarmee ek oor *Die Ontferdes* praat, kan geen twyfel laat oor die egtheid van my bewondering nie. Hy sê gewoon en rustig:

„Ek lees sommige gedeeltes daarin ook nog met plesier.”

Die gesonde streep nugtere Nederlandse selfwaardering.

Meteens besef ek dat die oomblik gekom het dat ek my darem ook self moet voorstel. Ek noem my naam — weer so 'n bietjie onbeholpe. Dis asof ek nie die regte inleidingswoorde het nie!

Daar kom 'n vonkel in sy oë:

„O, dan is u die juffrou wat die blomme veertien dae laat vir my moeder geneem het!”

Mev. Holleman! Ek kyk vir die eerste keer in 'n hele paar minute weer na Marijke. Sy ken die verhaal van die tjiengerientjies se reis na Amsterdam-Oos. Ons begin albei gelyk te lag. En dan was sý die een wat nie herken wou wees nie!

Toe ons almal bietjie bedaar, stel Holmer Johanssen my voor aan sy twee seuns: Frederik en Arnout. Hulle is duidelik nog nie uitgelag oor die hele vreemde toeval nie.

Nou gesels ons soos bekendes. Sy vrou is 'n Afrikaanse meisie. Op die oomblik is sy by haar moeder in Suid-Afrika. Dit word nog gekker:

„Ken u nie miskien my skoonmoeder nie? Mev. Sem?”

Is dit werklik moontlik? Ons bly in dieselfde woonstelgebou, Molenvliet. Meer nog: ons ken mekaar goed. En nooit het die drade bymekaar uitgekom nie. Dit moes bly vir vanaand. Vir 'n aand in Leiden. In 'n studenteresaurant by kerslig en rooiwyn. Vir my terugkeer na Nederland.

Ek word meteens ernstig. In die kort tydperk van twee jaar het ek verbintnisse aangegaan in Nederland wat my nooit weer sal loslaat nie. En miskien is die blywendste die groot omvattende liefde vir die land self met al sy mense — die universele verbintenis. Maar ek hoort elders. Net my verste wortels is hier. My vaderland is die sonnige suide van 'n ander vasteland. Ek wil nêrens anders woon as op Stellenbosch nie. Daar is my werk. Daar is my geluk. En tog bly Amsterdam roep.

„Voel u dit nie soms as 'n konflik aan nie; u verbintenis met albei lande?”

Hy hoof my nie te antwoord nie; doen dit ook nie, troef, inteen-deel, my onnodige, onbeskeie vraag op 'n ander manier:

„Het u nie partymaal genoeg van u Nederlandse vriende nie? Kry u nie soms lus om die hele landjie in sy peetjie te stuur nie?”

Ek skud my kop stadig, ontkennend. Nee, daarvoor was ek nog nooit lus nie. Arnout en Frederik skaterlag hul goedkeuring. Holmer Johanssen glimlag begrypend. Die volgende dag sou hulle per vliegtuig met vakansie Suid-Afrika toe vertrek.

Veel later staan ek en Marijke weer buite in die koue naglug.

„Wel, dit is erg,” kommentarieer sy, „selfs vir Leiden!”

Op dié late uur ry ek en sy terug na haar kantoor om te gaan vasstel presies wie die heer Holleman is, behalwe nou die Afrikaanse romansier Holmer Johanssen. Hy hoort kennelik ook by die Universiteit van Leiden. Ons raadpleeg die jaarboek: J. F. Holleman, professor in vergelykende reg.

Die legkaartstukkies het mettertyd die prentjie voltooi.

Holleman senior is in Suid-Afrika gebore, maar het later na Bata-via gegaan waar sy seun Hans — Holmer Johanssen — gebore is. (Sy moeder was Nederlands, mev. Holleman vir wie ek die tjiengerientjies moes neem!) Na die Bataafse jare is hy as professor na die Universiteit van Leiden sodat Hans sy verdere skoolopleiding in Nederland ontvang het. Die geboorteland het egter so sterk bly trek dat prof. Holleman bereid was om die beroemde Leidse hoogleraarstoel vaarwel te sê vir 'n gewone doseerpos op Stellenbosch. 'n Vreemde verwisseling het plaasgevind. Hans het tydelik in sy vader se plek waargeneem toe dié as gasdosent in Australië was, daarna is hy aangestel as professor aan die Natalse Universiteit en uiteindelik het hy Suid-Afrika verlaat: terug as professor na die Universiteit van Leiden. Vir vader en seun is vertrek en bestemming omgeruil. Merkwaaardige verhaal! En dan wou ek my uitspreek oor die versoening van twee liefdes.

* * *

In Marijke se woonstel het ons nog lank nabeiragting gehou. Ek het met dankbaarheid gedink aan die tjiengerientjies. Meteens het ek die gedig onthou wat ek vir Alet geskryf het gedurende ons eerste Amsterdamse week. Sy was reeds weg, verder op reis deur Europa. En Jan en Daleen en hul drie dogters terug in die vaderland.

„Marijke”, sê ek, „ek wil gou vir jou my jongste gedig gee om te lees. Die titel is „Terugkeer” en dit gaan oor Amsterdam en pienk rose, maar dit kon net sowel Leiden en wit tjiengerientjies gewees het.”

Sy vat die vers by my aan:

„Daar's rose in die slaghuis,” sê Alet
en ek wat gids speel terwyl ek spog
ek ken die stad soos 'n stokou ingesetene
gaan staan verbaas stil voor die vensterraam.

Wat weet mens in die verligte binnekant
— die vrou tjies wat op hul inkoopbeurt gesellig wag —
van skaapslag op 'n boereplaas,
die vlymskerp lem, van dood en bloed?

Die rooi is netjies in skakerings hier verpak,
die Schnitzel met ligbruin krummels reeds bedek
en selfs die naam is soveel meer subtiel: 'n *slagerij*.
Die versagting word voltooi deur vleessalade in wit mayonnaise.

Wat soek ek weer in hierdie popspeelland?
Teruggekeer met Schwärmerei wat skaars behoorlik is,
pas ek dan beter hier as in die ruimtes tuis?
Voed mis en koue meer as helder lug en son?

Nee, mens is soms meer betrokke
by jou hart as by 'n land
en partymaal vlug jy vir iets anders
as 'n revolusie en 'n kontinent.

Pienk is die sagste uiterste van rooi.
„Daar's rose in die slaghuis,” het Alet gesê.
„Kom,” antwoord ek uiteindelik en weet
die selfvoldane gids is dié keer rondgelei.

Ek loop haar ligvoets agterna
oor die bekende bruggie bo die Prinsengracht.

„Mooi”, sê Marijke.

Ek glimlag.

„Weet jy wat”, sê ek met skielike nuwe opwinding, „die selfvoldane gids gaan sowaar by mev. Holleman in Amsterdam-Oos koffie drink!”

*Amsterdam, Desember 1974 —
Stellenbosch, Mei 1976.*

“ALGAANDE NA DIE VER RUIM LIG”: aantekeninge by *Bart Nel*

1.

Oor weinig Afrikaanse romans heers daar soveel eenstemmigheid onder kritici as oor *Bart Nel*; en sedert A. P. Grové reeds in 1953 een van die eerstes was wat Van Melle se voortreflikheid pertinent onder die aandag gebring het (“Van Melle se romankarakters” in *Ons eie boek*, later opgeneem in *Oordeel en vooroordeel*), is ’n hele reeks min of meer uitvoerige besprekings al spesifiek aan *Bart Nel* gewy. Veral sekere aspekte van die roman is uitgesonder vir aandag:

Die kenmerkende tydskonstruksie — waardeur afwisselende hoofstukke of hoofstukonderdele as’t ware aan Bart en Fransina afsonderlike “tydruimtes” toeken waardeur hul geskeidenheid benadruk en verhewig word — is deur verskeie kritici ondersoek, veral deur J. C. Kannemeyer in ’n indringende hoofstuk in *Die stem in die literêre kunswerk*; ook deur Elize Botha se Van Melle-opstel in *Perspektief en Profiel*, W. F. Jonckheere se Blokboek oor *Bart Nel en Verspeelde Lente*, e.a. En in *Aspekte van die Nuwe Prosa* en Lindenberg se *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde* het ek self vlugtig probeer aandui dat hierdie tydspatroon meebring dat Bart en Fransina eintlik ook elk draer van ’n aparte werklikheid word (as mens Margaret Church se verband tussen tyd en realiteit aanvaar¹ — ’n vroeë Afrikaanse wegbereider vir dié later werke waarin relativering van “die” werklikheid ’n struktuurbeginnsel word.

Die verhouding tussen die figure in hierdie roman, spesifiek Bart Nel self, en die omringende ruimte het óók met verloop van tyd heelwat aandag opgeëis: hier sou veral Elize Botha se reeds genoemde opstel, P. D. van der Walt se “Die wye eensaamheid in *Bart Nel*” (*Mené tekel*) en Ernst Lindenberg se “Van Melle se rebel” (*Onsydige toets*) ter sake wees: in die genoemde opstelle word gewoonlik gekonsentreer op die wyse waarop Bart of ander figure telkens as klein gestaltetjies in ’n baie groot, vereensamende ruimte geteken word, wat die futiliteit van hul dade, hul klein “rebellie”, aksentueer. Ook die ruimte het dus ’n relativierende funksie.

In aansluiting by die bostaande is bowenal uitvoerige aandag gewy aan die “karaktertekening” as sodanig: dit is die uitgangspunt van Grové se hele opstel en eintlik hoofsaak by Lindenberg, Botha, Kannemeyer en Jonckheere. Veral word dan aandag geskenk aan die wyse waarop Bart Nel ’n Jobfiguur word van wie alles afgestroop word. Hoewel dit selde so gestel is, is die essensie van dié proses natuurlik dat Bart, soos Timmermans se Wortel in *Boerenpsalm*, eintlik alles moet kwytraak wat hy “het” ten einde gelaat te word met net dit wat hy “is”. Maar nou is dit opvallend dat byna ál die betrokke kritici òf eksplisiet òf implisiet Bart se groot slotwoord (“Ek is Bart Nel van toe af, en ek is nog hy”) op sigwaarde aanvaar — hoogstens met die kwalifisering dat hy ín die proses darem ook veel wysheid gleeer het en geryp het tot “a sadder and a wiser man”. En hierbý

word meermale aangevoer, soos ek self ook al gedoen het, dat Bart in die loop van die roman t.o.v. *formaat* ontwikkel — vanaf 'n koppige en eiesinnige man (teenoor sy vrou) en 'n politieke rebel (teenoor sy regering) tot 'n grootse metafisiese opstandeling wat nie sonder 'n allure van Camus se “*homme révolté*” is nie: 'n man gerig teen die ganse naamlose “hulle” wat die konsep van menswaardigheid aantas of bedreig.

Na my wete is daar egter nog nooit volledig ingegaan op die wyse waarop hierdie ontwikkeling voltrek word nie², terwyl dit een van die belangrikste faktore in die struktuur van die hele roman is (veral m.b.t. die verhouding figuur/ruimte en figuur/tyd). Dít is die motivering agter hierdie opstel, wat self net as voorlopige aanduiding wil dien van iets wat omvattende ondersoek regverdig.

2.

Dat Bart in die begin van die boek op sy plaas, gesitueer in tyd en ruimte, geteken word, is vir die roman van groot belang. (Verskeie kritici het ook tereg daarop ingegaan.) “Bart Nel het vroeër op Kafferkraal gewoon, 'n plaas in die distrik van Pretoria”, die opening-sin, voltrek hierdie “plasing” al op twee maniere. Dat hy “vroeër” daar gewoon het, is nie maar net epiese distansiering nie, maar gee al te kenne dat hy “*nou*” *nié meer daar woon nie*: en dit is so betekenisvol as die “terug” in Vestdijk se titel *Terug tot Ina Damman*, waar die hele roman 'n rekonstruksie word van 'n vervloë paradys waarna — telkens en telkens; en ook vergeefs? — teruggegryp word. Vroeër het Bart “vaste verblyfplaats” gehad: nou dus nie meer nie (wat die slot van die roman natuurlik ook bevestig). Dit maak van daárdie verblyf 'n eilandjie van ervaring in 'n omringende tydstroom. Maar: ook die plaas self, Kafferkraal, word as “eiland” voorgestel. Nie net is dit 'n onderdeel van 'n groter geheel (“die distrik van Pretoria” nie), maar dit lê omring van die grond van “'n klomp Vermaaks en Le Rouxs”³ en binne die eerste paar bladsye word daar vanaf 'n panoramiese blik deur die ruimte ínbeweeg — soos die kritiek telkens al aangetoon het — na die plaas, die werf, die huis, die sitkamer. Opnuut bevestiging van 'n eilandruimte. En die term eiland is nie lukraak gekies nie, want die woord kom twee keer in die teks self voor. Op bladsy 38 (alle verwysings is na die negende druk van 1968, omdat dit vir hedendaagse lesers die toeganklikste is), wanneer Bart na die boerevergadering ry, word die hele panorama voor hom geteken, met dié suggestiewe afsluiting: “Die donker boomgroepe by die huise lê daar soos verspreide eilandjies in 'n meer.” En op bladsy 58 word die gevegstoneel so beskryf: “Midde in 'n vlakke met lae doringbome lê die rantjie daar soos 'n eiland”.

Hierdie situering van lokaliteit en gebeure as 'n eiland in tyd en ruimte, predestineer as't ware die voorstelling van die hooffigure óók as eilande tussen ander mense. (Hooffigure, want dit gaan om meer as net Bart: oor hom is al genoeg geskryf om sonder meer te mag aanvaar dat hy inderdaád eensame mens is, al sou hy nog nie sonder meer *outsider* genoem kan word nie. Ook Fransina se eensaamheid word as 'n hoofmotief uitgewerk — tot by die ironiese hoogtepunt aan

die einde van Hoofstuk 4, waar sy en Basson, nou haar man, teen mekaar aanleun “soos twee jong mense wat opsit”, terwyl hulle in werklikheid ligjare van mekaar verwyder is. Daarby is dit belangrik dat ook Basson as een van die roman se groot eensames onthul word, veral in dié voorlaaste hoofstuk — waar hy selfs in ’n aparte hoofstukgedeelte in tyd en ruimte geïsoleer word. Maar let daarop dat Van Melle ook ’n korrektyf verskaf — en dít bring mee dat die roman nie “Nuwe Roman” kán wees nie — deur die volledige eensgesindheid, die saámheid van Fransina se ouers: hulle bewys dat menslike kommunikasie en aanraking inderdaad moontlik is; dat outsiderskap nie die menslike kondisie is nie.) Dit is genoeg om te wys op die manier waarop veral Hoofstuk 1 voortdurend vir Bart en Fransina teken as omring deur die ander mense van die distrik, om te kan konstateer dat hulle fungeer as eilande-tussen-ander. En dit is, terloops, juis ’n betekenisvolle aspek van Van Melle se ruimteskepping: dat romanfigure (die boere en vroue in Hoofstuk 1; die bure en dorpe-naars in Hoofstuk 2; die gevangenes in Hoofstuk 3, ensovoorts) sêlf fungeer as *tekens van die ruimte*.

Dit mag ook gerade wees om in dié verband weer daarop te wys hoe konsentriese sirkels in die romanruimte ontstaan: in die sentrum staan Bart en Fransina, geskeie van mekaar; rondom hulle beweeg die ruimte van die distrik, waar dieselfde verdelinge opval; dáár rondom beweeg — weliswaar vaer, maar steeds deurslaggewend vir die gebeurevlak — die ruimte van ’n hele *land* verdeel deur oorlog; en selfs ’n vierde ruimte raak af en toe sigbaar (dit is immers waar die hele proses ontstaan het), naamlik ’n *wêreld* waarin Duitsland en Engeland se aanhangers in ’n doodstryd gewikkel sit. En nou het ons nog maar ’n min of meer “geografiese” ruimte bestryk — want vanaf die ruimte van die “wêreld-in-oorlog” (juis omdat dit so vaag in die roman optree), is daar ’n beweging wat vansêlf uitbrei na die filosofiese of die metafisiese konsep van stryd of verdeeldheid as sodanig. En dit is een van die motoriese faktore in die roman: die wyse waarop hierdie barsie wat vanaf ’n klippie en ’n rots deur ’n land en ’n planeet naderhand tot deur die sterre loop, van albei kante af in die roman geaktiveer word. In die begin is dit die oorlog wat van die “buitenste ruimte” af indring na binne; maar telkens, wanneer ons fokus op die mikrokosmos Bart/Fransina, word húl “geval” dan weer illustrasie én impuls wat ’n heelal-van-verdeeldheid oproep.

Nog steeds staan ons maar op die drumpel van die verband tussen figuur en ruimte (én tyd). Want vir die afronding van die romangeheel (en dít is belangrik vir diegene wat in Van Melle nog steeds iets sien van ’n kortverhaalskrywer-wat-ook-die-roman-aandurf) is dit nodig om na te gaan hoe die begin van die roman (dié indring deur ruimte en tyd tot by die figure in die binnesirkel) gebalanseer staan teenoor die slot. En hier is twee elemente opvallend: ten eerste word daar in die begin byna fotografies “ingezoom” na die figure in hul tydruimtelike konteks — terwyl Bart aan die einde, in sy verbeelding, uit die beperkte ruimtetjie van die skemerige huis uitloop buitentoe, by wyse van spreke déúr al die konsentriese sirkels wat hom omring — “oor die donker veld, swaar en swart, vermoeid, alleen in die wye eenzaamheid, maar algaande na die ver ruim lig; en sy siel in hom”⁴.

Dié beweging val des te meer op omdat daar vroeër in die roman so *telkens* (nié net in die begin nie) inbeweeg is na binne: 'n beweging wat sy beslag kry in presies die middelste hoofstuk van die roman, waar Bart Nel in die tronk sit: letterlik en figuurlik op sy engste ingeperk. (Let natuurlik óók op hoe sy gedagtes vanuit die tronk uitbeweeg na die vryheid van die plaasruimte: voorbereiding vir die beslissende oorwinning oor die ruimte wat met die slotparagraaf voltrek word.) Die beweging na buite, wat so triomfantelik in die slotparagraaf volvoer word, begin dan in werklikheid reeds in die eerste reëls van Hoofstuk 4, as die vrygestelde Bart uit die tronk op die stasie by Uitdraai aankom.

Ten tweede staan begin en einde ook op haas "simboliese" wyse teenoor mekaar: wanneer Bart se plaas naamlik op bladsy 3 presies gesitueer word tussen die rante, word daar betekenisvol aangedui: "So lê die plaas in 'n hoek, van drie kante deur rante omsluit, *maar na sonop se kant is die uitsig onbelemmer en sien jy tot aan die ver einders die lae, breë bulte agter mekaar wegraak soos die rûe van 'n trop beeste.*" Na die kant van die sonop, waar die lig vandaan kom, lê dit oop — en die byna-grensloosheid daarvan word bevestig deur die beeld van die beeste-op-beeste: selfs die sintaktiese verlenging van die sin deur die beeld dra tot die panoramiese breedte by. (En natuurlik is dit inderdaad 'n moment waarop die "son" vir Bart kán opkom: sy plaas het 'n stadium bereik waar álles kan begin floreer mits dié besondere jaar, 1914, vir die boerdery goed is.) Aan die einde is daar opnuut dan 'n blik op die horison: nou die "goud-wit einder van die westerhemel", sonónder. Met die ironiese dubbelkontras dan aangedui: die uitsig op die sonsopkoms, waar "het daghet overall", word weldra vertroebel deur allerhande soorte wolke sodat die dag nié aanbreek nie; terwyl die ondergaan van die son weer juis die hemel met "ver ruim lig" teken, waarheen Bart uiteindelik op pad is .

3.

Hiermee is — vlugtig — 'n breë kader aangedui waarbinne die ontwikkeling van die figuur (in tyd en ruimte) hom kan voltrek. En ontwikkeling is daar inderdaad. Want wat mens by noukeurige lees opval — en wat, eienaardig genoeg, nog deur geen kritikus na my wete aangedui is nie — is dat Bart in Hoofstuk 1, dié hoofstuk waar hy dan juis as dader, leier, "held", optree, eenvoudig *nie* die indruk van 'n tradisionele heroïse figuur skep nie. Sterk is hy gewis — stellig nêrens so kort en kragtig bewys as in sy vitale reaksie op die bevestiging van Botha se "verraad" nie (bladsy 10) — en "kragdadig" in sy algemene houding (vanaf die oomblik, reeds in die tweede paragraaf van die roman, dat sy onafhanklikheid van sy skoonvader en dié se raadgewings aangedui word). En tog kry mens selde die indruk van 'n man wat werklik baie seker van sy optrede is en as kragbron in sy ruimte optree.

Soms kan hy danig oorhaastig en ekstremisties in sy reaksies wees, met 'n byna jeugdige, byna onbesonne emosionaliteit: nog vóór daar sekerheid oor Botha se besluit is, kondig hy al aan: "As dit waar is, het ek klaar met hom, Oom." En as oom Giel tereg daarop wys

dat “hy mag goeie redes daarvoor hê,” is Bart se vinnige antwoord: “Hoe kan hy goeie redes hê?” (bladsy 9). Later, as die kommando op pad is, wil Bart “die vervloekte motorkarre belet om te ry.” Hoe? — “Steek hulle aan die brand” (bladsy 51): en dit is opvallend dat Rooi Martiens, wat gewoonlik ’n baie durwende figuur is, die man is wat moet waarsku: “A nee a, ou swaer . . . jy wil nou te kwaai aangaan.” En nóg later — dié keer meer “verskoonbaar” binne die konteks — wens hy impulsief: “As ek nog net ’n klompie van hulle kan doodskiet” (bladsy 57) — waarop oom Gawie meer berustend wys op die wil van die Here. (Ook in die tronk gee Bart toe aan ’n drang tot ’n heftige uiterste van handeling: as hy, ná ontvangs van Fransina se noodlottige brief, lus het om Basson met ’n hamer of ’n handbyl by te kom: maar onder dié uiterste provokasie is sy reaksie volkome verantwoord.)

Hierdie momente val mens op omdat hulle so sterk kontrasteer met ’n Bart wat deur die res van hoofstuk 1 nogal baie, soos Germanicus, “aarsel, dink en weeg” — en nie altyd op ’n wyse wat hom as denkende leier in sy konteks onthul nie. (Hoef ek te benadruk? — ek is nie besig met ’n kritiek op Van Melle se karaktervoorstelling nie! Dit gaan juis daarom dat hy méér kante van Bart se persoonlikheid belig as wat gewoonlik aangeneem word.) Heel eerste val dit op dat Bart nie ’n man is — selfs as veldkornet — wat hom gou op hoogte van sake stel nie: meermale verneem hy van belangrike gebeurtenisse nadat byna al sy bure dit reeds weet. Soms laat hy selfs sy koerante onopgemaak lê omdat hy nie ontstel wil word nie! (Bladsy 22). Dit is die daadlustige Pieter wat tyding bring van Botha se oorlogsverklaring; en oom Giel wat kom berig van die koerantverslag oor die plan om Duits-Wes in te val; terwyl sy bure die volgende dag heen en weer ry om die nuus te bespreek en voorlopig oor optrede beraad te hou, staan hy rustig en waterlei (op sigself uitmuntende karakteristiek: hier is sy pligte teenoor huis en haard en plaas inderdaad nog vir hom belangriker as “nasieplig”). Dit is hoogs ter sake dat hy tóg baie nadruklik bevestig: “Niemand het nodig gehad om my óm te praat nie. Die aanval op Duits-Wes het vir my laat draai . . . Nie deur Pieter nie en nie deur Fransoois nie en nie deur iemand in die wêreld nie, maar omdat ek weet . . .” (bladsy 12). Hier kry ons ’n voorlopige insig in die man wat uiteindelik sy kind sal afgee: nie omdat sy familie hom oorreed het nie (die brief het so min vir hom beteken dat hy hom klaarblyklik nie eens daaraan gesteur het vóór die familie vir Annekie se verjaardag opdaag nie), maar omdat hy dit self, en út homself, *besluit* en *gewil* het.

Maar tot dusver het Bart nog net “gedraai”: sy besluit strek nog niks verder nie. En as hy (bladsy 14) besluit om die vergadering by te woon, is daar vir hom nog nie sprake van opstand nie (iets wat al by baie van sy bure opgekom het): “Daar sal niks gedoen word nie. Daar sal net ’n besluit geneem word dat ons die beleid van die regering afkeur; dis al.” (Daar skuil in sy houding iets wat ons mag voorberei op ’n vorm van tragiese verblindheid — des te meer as ons dit kontrasteer met Fransina se suiwerder en meer kompromislose insig: “O, jy weet nie. As dinge eenmaal aan die loop is, weet mens nie waar gaan dit heen nie.” Laat ons natuurlik óók onthou: haar helder insig

in *hierdie* saak neem nie weg dat sy op háár beurt byna tragies blind kan wees waar haar eie heil ter sake is nie!) En wanneer die episode afsluit met sy dikwels aangehaalde woorde: “Hierdie paadjie sal ek alleen moet loop” (bladsy 16), dan sien hy ook dít nog as ’n *tydelike* lot, ’n voorlopigheid (later sal hy immers nog alles met Fransina kan uitpraat en regmaak, so dink hy op bladsy 28): nog nie as ’n eksistensiële lot soos in die tronk nie (“Ek kan alleen wees. Ek kan alleen staan. Alleen sal ek my pad deur die beroerde wêreld loop”: nou nie meer ’n klein “paadjie” nie, maar ’n *léwenspad*).

Op die vergadering bevestig hy dan ook: “Ek wil net hê dat ons moet protesteer teen die politiek van die regering” (bladsy 18): dit is ánder — Kort Magiel — wat durf praat van “die donkerbek”, van geweld. En as Bart daarna sy bedanking as veldkornet indien, moet Fransoois (wat sy koerant al gelees het: Bart “wou nog nie kwaad word so vroeg in die dag nie” — bladsy 22) hom ligweg betig: “Dit moes jy al gedoen het.” Eienaardige pligsversuim! Maar juis dit illustreer hoe séér Bart rebel *malgré lui* word. Op die oomblik is dit van belang dat sy bure en makkers hom nog glad nie beskou as “leiersfiguur” nie. Trouens, wanneer die ganse distrik begin gons oor die manier waarop die rebellie versprei, sê Bart hóógstens: “Van nou af moet ons klaar sit, kêrels . . . Dan sal dit miskien nie eers nodig wees om te skiet nie” (bladsy 25). Ofskoon hy darem die móóntlikheid van geweld begin toegee (“Ons kan nie anders nie”).

So in die bondel word daar dan besluit op rebellie; en as Bart dit op bladsy 27 aan Fransina aankondig, is dit wel sy *oorwoë* keuse . . . maar nie die keuse van ’n man op die voorpunt nie. Belangwekkend is dit immers dat, selfs wanneer Bart aktief met die organisasie begin help, oom Gawie op bladsy 31 in soveel woorde sê: “Ons het hierlangs nie een groot kêrel wat die voortou wil vat nie, sien jy.” Daar word dan ook besluit: “Bart sal voorlopig maar die leier moet wees tot ons in die geleentheid is om een te kies” (bladsy 32): *Bart sal voorlopig maar* . . . Dit verraai geen groot geesdrif oor sy aansien nie! (En juis dit, moet ek herhaal, is van groot belang in die lig van wat láter, ná die hellevaart-in-die-engtes-in, in die tronk, gebeur.)

Selfs nadat Bart so “voorlopig maar” as leier aangewys is, is dit weer Kort Magiel, nie Bart nie, wat moet tyding bring oor generaal Myburgh wat by Bronkhorstspuit opgedaag het: Magiel het self met die generaal in verbinding getree en antwoord gekry. “Dan moet ons gou maak,” sê Bart (bladsy 34): maar dit is ópnuut ’n besluit wat volg op die inisiatief van ander.

(Tog moet ons ook wéér in gedagte hou dat die *kwaliteit* van Bart se besluit groter is as dié van baie van sy oorywerige bure. Waar hulle hoofsaaklik rebelleer uit pragmatiese, politieke, en miskien morele oorwegings, het hý dit deurdink tot waar hy op bladsy 35 kan sê: “Daar is hoër bevele as dié van jou regering, Oom.”)

Die rebelle vertrek — op soek na die geskiedenis. Bart neem nie sy Bybel saam nie, wat die meeste ander wél doen: “. . . die gedagte daaraan het nie by hom opgekom nie, en by Fransina nog minder”,

word op bladsy 139-40 verduidelik: dit mag dus toegeskryf word aan die spanning tussen hulle; maar dit wil verál voorkom asof die Bybel, en godsdienst, eers vanaf sy gevangenskap vir hom werklik belangrik word, totdat dit in sy later verhouding met Annekie 'n sentrale gewese van sy lewe word: vroeër wil hy as't ware selfs nie van God sommer hulp vra nie; later verbreed hy tot groter insig in sy eie menslike beperktheid. Toe hy 'n keer op die slagveld troos in 'n psalmwoord gevind het — bladsy 55 — was dit ámpers teësinning: en in elk geval eers nádat die kommando as geheel die psalm voorgesing het!

En nou dat hulle onderweg is, word daar steeds 'n ónwil en ónlus in Bart geopenbaar. Uit die staanspoor, ontmoedig deur die gebrek aan steun, praat Bart “sonder geesdrif” met sy manne en verkies dat 'n ander leier aangewys word. Dié word uitgestel, nie omdat die manne so in hul skik met hom is nie, maar omdat daar “later” 'n beter tyd voor gevind sal word. (En wanneer daar dan tóg later gekies word, kom oom Gawie net berig: “Hulle wil jou hê . . . Hulle wil nie kies nie . . . hulle is tevrede met jou”: bladsy 41. Skaars geesdriftig! Maar hier ook met 'n fyn sintuig vir gepastheid gedoen, sodat dit kan kontrasteer met die oorweldigende ontvangs wat Bart by sy terugkeer uit die tronk te beurt val).

Inderwaarheid openbaar hy selfs 'n cienaardige kortsigtigheid as bevelvoerder: nadat hy op bladsy 40 vir sy manne 'n slaapplek uitgesoek het, begin hy hom bekommer dat dit dalk 'n hoogs onveilige plek was (wel word dié “tekort” gebalanseer deur 'n verrassende flits van menslikheid as hy sy kometers skenk aan 'n man wat nie een het nie); as hy vir sy kommando op eie rekening goed by 'n Jood koop, moet oom Gawie agterna betig: “Dis jammer dat jy nie 'n afskrif van die lys gevra het nie . . .” En Bart erken: “Dis waar . . . dit moes ek gedoen het.” Tog doen hy nie die moeite om 'n man terug te stuur nie” (bladsy 43): omdat hy so 'n vertrouwe in sy medemens het (hý wat selfs deur Botha teleurgestel is? hy wat so oortuigend gesê het: “Ek sweer nie by 'n mens nie”?), of omdat hy so lusteloos is, of omdat hy net nie “leier” kan of wil wees nie? (Ook as hy by volgende winkels goed opkommandeer, is daar geen aanduiding dat hy beter voorsorg tref nie.)

Die kommando doen weinig meer as om heen en weer te ry. En as Magiel verwykend daarvoor praat (bladsy 45), het Bart skaars 'n oplossing: hoogstens 'n vraag: “Ja, jy is reg, maar meen jy nie ons moet eers generaal Myburgh of een van die ander kry nie?” *Generaal Myburgh of een van die ander*: moge 't treffen . . .! Dit val nog meer op omdat Magiel sélf in die daaropvolgende bladsye die spesifieke beplanning en denke openbaar wat mens van 'n leier sou verwag. Bart bly maar by: “As 'n mens net sou weet wat ons moet doen” (bladsy 48). As hy op dieselfde bladsy wrokkig dink: “Die hele ding gaan 'n mislukking wees . . . die voorkêrels het nie planne nie”, dan is dit, seker darem onbedoeld, ook 'n aanklag teen homsélf! Onder sý klompie manne is hý die “voorkêrel”; en ook hý sit sonder planne. (Dit is belangrik dat hy juis in *hierdie* stadium skielik die effens buitensporige voorstel opper om motors aan die brand te steek! — die impulsiewe reaksie van 'n wanhopige mens. Maar óók seker: 'n *sat*

gedinkte mens. Want Bart is veel meer dinker — nie dënker nie! — as man-van-aksie).

Rooi Martiens-hulle kies één koers; Bart (wat by die byeenkoms “een van die agterstes, teen ’n boom geleun” gestaan het — bladsy 54) kry apart sy koers. En heeltemal toevallig loop hy daardeur ’n slagting mis: dit spoor hom wrokkig tot handeling aan en in ’n skermutseling met regeringstroepe behaal sy manne ’n oorwinning. (Die gewondes laat Bart summier doodskiet: sou dit gebruik gewees het in die Rebelle?) Maar hulle bly ’n baie klein handjievool in ’n oorheersende ruimte van “grys skemering”: ’n perspektief wat die *sin* van die skermutseling drasties relatieweer.

“Waarvoor veg hulle eintlik nog? Hul saak is tog verlore” — so dink Bart op bladsy 64, en dit loop uit op oorgawe. Een van sy oorwegings skyn altruïsme te wees: om homself (en oom Gawie) te laat vang en sy manne te laat vry gaan. Maar mens wil tog die vraag stel of dit nie maar net nóg een van die baie kere in die lang eerste hoofstuk is dat Bart hom as’t ware maar *onderwerp aan wat onvermydelik geword het* in plaas van strydend teen alles in te gaan nie? (Dit sou dan één opsig wees waarin hy merkwaardig groei in statur, later.)

In elk geval is dit baie duidelik dat hy hier NIE as *homme révolté* optree nie: hy het gaan rebelleer toe hy gedink het dat hulle iets daardeur kan bereik of selfs kan oorwin, en oorgegee toe dit duidelik word dat dit gaan misluk. Vergelyk dit nou met tant Katrina se woorde aan Fransina op bladsy 92: “Die goeies moet altyd klaarstaan om die kwaaiies te beveg, al gaan hulle ook daardeur te gronde.” Die nugter Fransina vra: “En as jy sien dat dit tog nie help nie, Tante?” waarop die ouer vrou sê: “Dit help altyd, al verloor jy ook, maar dit help altyd.” Fransina moet dan bely: “Ek deug seker nie vir martelaar nie.” Maar as dit die toets is, dan is Bart óók nie martelaar nie! Nie in hierdie *sin* van die woord nie. Wél in die *sin* dat hy ly vir ’n “saak”. Oek dan is dit belangrik om te oorweeg dat hy gelouter word, nie omdat hy willens en wetens vir ’n hopelose saak gestry het nie, maar omdat hy hom in die begin misreken het en toe oorgegee het voor die slagting te groot word. Dit is ’n *rationale* onbekend aan òf die tragiese òf die absurde.

Deur sy manne se vryheid te waarborg, kies hy ’n lydensweg (maar dan ook eintlik omdat dit nie eintlik anders kan nie? hy sou verkies het om na Rhodesië te vlug . . .) Kortsigtigheid en “omstandighede buite beheer” het sy situasie meegebring. Kortom: as Bart Nel groter statur in die roman verwerf, soos dit inderdaad gebeur, dan is dit NIE danksy tradisionele heroïek nie. Die sleutel sou kon lê in die bereidwilligheid om vir sy eie foute boete te doen (maar hy weier om “foute” te erken!) en deur eie lyding ander se vryheid te “koop”. Dus: nie die held as oorwinnaar nie, maar as “the man who endures”.

Maar mens moenie te veel hier wil ínlees nie! Want Bart se nogal kinderagtige brawade wanneer hy klaar oorgegee het, is skaars indrukwekkend; wanneer hy op bladsy 136 as rede vir sy gevangenskap

aanvoer dat hulle “te veel gepraat en te veel gedoen” het, is dit — sagkens gestel — ’n halwe waarheid; en as hy by sy oorgawe die Afrikanernasie beskuldig as “’n volk van wag, van aarsel, oorlê, bereken” — bladsy 66 — dan karakteriseer hy daarmee, met vreemde blindheid, homsêlf!

Die sleutel tot sy latere grootsheid moet dus eintlik elders gesoek word: en wel die krisishoofstuk wat so presies in die middel van die roman val (d.w.s. die derde uit vyf: nie volgens paginering nie). Vóór die tyd staan hy hom dikwels blind teen die oomblik, diagnoseer hy omstandighede verkeerd, tree hy soms byna lydelik op, openbaar hy ’n onlus en ’n gebrek aan inspirerende *oortuiging* (’n inersie waartoe die botsing met Fransina natuurlik véél te doene het as mens aanvaar dat hy veral in twee dimensies optree — sy familiekring en die rebellie — dan werk die eerste verlamrend op die tweede in: wat ironies is, omdat hy hom juis in die tweede in begewe om die geborgenheid van die eerste te verseker!): hy neem wel besluite, maar wesenlik *ondergaan* hy die gebeure. Op sy beste aanvaar hy dit met wrok of met vermoënis. Maar vanaf hoofstuk 4 is hy aktief, is sy optrede beslissend, is hy waarlik “master of his fate”. Die verandering lê dus in die kort, donker tronkhoofstuk.

In die tronk bly Bart aanvanklik stroef: selfs “lyding” is beperk tot ergerlikheid, wrokkigheid, verveeldheid. Dit is eers wanneer hy Fransina se brief ontvang (’n stukkie werklikheid uit Fransina se wêreld wat syne binnedring) dat die keerpunt kom. (Let op: die ontvangs van die allesbepalende brief word nie as sodanig voorgestel nie! Net soos, later in die roman, sleutelsituasies as deel van Van Melle se prosedure van understatement verswyg word — bowenal, op bladsy 179, die konfrontasie tussen Fransina en haar vader, waarvan net die afloop vermeld word). Hy vertolk haar vraag verkeerd. Natúúrlik! Dit mag nie, dit kán nie anders nie. Nie net omdat Bart en Fransina die karakters is wat hulle is nie. Maar omdat die roman se struktuur (veral ook die afsondering van die hooffigure in aparte hoofstukke, ruimtes, tye) hulle só uitmekaar hou dat nie een van hulle meer *toegang* het tot die ander se wêreld nie. Dáárom kan hulle vir mekaar fiktiewe persoonlikhede uitdink (vgl. Fransina in die beslissende situasie op bladsy 134; en Bart in die tronk) en op verbeelde houdings reageer. Van hierdie oomblik af is Bart se eensaamheid bevestig: nie net ’n trots, uitdagende, selfgenoegsame eensaamheid nie maar bowenal ’n lydende, smartlike eensaamheid. Dit is danksy die feit van sy *lyding* dat Bart as romanfiguur gesuiwer word om ná sy tronkverblyf op groter skaal voor ons te beweeg.

Dié groter skaal word dadelik al bevestig deur die wyse waarop (eintlik vir die éérste keer) Bart ná sy terugkeer deur *ander romanfigure* verheerlik en gehuldig word: deur húl oë aanskou ons sy groter statuur. En pas daarna (bladsy 156-7) bevestig hy dit deur *cie* woorde en optrede: sy groot rede oor deemoed, oor barmhartigheid, oor vergewensgesindheid: ’n rede waarin hy hom juis kan beroep op *Botha* se woorde — die einste Botha wat hy verwerp het: “Generaal Botha het gesê, in die tyd toe ons nog baie van hom gedink het, ons moet die kwaad wat die Engelse ons aangedoen het vergeef en vergeet . . .”

(Interessant genoeg, is dit natuurlik juis dié woorde van Botha wat dit vir Bart in die begin verklaarbaar en aanvaarbaar behoort te maak het dat Botha sou handel soos hy wel gehandel het!) Nou is Bart vir die eerste keer in die roman wêrklik in staat om, sônder om eers te kyk wat die ander manne doen en sê, te artikuleer wat hy uit eie oortuiging glo: om nie op voormanne te vertrou nie; om te vergewe, maar nie te vergeet nie. (Presies dit wat hy ook later op Fransina se toenadering antwoord: sy konsekwentheid is hier nie ongenaakbaarheid nie, maar die verskriklike heelheid van 'n gelouterde mens.)

Teenoor Annekie kan hy sy menslike deernis bewys. Maar dit is nooit 'n deernis wat afhanklik van ander is of gevoed word deur ander nie. Hy wil nie by familie bly nie en trek weg om opnuut te gaan begin, met Annekie by hom — soos hy jare tevore, met Fransina by hom, nuut tussen 'n spul vreemdelinge op Kafferkraal begin het. (En as hulle wegry en Annekie lê en slaap terwyl die perde egalig voortdraf, lui dit so: “Stil sit Bart die wêreld en beskou”: bladsy 159. Nie meer as mens gerelativeer deur die groot ruimte nie, maar as mens geïntegreer in die ruimte.)

Wanneer ons hom weer teëkom, is dit opnuut oor 'n afstand heen, via sy buurman op Steenkoolbank. Annekie sien hom aankom: “nog klein, van die land af” (bladsy 188): in so 'n vreemde ruimte is die enkeling nog klein. Maar binne dié enkele slothoofstuk rekapituleer hy sy hele simboliese “groei” deur die roman, totdat hy so “swaar en swart” die ganse ruimte kan oorheers.

Sy grootsheid het hy *verwerf*: en die wyse waarop sy verhouding tot die ruimte aangebied word, beaam dit. En as hy sê: “Ek is Bart Nel van toe af, en ek is nog hy”, dan is dit net gedeeltelik waar. Hy het nog die uiterlike reaksies — koppigheid, alleenheid, broeiende swygsaamheid — wat hom vroeër gekenmerk het, maar hy het ook nuwes bygekry: “mensliker” oortuiging; en hy het ander afgelê: aarseling en blindheid. Hierdeur word die roman 'n tragiese pelgrimstog na *insig*: “Die mens moet ly om wys te word,” het Aiskulos al gesê. Maar waar dié reaksies aanvanklik as't ware impulsief en daarom “vlak” was, is hulle nou deurlêef, deurdag, deurlý. Hy is nie maar wat hy was nie. Hy is méér homself as wat hy ooit was. Of: méér as tevore *weet* hy wie hy is.

4.

Op kunsmatige wyse het ek hier meestal Bart en sy “wêreld” uit die romangeheel geïsoleer. Want 'n essensiële deel van sy groeiende statur en die veranderende dimensie waarbinne hy optree, spruit juis uit die *wisselwerking* met Fransina en háár wêreld; en in mindere mate word hare ook weer gevorm en gevoed uit Ferdinand (en selfs haar ouers) s'n. Niks is in sy tyd gesluit. Onthou immers, m.b.t. tyd: hoe seer die hooffigure ook “draers van afsonderlike tydruimtes” word, bied die romankomposisie die blik op 'n objektief bestaande tydsgeheel en ruimtegeheel. Dít word nooit be vraagteken nie. Dit word versplinter en as subjektief en afsonderlik belêef deur die hooffigure, maar die wyse waarop hulle mekaar komplementeer *skep* die geheelwêreld betrag deur 'n alwetende, objektiewe verteller. Dit is NIE die Bergsoniaanse

relatiewe tyd (relatiwityd!) of ruimte nie. En juis daarom mág mens skaars net vir Bart uitsonder soos ek hier gedoen het.

Skematies aangedui: Bart groei wég van ander af terwyl hy juis in sy eensaamheid meer begrip verkry van en vir ander; Fransina groei ná ander toe (veral Basson), maar beleef daarin 'n groter eensaamheid as tevore.

As Ferdinand dink aan 'n vrou "wat tog altyd 'n ent van jou af is" (bladsy 163), word dit juis in ruimtelike terme uitgedruk: en ook dit speel terug op Bart. As Ferdinand (ook "namens" haar) besef: "As jy 'n nuwe lewe begin, moet jy probeer die vorige lewe vergeet" — bladsy 162 — dan word ook Bart 'n illustrasie daarvan. Maar nie sonder meer "illustrasie" nie: want élk se nuwe lewe bly bepaal deur sy/haar vorige . . . En uiteindelik is alles, soos dit ook in die komplekse geheel van 'n roman hoort, één.

Daarom moet o.m. ook Fransina se komplementerende funksie indringend ondersoek word voor daar náásteby by 'n geheelblik op die roman uitgekóm kan word. Hierdie opstel wou alleen 'n paar beginpunte vir so 'n ondersoek aandui.

Mei 1976.

VOETNOTE:

1. Vgl. Margaret Church: **Time and Reality**, University of North Carolina Press, 1963.
2. Kleiner aspekte daarvan is wel bespreek: soos toenemende vereensaming, en motiewe soos "loop", "staan" en "lig" deur J. P. Smuts (**Karakterisering in die Afrikaanse roman**, 1975).
3. Vgl. Elize Botha: "J. van Melle" in **Perspektief en Profiel**, derde druk, 1969. bladsy 400-401.
4. Mens wil dié "uitwaartse beweging" en die daaropvolgende vinnige terugkeer na die allerbinneste ruimtetjie van die siel amper vergelyk met die heen-en-weer-beweging in Van Wyk Louw se "Ars poetica" . . .

THE WORLD AT WAR.

1. *Yswoede.*

Die sterre self sal vir ons boekhou
en die insekte van die aarde sal ons
nooit uit hul skelet vergeet nie
— ontblaarde bome sal onthou.

Ons het diep getrap.

Daar's van ons nog onbegrawe
heel behou in 'n wit finlandse meer
tot geen finale ontgooiing nie.

En moenie knabbel nie; vis,
moenie knabbel nie.
Stoot terug die knobbls uit jou oksels,

want hierdie liggaam is 'n sluimerende bom
waarin twee-twee pare diere
op die plek rus binnewands verdeel
tot 'n vreemder ontwaking
in 'n kouer ark op pad na ararat.

2. *Stalingrad.*

En die geheiligde geboue self
— *tot stram skelet verteer* —
spreek hul verbasing oor die mense uit.
En die driemaal geseënde bome
— *tot stram skelet verteer* —
bly worteldiep in donder
bly bewe uit die grond

In die graansilo's van Stalingrad
lê ons ingebed.
Vergete korrels het ons ingeneem.
Maak plek vir die wortels!
So 'n bevrugting was nog nooit gewees nie.
Julle het ons oopgeploeg:
maak plek vir die wortels!

Ons bloed is hul reën
ons liggaam is hul grond
ons kom in die wortels aan.

Bloedbrood, o bloedbrood,
daar sal nooit weer honger wees in hierdie stad nie:
Nie van mense nie.

3. *Piëta*

Babushka het die seun gevind.
Hy het tog wel 'n duikie in die ys kon maak
voordat die warmte hom wou laat.
Babushka bind haar kopdoek om
en huil met groot wit trane
vórentoe, Babushka knoop haar arms om
en wieg, tot aan die dolboord vol.
O, die liggaam het 'n skip vir pyn geword
waaruit miljoene hande skep.

Moeder, die aarde wil ons nie meer ken nie.
Die bome skreeu soos mense.
Die voëls het voor hul tyd vertrek.

en die honde vlug oor die rivier.
Die huise wat ons woning was
wil ons adresse nie meer dra nie.

Baksteen bid ons voor.
Net óns het stil geword.
Kom, trek die winter aan, my moeder.
Laat ons slaapgaan in die grond.

4. *Prospek*.

Net die oudste mense word op straat gesien
en hul loop met swaaiende arms.
In die skarniere het daar iets gebreek.

Kom, jong soldateseuns!
Kom haal die oues uitmekaar,
versamel die arms en bene.

Want hulle wil nie na ons luister nie.
Hul skuur by ons vermanings verby
boontoe, uit die skuilings,

boontoe, waar hul vrede! sing
en môre! leef!
kom terug! en immer! immerGod!

Ons hou nie daarvan om hul reste
tot die lente daar te laat.
Hul het ons sorgsaam grootgemaak.

5. *Vrou*.

Jy moes nie koud wees nie.
Ek het my slytgesoek na jou
en later vreemd geword:

my veranderende vingers
het jou onder die kors
van die aarde gesoek.

Met haarwortels het ek gesoek.
Maar o, die winter
winter
het sy ghong geslaan
en in die sidderende aarde self
het ek totnietgegaan.

6. *Kind.*

groot voete, gaan weg.
gaan weg

moenie die grond so vertrap nie
en die gras om die huis kneus nie,
ander kom hier woon

my suster het nuwe sandaaltjies
ek het blink nuwe skoene met gespes
ons gaan op reis
na 'n nuwe huis

bruin kamaste, blink knope:
gaan weg
ons reis is nie met julle nie.

Die blinde kinders
hul harige hande
en vroetelende voete
groeï boontoe soos papawers,
met gekromde kop
en bloedrooi blare binnetoe gevou.

7. *Bombardier.*

Kind met die spintol in die hand
ek doop jou in die naam van hoogtes,
in die naam van wind,
die naam van lug:
maak oop
versprei
en vlieg, soos ek.
Opgeklad in my oë kan jy
'n leeftyd lank saamspin:

een skoon staalspleet son toe
— oor, oor —

8. *Kind Wat Sterf.*

Pyn het hom gestempel:
dag, datum, uur,
en toe die jaartal uitgewis.

9. *Kapsule.*

Adelwolf, die edelmoedige,
en sy hond, Wolf,
— hond, sy wolf —
is net een dood skuldig.

Tot in die laaste taal ken hy bevel:
sterf as die meester sterfsê:
volgens wolwewet

met krummels van die heer se kos.

10. *Naamval.*

Die man wat tussen die grafes woon
is nie meer jammer nie,
nie meer jammer vir ons nie.

Hy het sy mond oranje geverf
en skreeu: my ons ek ons ek.

As ons verbygaan, sê ons: gek,
ons is hulle, ons is julle.

Hy antwoord: my ons ek ons ek.

11. *Buchenwald.*

Beklee
nou net met ons eie voete
ons eie bene
ons eie hande
is ons hier.

Ons het niks met ons saamgebring
behalwe onself nie.

Nou begin ons groei
soos beukebome in die woud
met magtige herhalings
en takke wat die hemel
bloedrooi hale skraap.

Ons is baie innig by u ingeboet,
alle voete van die aarde.
Ons kleef u dikwels aan.
Trek u skoene uit soos ons gedoen het:

kom, loop kaalvoet oor ons heen.
Ook nou wil ons gevoel word: bréék
ons takke vir u wintervuur
en word tog mededeelsaam
soos die aandhemel.

Die winter sal skoonmaak.
Ook u sal skoongemaak word in vergetelheid —
maar met elke lente sal ons opkruip uit die grond
en ons u heerlijkheid gebied
in kelke soos van lelies
in kelke soos vir wyn.

Uit ons beendere sal Jahweh op sy tyd
kan moeiteloos formeer.
so broos is hierdie aarde van ons bloed.

Neem, eet en drink:
ons het u voorgegaan.

12. Nova.

Rondom Jerusalem is nie meer berge nie
maar wêreld, wêreld, God.
Rondom wêreld is u lug.
Rondom lug is U.

Die koninkryk van die aarde is soos 'n man
wat die berge platgevee het
sodat die mortiere reguit kan vlieg.

Die koninkryk van die aarde
is 'n ongeskonde handgranaat wat ons gevind het
in 'n wingerd wat aan U behoort.

Die koninkryk van die aarde
is 'n hittedoekende bom
op pad na U toe, God.

Beplak met wondername
vlieg ons na U toe uit
soos ons U ken in lig,
soos U na ons toe vlieg,

U, Nova van U naam!

Onmeetbaar in U ruimtes
kan ons geweld vergaan.

AGTERVOLGING VAN 'N AFRIKAANSE WOORDKUNSTENAAR

(Ontleding van 'n karakter)

Toe klim hy op die bus.
Hy kyk op sy horlosie, maar dis stukkend.
Soos altyd.
Almal betrag hom wantrouig.
En hý nog meer vir hulle.
Sal hy nou na die meisie op die oorkantse bank stap?
Diep in haar oë kyk en vir haar sê sy't mooi hare.
Nee, dink hy.
Netnou betrap die veiligheidspolisie of die Chinese of een
of ander obskure organisasie my.
Mens mag mos nie sommer met 'n wildvreemde meisie praat nie.
En as hy nadergaan en sy skree 'Help! Help! Ek word verkrag!' wat doen hy dan? Vlug?
Alles word ook meer subjektief deesdae.
Die mens se bangheid het geen vaste patroon nie.
Veral hierdie moderne Afrikaanse woordkunstenaar s'n.
Die een wat agtervolg word natuurlik.
Waar hy op die patetiese bankie hop-sit lyk hy soos 'n puntlose vraagteken.
Sensitiewe gelaatstrekke en fyn geboë lyfie.

Niemand weet eintlik waarnatoe die bus ry nie.
Hy gaan maar net aan en aan.
Die bus is soos 'n klanklose dosie op wrywinglose wiele.
Net die geluide binne is waarneembaar.
Almal is afgesny van die wêreld om hulle.
Slegs in die bus stuiptrek daar nou en dan 'n lewetjie.

Dit voel vir die woordkunstenaar asof almal se oë hom smEEK om 'n versie op te sê.
Sê nou hulle luister nie?
Of miskien wil hulle nie verstaan nie.
Wat het verstaanbaarheid met kuns te doen?
Iets.
Verstaanbaarheid sal soos 'n reusagtige nat kiem die mens omsirkel en hom bevry.
(Die dood?)
Die leuse is hoop; en met hoop word die maagdelike mistiese gebore.
Hoop is so onseker soos die lewe of die dood.
Dis net geloof wat tel.

Maar die bus snel voort.
Hy het nou 'n verafgeleë landskap bereik.
Dit is so warm buite dat dit lyk asof die bus self in 'n lugspieëling dryf.

Die hele aarde sidder soos die hittegolwe hom tref.
 Dan kom die bus tot stilstand.
 Die man wat agtervolg word klim af.
 Die een wat hom agtervolg ook.
 Hy het verfynde moffieshande en sy perlemoenknieë lyk bewerig
 in die hittegolwe.
 Die bus trek weg.
 Daar is net een ding wat jy in die lewe mis ou vriend.
 En dit is lewe.
 Ek is amper doodseker jy weet die lewe lê in die wil.
 Soos die bus verdwyn word die figuur abnormaal vergroot in die
 skimmering.
 Ek sou nooit kon sê daar het net een man afgeklim nie.

* * *

HOE HOËR MENS STAAN HOE VERDER KAN MENS SIEN

Op die boonste verdieping staan hy.
 Die laatmiddag sonnetjie piets liggies oor sy gesig.
 Hy hou die skarrelende gestaltetjies orals onder hom dop.
 Elke nou en dan gooi 'n ruit êrens die son woes in sy oë.
 Dan ruk hy sy kop en probeer dit uitvee.
 Genadeloos soos mortiere tref die skerp weerkaatsings hom.
 Maar hy hou aan met kyk.
 Totdat sy brein 'n warboel van oor-helder sterre is.
 Sy hele kop lê versuip in lig.

Hy dink: God! Alles is ook so ingewikkeld.
 Kan die lig nie dowwer word nie?
 Kan hulle nie 'n dik net om die son span nie?
 En hom soos 'n seedier uitdoof nie?
 Wat help dit tog?
 Niks help nie.
 Veral spannings het geen doel nie.
 En as jy skree 'Help!' kyk hulle jou tog maar net aan.
 Asof jy ook regtig in die nood is.

Jesus! Alles is té fantasties.
 Daar is nie so iets soos 'n probleem nie.
 Nie regtig nie.
 Dis maar net dat mens selde iets kan verwerk in die tydsbestek
 wat mens vir jouself daarvoor stel.
 En dán word dit 'n 'probleem'.
 Soos: Ek probeer nou die son uit my oë hou.
 Maar ek kan nie.
 Nie regtig nie.
 Ek moet eers wag tot hy sak.
 Maar 'n mens is ook so donners ongeduldig!
 'Gaan na die mier o luitard en word wys.'
 Word wys of so ongeduldig dat dit jou frustreer?
 Dan lag hy vir homself.

Mens soek gans te ver.
Die antwoord lê net hier onder.
Af. Affer. Afste.
Waar die lewe maal.
Waar alles krioel en uitbroei.
Daar is net een antwoord: Lewe.
En as jy in Hom glo kan probleme of die dood jou nooit
doodmaak nie.

Skielik bars 'n helse donderstorm los.
Dit lyk asof die lang druppels vinniger wil val as wat die
aarde hulle kan aantrek.
Waar die son was, flits nou en dan 'n vergete weerligstraal.
Omtrent die hele hemel kom woon op die aarde.

Alles hou op.
Die hemelruim is oortrek met halfmaanvormige reënboë.
Die man voel hoe die krom kleure om sy kop nesmaak.
Sy oë dryf op die boë soos dooie visse.

Stadig loop hy met die trappies af.
Onder aangekom slaan hy sy oë op.
Al die reënboë het saamgesnoer tot een.

Hy was nie seker nie.
Maar hy kon sweer iemand het vanuit die Hemel vir hom gewink.

HAIKOES

RETSEH LA GRANGE

Druppels reën val swaar —
piering blaar-hart-holte oop . . .
wank'lend oorloop-vol

Fontein van blomme
groeï tuimelend roos en rooi
waar die ou kat droom

Beurtelings spring hul . . .
helderwit branderspitse
op uit grou grys see

Plons jou loerie-lied
in stilte wat soos water
kring van boom tot boom

Somerreëns drup soel . . .
dryf bloeisels in die plasse
koel teen my voete

Vladdervreugde flits
verfgeel spikkeldans teen groen . . .
laat-somer vlinders

Op die vaalbruin mat
sit jy draaikop-dophou stil . . .
vaalbruin hotnotsgot

WILHELM F. HAUPT

Sy het 'n dollar,
'n brood, slenterbroek, frokkie
en sy het die nag.

Hier's my sakboekie.
Voel wat's nog oor. Die jaar voel
bra dun, voel hy nie?

Ek dink elkeen dink
God dink soos hy dink. Mense
glo en dink. God weet.

Hoe kom dit dat daar
nà drie-uur snags nog sonskyn
deur jou hare spoel?

DIE EERSTE STEEN

Hy is met sy wit pak weg, nes hy gekom het. Met die wit pak, die viool in sy kas en sy portmanteau. Maar tog anders weg as met die komslag, kort voor die herfs. Oor sy koms was die mense van die Poort bly. Oom Kalla en Groot Dries en Ouma Leenta (wat blind was in die een oog) het almal na sy papiere gekyk. Oom Kalla het gesê dat hy maar kan intrek in die buitekamer. Dis goed dat daar weer iemand is om die kinders te leer. En vir Myna. Wat ook maar soos 'n kind was en nie veel op die werf en in die huis beteken het nie. Beter dat sy op die skoolbanke sit as vir kwaadgeld rondlê. Haar ma was hoeke bekommerd as sy so lank in die veld ronddwaal.

Sy het darem op 'n manier gehelp om die skoolhuis uit te vee, die dag na Leonardus Bergsma se koms. En van Tant Souf se narsings gaan pluk wat sy in 'n fles op die tafel gesit het. So was Myna. Mooi Myna, het die kinders vir haar genoem en mense wat nie van haar gewet het nie.

Die mense van die Poort was tevrede. Die kinders het goed gelear. Die wat reeds effens kon lees en skryf het saans lang kapitels uit die Woord opgesê as hulle ouers vra. Die ander het letters gemaak en somme en uit boeke wat in die skoolkas was, stotterend begin voorlees.

Leonardus Bergsma het slegs met maaltye huis toe gekom. Driemaal per dag het hy aangesit saam met Oom Kalla, tant Souf en die ses kinders: Myna, wat oudste was, die drie jongetjieskinders en die twee dogtertjies wat nog te klein vir skool was. Smiddae het hy verente in die veld gestap. Groot-Dries het hom 'n keer of wat anderkant die grootdam met die kloof op gesien. Dit het vir Groot-Dries gelyk of hy sit en teken. Tant Souf het gekla oor die klomp vetkerse wat hy opgebrand het. Aand vir aand het die lig in die buitekamer tot laat gebrand. Tot sy en Kalla kooi toe gaan en nog later. Want dikwels as die kleintjies haar in die nanag wakker gemaak het, het sy deur die venster gekyk en keer op keer die meester se lig sien brand. En die viool se klanke gehoor. Want dit het hy knaend gedoen. Viool gespeel. Vir Souf was die vioolspelery tot aanstoot. As die man viool speel, kon sy niks uit Myna kry nie. Sy het selfs op 'n aand vir Myna om die buitekamer sien dwaal. Sy het haar loop haal en niks vir Kalla gesê nie.

Souf het op 'n koue dag met 'n kannetjie koffie na die skoolhuis toe gestap. En op dié dag besluit Myna moet uit. Dit was meer as wat sy kon aanskou en verduur. Myna met haar vol, ryp liggaam, rank soos 'n kerspopulier, tussen die jong jongetjieskinders en die kleintjies.

“Meester, ek vat vir Myna uit. Sy's nodig in die huis,” het sy gepraat sonder om verder te dink.

Sy geel oë het snaaks na haar gekyk, onder die dik haarkuif uit. “Myna is gelukkig hier. Sy luister graag. Sy help my ook baie met die

kleintjies. Hulle is lief vir haar. En sy sing vir ons, Tant Souf. Myna het 'n pragtige stem."

"Almiskie. Maar Myna moet uit. Sy is te oud vir 'n skoolganery."

"Ja." Sy stem was net so vreemd soos sy oë. "Ja. Myna is 'n vrou."

Sy het Myna aangesê om te kom en sonder teenstribbeling het sy opgestaan. Net 'n oomblik het sy by die tafel bly staan en vlugtig aan die roosknop geraak wat sy self die oggend in die voortuin gepluk het. Souf Erwee se hart was soos 'n klip in haar. Swaar van opstand. Haar kind. Haar oudste. Myna met die mooi liggaam, die hare wat heuningblond om die kop hang; Myna met die fyn gesig en leë oë. Vrou van buite, kind van binne. Vat weg jou oë, wou sy vir Leonardus Bergsma sê. Vat weg jou geel oë van my kind se lyf en van haar gesig af.

Sy het dit daarna almeer begin opmerk — Myna se rusteloosheid as die gehuil van die viool oor die werf na die huis toe aankom.

Aan die end van die winter het Leonardus Bergsma vir oom Kalla en Tant Souf kom vra om met Myna te trou. Oom Kalla het hom byna te lyf gegaan. "Myna is 'n kind. Jy weet dit. Sy is nie houbaer nie. Sy moet versôre word."

"Ek sal haar versorg".

"Jy's agter haar lyf aan. Dis al. Pak jou goed. As jy nie teen vanaand van die plaas af is nie, neuk ek jou met die horssweep die Poort hier uit." Voor die aand is hy weg. Nes hy gekom het. Met sy viool en sy wit pak en sy portmanteau. Sonder om weer vir Myna te sien, want oom Kalla het tant Souf aangesê om Myna nie onder haar oë te laat uitgaan nie.

Teen Kersfees was tant Souf seker. Vier maande al dat Myna nie meer elke maand haar wasgoed teen die kreibosse onder by die wasklip ophang nie. Maar Myna se lyf het slank en regop gebly. En tant Souf het vir Oom Kalla niks gesê nie.

Ook nie toe almal met vroeg-Maart se nagmaal dorp toe moes ry nie. Net die volk het op die plaas agtergebly. Daar is met twee bokwaens gery. Ouma Leenta (wat blind was in een oog) het saam met tant Souf en Myna op die kapkar gery, met tant Souf aan die leisels. Myna was stil en mooi in haar wye blou rok en net tant Souf het gesien dat sy soms met 'n koesterende gebaar haar hande in haar skoot vou.

Met 'n stilhouslag, toe Myna veld-in is, het tant Souf met ouma Leenta gepraat. Ouma Leenta het met haar goeie oog skerp na tant Souf gekyk.

"Ek het dan niks gesien nie."

"Daar is nog niks te sien nie. Nie as jy nie weet nie. En goed kyk nie."

"Kalla moet die kliphuisie oorkant die braksloot regmaak. Aankomende week nog. Sy moet uit onder die kinders se oë."

Met skrik het tant Souf geweet dat sy dan vir oom Kalla sal móet sê. Van die nagmaal het sy die naweek niks gehoor of ingeneem nie. Tant Souf en Ouma Leenta en Myna is die Maandagoggend vroeg met die kapkar vooruit, terug plaas toe. Teen tienuur was hulle aan die voet van Ouberg, met nog 'n uurskof voor.

Toe Myna in haar sitplek omdraai en haar ma se hand wat die leisels hou só vasgryp dat die perde swenk, het tant Souf geweet. Sy het verwilderd na die ou vrou gekyk.

„Ek sal haar vat en by haar bly. Ek het my goed. Sit jy hier op die kar.”

Tant Souf het hulle agterna gekyk en sy het gesien hoe die son Myna se hare nog geler maak. Sy het gesien dat die liggaam in die blou rok swaar teen die berg uit beur. Sy het bly kyk totdat hulle tussen die bosse voor die holkrans in beweeg het. Ouma Leenta met haar trommeltjie en met die kombes wat sy van die kapkar af gevat het.

Die son het hoër geklim en tant Souf het die kapkar onder 'n boom langs die pad, ingetrek. Die perde het so ingespan bly staan. Teen die middag het die waens verby gegaan.

„Ry maar,” het sy gewoon probeer sê. „Ek wag vir Ouma Leenta en vir Myna. Dié sal aanstonds terug wees. Ouma Leenta het moeilikheid met haar maag. Ons sal voor donker by die huis wees.”

Teen sononder het Ouma Leenta vir Myna teen die berg afgehelp. Voetjie vir voetjie. Dit was net hulle. En die trommeltjie. Myna se hare was stringerig en donker en haar gesig witter as die doek om Ouma Leenta se nek. Oom Kalla het dieselfde week nog die kliphuis wat alleen oorkant die braksloot gestaan het, reggemaak. Twee kamers en 'n kombuis. Toe het Myna en Ouma Leenta ingetrek. Myna het nooit weer oor die braksloot teruggekom nie. Tant Souf het elke dag oorgestap, so teen laatmiddag. Op 'n middag vir Ouma Leenta dood in haar stoel gekry. Sy het vir Berta van Groot-Dries laat roep om haar met die uitlê te help. Berta het later vertel van Myna: niks oor van mooi Myna nie. Hare donker en stringerig, met 'n lyf wat die van 'n lyk kon wees. En die oë. Leeg en wild. Hulle het vir ouma Leenta uit die kliphuis begrawe. En, genadiglik ook maar, kort daarna vir Myna. Tant Souf het haar alleen uitgelê. Stories is vertel dat Souf nie 'n doodskleed gebruik het. Sy het Myna in 'n wye blou rok uitgelê. Blou soos Myna se oë was.

Die kliphuis staan nog in die Poort, oorkant die braksloot. Maar vervalle en in onbruik. Die mense van die Poort is weg en dood, want die grond is later onteien. Soms, maar eintlik selde, kom 'n kindskind van die Poort se mense om vir sý kinders die onteiene erwe van die vadere te wys. Van die kliphuis kan hy nooit mooi vertel nie. Hulle moes maar onthou om vir Ouma te vra. Sy sou dalk meer weet van die kliphuis wat so eenkant staan en van Mooi Myna se storie.

DIE AAND VAN PIETER LATEGAN

„En nou? . . . besope? . . . dronk? . . . gegat?”

'n Begrip wil-wil vorm aanneem, hy kan dit nie uitskreeu nie, nie eens hardop sê nie, hoogstens fluister, maar in hom kry die woorde resonansie in leë ruimtes en weerklink asof hy in die middel van 'n leë kamer staan en roep.

„Gegat,” het hy ook vir sy spieëlbeeld gesê wat hom van agter 'n klomp half leë bottels aangestaar het, „goed gegat.” Hy was besope ja, maar hy kon seker nie tóé bedoel het wat hy sê nie.

Hy wil sy kop skud om van die suising soos baie water wat in hom invloei, ontslae te raak. Hy het 'n ontsettende hoofpyn en van die beweging begin sy arm ook weer dofweg klop. Die lewe is dus besig om terug te keer. Met sy linkerhand probeer hy sy mond en neus toedruk om te blaas: sy bolip is doodgespuit en dik geswel. Hy kon ook 'n sny voel wat toegewerk is. Sy hand beweeg op oor die dooie pofferige neus na sy oë toe: alles is aanmekaar geswel. Dit voel of hy vanuit 'n ander gesig kyk. Hy moet sy kop draai om te sien waar hy is en dan is daar die suising van baie water wat vloei . . .

Hy het die laaste bietjie wodka in sy glas weggesluk en die kroegman nader gewink: „Selle seblief,” het hy gevra.

„Nee,” het die kroegman gesê. „Ek dink jy moet jou ry kry.”

„Is dit al so laat? Maak jy al toe?”

Hy het probeer om op sy polshorlosie te kyk.

„Nee,” het die kroegman gesê, „maar jy het nou genoeg gehad.”

Hy het nie beweeg nie.

„Jy't ook nie genoeg geld vir nog 'n dop nie.”

Hy het vyftig sent uit sy sak gehaal en op die toonbank neergesit.

„Het jy geld om by die huis te kom?”

Hy het geknik.

„Die laaste,” het die kroegman gesê toe hy sy glas vat om vol te maak, „dan kry jy jou ry. Dit sal vir jou beter wees om op jou eie pote hier uit te gaan.”

Dis van die drank wat hy die eerste maal naar geword en gekots het en dit was drank wat hy uitgebraak het en, lank nadat daar niks meer in sy maag was, het hy nog oor die suur reste van die aand gebukkend gestaan en kokhals.

'n Verpleegster loer by hom in, trek haar kop terug en verdwyn iewers heen.

Die stasie het vir hom voorheen nooit so vreemd gelyk nie. Dit

was stil. Die geroesemoes en beweging, die drukte van die oggend en laat middag het ontbreek. Die plek was doodeenvoudig leeggeloop. Hy was deel van die nadrup van die dag, op pad om ook soos al die ander ingesluk en weggevoer te word na 'n bestemming waar hulle uiteindelik iewers uitgewerp sal word.

Daar was net een kaartjiesondersoeker aan diens by die hek waardeer hy moes gaan om af te daal platform toe. Hy het sy kaartjie uitgehaal om aan die man in die verbyloop te wys, maar die ou wou hom van naderby beskou en het hom teruggeroep.

„Daar's niks fout nie,” het hy gesê. „Ek kom elke dag met die ding hier verby. Jy mors jou tyd.”

„Ek mors nie my tyd nie. Ek het hope tyd. Dis julle wat nie tyd het nie. Julle het mos tyd vir niks.” Hy het die kaartjie uit die houertjie gehaal en dit aandagtig beskou soos 'n doeanebeampte 'n verdagte paspoort. „Julle probeer mos altyd om met alles weg te kom. Maar eendag se eendag gaan julle vasgetrap word.”

„Jy's seker jammer né?” het hy gesê toe die man die kaartjie terug gee.

„Jy kan maar gaan.”

„Dankie,” het hy gesê. „Jy kan maar sê ek is al daar.”

Hy moes mooi trap om nie te val nie.

Onder die oppervlakte was dit effe donkerder — daar was minder skoon plat vlakke wat die lig kon weerkaats, meer plek vir skaduwee en dan was daar ook meer mense. Party het gestaan, ander het gesit en hulle het gesels, gerook, koerant gelees of sommer net gesit. Klanke was dowwer, minder skerp op die ore; of het die mense net meer gedemp gepraat?

'n Verpleegster maak weer geluidloos haar verskyning en begin aan sy regterarm peuter. Hy kan nie sien wat sy doen nie, want hy lê plat op sy rug, sonder 'n kussing of iets onder sy kop. Die gewerskaf gee die pyn meer vuur en as hy probeer om sy kop op te lig om te sien wat aangaan, druk sy hom terug teen die matras.

Hoekom spalk julle hom nie?, wil hy vra, maar sy tong is dik en droog in sy mond en die woorde wil nie los kom nie.

„Die dokter sal nou hier wees, jy moet net geduld gebruik,” sê die verpleegster.

Wat sou haar naam wees? Elaine? Elaine Greybe? Die van kon haar stiefpa s'n wees. Het sy hom gevra wat sy naam is? Maar sy kon dit nie lank onthou nie: „Dick, sy naam is Piet,” het sy aan iemand gesê en net daarna op die trein het sy hom Paul genoem. „Ek was amper reg,” het sy gegiggel toe hy haar reghelp, maar by haar ouers moes hy homself aan hulle voorstel.

Maar daar op die stasie was haar tong swaar en sy het kort-kort oor haar lippe gelek. Sy het moeilik vertel . . . Was dit van die drank of as gevolg van haar vrees vir die Swartes?

„Jy hoef nie vir hulle bang te wees nie.” Het hý dit vir haar gesê? Hoe onthou jy so ’n aand wat vir jou te veel geword het?

Hy het op ’n leë bank gaan sit met sy elmboë op sy knieë en sy kop in sy handpalms. Tussen sy bene deur het hy ’n koerant onder die bank sien lê. Toe hy opkyk, was dit amper kwart voor agt, of was dit dalk twintig voor nege? Al waarvan hy seker was, is dat die een wyser op die agt gestaan het en die ander op die nege. Hy het die koerant oopgevou. Op die voorblad was daar iets van ’n tuislandleier. Wat het hy geëis? Was dit meer grond of meer regte vir die stedelike Bantoes? Die berig oor die terroristebedrywighede op die grens onthou hy veel beter. Daar was ’n foto by, maar hy kan nie onthou waarvan nie. Dan was daar ook nog die een of ander sportbesigheid, ’n toer of ding in die buiteland wat weer afgelas is of geboikot word. Hy het niks gelees nie. Hy het verder geblaai tot by die strokiesprente. Hy was lus vir ’n sigaret, het een opgesteek en die vuurhoutjie van hom af weggeskiet. Die vuurhoutjie het tussen die verste twee treinspore geval. Dit was niks; hy kon baie beter skiet as dit. Hy het hom al tot op die volgende platform geskiet.

„Hoe voel jou arm nou?” vra die verpleegster. „As hy weer seer begin word, is die lewe besig om terug te keer. Ons sal nou-nou iets daaraan doen.”

Die lewe is ver weg, dink hy. Dit klop in pyn en lê saam met vrees vlak in die oë. Dit was in haar oë, maar . . . die vreemde oë van die kind? As ek stil lê? Kan ek nog banger . . .? En nou . . .?

Maar sy was nie altyd daar nie. Hy het eers die geskreue gehoor, betekenisloos, yl en onherkenbaar tot dit meer skor geword het in haar keel, waar sy klouend aan die trapreling afgekom het tot voor hom, en dit veelseggend en vlak in haar oë gelê het. Sy het wanhopig om haar rondgekyk na al die gesigte wat almal na haar gekeer was en haar toe na hom gewend. „Hulle gaa ons toor! Hulle gaa ons toor!” Die rou klanke het swaar losgekom so al of dit deel was van die liggaam en met moeite daarvan losgemaak moes word. „Hulle gaa ons toooor!”

Saam met haar het die mannetjie gekom. Soos ’n skaduwee en klein en skraal met ’n kop wat amper te groot was vir die dun nekkie. Hy het ’n poging aangewend om haar te ondersteun, maar kon nie daarin slaag nie toe haar voete onder haar meegee en sy op haar knieë voor die bank beland. Hy het die mannetjie gehelp om haar op die bank te kry. Haar kouse was geskeur en haar knieë nerfaf en vuil en dit was duidelik dat dit nie die eerste keer was wat dit daardie aand gebeur het nie.

„Te veel gedrink,” het die mannetjie aan hom verduidelik.

„Ôk so,” het hy gesê, maar die mannetjie het teen die ruglening teruggesak en voor hom uitgestaar skynbaar onbewus van die kermende vrou langs hom of van enige iets anders.

Daar was spoeg om haar mond en haar trane en grimeersel het vuil vore oor haar wange geloop. Hy het sy sakdoek uitgehaal en na

haar uitgehou. Sy het dit gevat. Daar was 'n vreemde krag in haar greep soos dié van 'n dier. „Ek's so bang hulle gaan ons toor.”

Die mannetjie het dadelik orent gesit toe hy op 'n stadium vir haar 'n sigaret aanbied, gretig om ook een te kry.

„Niks,” het hy gesê terwyl hy sy sigaret aangesteek het. „Niks . . . alles gevat . . . trousertifikaat, geld, sigrets . . . de lot . . . net ons treinkaartjies in my sak . . .” Hy het die sigaret tussen sy lippe vasgekny, sy oë toe gehou, die kaartjies uit sy baadjie se boonste sak te voorskyn gebring en omhoog gehou. „De works . . .” Toe het hy weer teen die rugleuning teruggesak soos voorheen. Al verskil was dat hy toe 'n sigaret in sy hand gehad het.

Hulle het nie juis soos mense gelyk op die dag van hulle huwelik nie. Hulle is glo daardie oggend in die landdroskantoor, Springs getroud; daarvandaan „Jo'burg” toe om die geleentheid te vier. „Hy kon nie verlof kry nie, sien,” was haar verduideliking vir die ongewone wittebrood, „hy werk nog net twee weke by die telephoneplek.” Hulle sou in Johannesburg 'n aand of wat deurbring voor hulle terugkeer Springs toe. Hulle het niks wat soos 'n koffer lyk, of iets waarin hulle 'n paar stukkie klere kon druk by hulle gehad nie. Sy kon dit seker nie in haar handsak gehad het nie?

Dis oor haar handsak wat sy so ontsteld was: „Hulle het nie veel nodig om 'n mens te toor nie. Hare in my kam en my borsel, . . . tissues, . . . 'n naelvyltjie, . . . lipstick, . . . poeier . . .” Sy het die inhoud van haar handsak op haar vingers afgetel, „ . . . en nog kiekies van ons en ons kind . . .” Sy het weer begin snik. „Hulle het regtig nie veel nodig nie.”

„Wie is ,hulle'?” het hy gevra. „Swartes?”

Sy het geknik.

„Het hulle jou handsak gesteel?”

„Uit my hand geruk,” het sy dit uitgekry.

“En hy,” het Pieter gevra. “Kon hy nie keer nie?”

Sy het haarself mooi onder beheer gekry voor sy geantwoord het. “Nee, hy't te veel gedrink en dan het hy nog die armpie.”

Hy het die druipe handjie opgetrek langs sy sy gehou. Dit het gelyk of die hand heeltemal verlam was en Pieter kon onthou dat hy gedink het dat hy net sowel geen arm kon gehad het nie.

“En ons trousertifikaat ook . . .” het sy weer begin. Nou sal haar ma-hulle nooit glo dat hulle getroud is nie. “Nee hulle het nie saamgegaan nie. Hulle het gewerk en kon nie afkry nie. My ouma moes die kind oppas. Hulle hou nie van Dick nie.” Maar hy moes hulle seun sien. Ses maande oud en 'n “regte klein breker, aard so reg na sy pa. Jy moet regtig saamkom huis toe” het sy aangedring, “dan kan jy sien hoe mooi hy is. Ek het my vrek geskrik met sy geboorte, want hy't 'n haaslip gehad, maar hulle het dit mooi reggemaak, nou's hy pragtig. Toe asseblief, jy moet saam kom?”

Hoekom wou sy hom saam hê? Sy sou tog seker nie idees gehad het nie.

“Ek gaan net tot op Benoni,” het hy gesê. “Ek het nie geld om nog ’n kaartjie Springs toe te koop nie.”

Sy was regtig bang vir die Bantoes. Nie oor wat hulle gedoen het nie, maar oor dit waartoe hulle dalk in staat kon wees. Sy het die hele rit kort-kort weer daaraan gedink en begin huil. Hy het probeer om haar te kalmeer, om haar te oorreed dat dit blote bygeloof is, maar dit het nie gehelp nie — sy was oortuig en dit was ’n oortuiging wat baie ver vandaan gekom het. Dit het haar nooit verlaat nie. Selfs in haar helderste en opgewekste oomblikke — die kere wat sy van die kind gepraat het — was die vrees nie baie ver weg nie, het dit net onder die oppervlakte geskuil om weer in haar stemklank of woorde uit te breek. “Wil jy nie saam met ons gaan nie?” het sy bly aandrings. “Dan kan jy my ma-hulle sê jy het gesien toe die Swartes my handsak steel. Asseblief?”

Hy kon nie onthou of die trein by enige stasie stilgehou het nie. Dit wou vir hom al voorkom of die trein reguit deurgery het Springs toe, maar dit was tog onmoontlik, want daardie tyd van die aand is daar nie sneltreine nie, en tog, hy kon ook nie onthou dat hy ’n definitiewe besluit geneem het om saam met hulle Springs toe te gaan nie.

Hulle het weer gerook, die laaste sigarette wat hy gehad het en hy het nie geweet hoe lank die aand nog sal word nie.

Die verpleegster verdwyn weer en verskyn weer om hom in te spuit. Dit moet seker vir die pyn wees. Heerlike ou verdowing . . . soos drank.

Hoe ver moet dit nou wees?, dink hy as hy niks meer voel waar die arm moet wees nie.

Hy kon haar goed onthou, maar Dick . . .? Op die trein en by die huis het hy omtrent nie ’n woord gesê nie. In die trein het hy teen die venster gesit. Hy het hom nie aan hulle gesteur nie, behalwe as daar gerook is, verder het hy deurentyd by die venster uitgestaar. Pieter kon hom nie juis as ’n opwindende minnaar voorstel nie. By die huis het hy hom ook in ’n hoek teruggetrek. Hy het gerook en net as daar drank ingeskink was, was hy by, maar andersins kon hy net sowel nie teenwoordig gewees het nie.

Hy draai met moeite sy kop skeef en kan van waar hy lê ’n deel van die gang sien. Die kamer moet naby ’n teater wees, want hy sien gedurig mense met bloedbesmeerde oorpakke, met maskers en plastiek handskoene verby beweeg.

Hoe het haar stiefpa gesê?: “Drown your sorrows.” Haar ma het geskink, met ’n swaar hand, maar self het sy nie gedrink nie, ook nie Elaine nie. Die ouma wou vir hom koffie gee en iets om te eet, maar Elaine se ma het dit lag-lag doodgepraat: “Ma, die mense sal nie koffie wil hê as daar booze in die fridge is nie.”

Nee hy had geen “sorrows” of enige iets om te versuip nie. Hy het maar net gedrink, wat anders was daar om te doen? ’n Mens het nie

“sorrows” oor ’n meisie nie met jou wil uitgaan nie omdat sy snuf in die neus gekry het oor jou bedoelings met haar. Dit was ook nie die eerste nie. ’n Mens raak later daaraan gewoond en jy kan tog sekerlik nie die hele aand by die huis sit en niks doen nie? Al probleem was dat sy geld nie gehou het nie.

Hulle moes baie mooi aan haar ma verduidelik wat gebeur het. “Dis net weer ’n blêrrie storie,” het sy gesê, maar vriendelik teenoor hom geglimlag: “En jy, meneer Lategan, sê jy het gesien toe die Swartes haar handsak gesteel het?”

“Dis oor hulle die ding drie keer uitgestel en eers die vierde keer deurgedruk het,” het die stiefpa gesê. “Vier is ’n onheilige getal. Dit broei net onheil uit.”

Die ouma was vriendeliker en meer bedagsaam. “Dankie tog dat jy jou oor die kinders ontferm het, meneer Lategan. Dit was baie gaaf van jou om saam te kom. Die arme mense sukkel so. En nou nog die as-trante Swartes ook. En die arme kind. Ek weet nie so mooi watse toe-koms daar vir hom is as dinge so met aanhou nie. Ons het juis soveel moeite met hulle gehad om te trou . . .”

“Toe nou Ma . . .!”

Elaine het weer oor die toordery begin kerm. “Bog!” het haar ma gesê. “Dis te ver. Jo’burg is te ver. Hulle ken jou nie en weet ook nie waar jy bly nie. Hulle stel buitendien net in geld belang. Hulle sal jou nie toor nie.” Dit het haar gerusgestel.

Dan was daar nog haar stiefpa se kerie ook. Daar was iets met sy bene verkeerd, want hy het swaar beweeg. Hy het soos ’n oud-soldaat daar uitgesien; skuifelende oor die vloer met die kerie in sy linkerhand en waar die regterhand moes wees, net die leë hempsmou. Dit was ’n interessante kerie: die kop daarvan was in die vorm van ’n hand wat ’n eivormige voorwerp vashou. “My vrou het dit by ’n toordokter-vriend van ons gekry,” het die ou man beduie. Pieter het iets onthou dat iemand vertel het dat die Bantoes hierdie keries maak en dat die hand die Swartman se hand voorstel en die eier die Witman s’n. “Donnerse goeie toordokter,” het die ou man verder gemompel.

Hy kon nie wegkom voor hy eers nog ’n dop gemaak het nie en hy moes, ten spyte van alle teenkating, op Elaine se aandrang die kind sien. Sy lang, yl babahaartjies was deurmekaar, die leë ogies — fletsblou soos sy ma s’n — het weg van die neus, amper aan weerskante van die koppie gesit; sy tongetjie het by sy mondjie uit beweeg asof hy gedurig na iets soek. Die herstelde haaslippie het opgetrek en die mondjie wat oop gehang het nog groter en oper laat voorkom. “Is hy nie pragtig nie?” het sy gevra. Hy het nooit voorheen so ’n kind gesien nie. Die plek het vir hom te klein geword, te vol: almal behalwe Dick het die spasie om die bed, tussen die spieëlkas, die bababed en die hangkas vol-gestaan. Te vol. Elaine wou nie hê hy moet gaan nie, maar kon dit nie openlik sê of wys nie. Self wou hy nie bly nie. Gelukkig was haar ma gretig om van hom ontslae te raak. Sy het hom selfs ’n klomp sigarette gegee vir die pad. Hy het baie gou van hulle ontslae geraak op pad stasie toe. Hy kon toe nog ’n pakkie tien Lexington bekostig.

Op die trein terug het hy weer naar geword en het so te sê die hele pad in die toilet deurgebring. Vir die kaartjiesondersoeker was dit niks vreemd nie.

Vir die eerste maal daardie aand het hy bo-op die oorbrug op Benoni stasie helder gevoel, verlig. Hy kon oor die stasiegeboutjies heen-kyk, oor die platforms; en daar ver met die spoor langs was die liggies van die trein vinnig besig om weg te raak. Die aand was so te sê verby. Dit was 'n interessante aand — hy het iets gehad om te doen, iets anders. Môre is Saterdag, het hy gedink. Ek kan my roes by die huis gaan afslaap.

Op daardie oomblik het hy net een probleem gehad en dit was om by die huis te kom.

Meteens was hy verdwaal. Was hy op die regte oorbrug? Die geboue moes aan die regterkant van die brug gewees het. Iets wou nie klop nie.

Daarna het alles vinnig gebeur. Hy het skielik 'n helse lawaai agter hom gehoor, omgeswaai en twee, drie, selfs meer mense, arms en kiereswaaiend op hom sien afstorm. (Hy was tog nie so dronk dat hy hom kon verbeel het nie?) Hy het weggespring, by die trap afgehardloop, sy balans verloor, misgetrap, gatoorkop geslaan en onder aan die trap tot stilstand gekom. Hy het iemand in die donker hoor lag toe hy opspring. Dis eers toe hy tot stilstand kom, dat hy bewus geword het van die pyn in sy arm. Later toe hy weer opkyk, het 'n Bantoeconstabel bo-aan die trap in die lig gestaan en afgekom na hom toe. Die pyn was ontsettend. Hy het eers gedink dat hy in die elmboog seergekry het en het die arm tussen sy knieë probeer vasdruk, maar dit het die pyn net vererger. Die Bantoeconstabel het nader gekom en hulp aangebied. Hy het gedog hy sal regkom en gesê dis niks. As hy maar van die man se hulp gebruik gemaak het. Sy arm was gebreek, al twee die pype, net onder die elmboog. Hy het probeer om hom reg te trek sodat daar nie sulke knoppe uitstaan nie. Jere, hy het amper gesterf van die pyn. Daar was vir hom net een uitweg — 'n huurmotor. Sy ma sou seker geld by die huis gehad het. Hy het ook daaraan gedink om reguit hospitaal toe te gaan en was besig om oor die straat te sukkel toe die motor skielik langs hom stilhou en hulle hom tussen hulle inpluk en met iets koud en hard sy kop agteroor druk, die deur toeklap en wegjaag. Hy moes geskreeu het, al was dit net van pyn. Hy kon ook onthou dat dit Bantoes was, want een het gesê: "If you move, I shoot." Hulle het hom vinnig deurgesoek en iemand het na 'n gevrotel sy arm beetgekry en seker probeer om dit agter teen sy rug op te draai; die pyn kan hy nog onthou, maar daarna niks meer nie. Of tog, een keer — maar dit was soos in 'n droom — kan hy vaagweg onthou, moes hy seker bygekom het. Daar was gras in sy mond en hy was bewus daarvan dat hy kaal moes wees, want hy het wind op sy lyf gevoel en onder hom grasstoppels en grond.

Hulle kom hom 'n klisma toedien. Vader! of hy nie al leeg genoeg is nie. Daarna verskyn sy ma skielik. "Here, Pieter! . . . Wat het gebeur?" Sy trek haar asem diep in, wil omdraai en begin huil. Sy spring by die deur uit, maar kom weer dadelik terug. Hy kan sien dat sy na iets soek waaraan sy hom kan herken. "Watse knop het jy hier tussen die oë asof iemand jou reg van voor met iets geslaan het? Jou lip en jou oë, dit lyk of jy na die kante toe kyk?"

Hy wil sy mond oopmaak om vir haar te sê, maar daar kom geen geluid uit nie.

“Wat het jy nou aangevang?”

’n Dokter kom. Sy moeder kyk vraend na hom.

“Ek is bevrees, mevrou,” sê hy. “Ons sal nie veel kan doen nie . . .” Hy kyk deurentyd na Pieter as hy praat. “Ek bedoel, ons sal nie sy arm kan red nie, ons sal hom moet amputeer.”

Hoe sal hy haar kan vertel?

Sy begin weer huil. Die man sit sy hand op sy voorkop. “Toemaar ou, dis al wat ons op hierdie stadium vir jou kan doen. Dit sal nie seer wees nie. Ons maak jou aan die slaap en as jy wakker word, sal alles weer dood dollies wees.”

Sy ma bly by hom. Hy weet nie wat sy sê nie.

Sy sal hom nooit meer glo nie?

Daar is ’n gevoel in sy kop van baie water wat in hom inloop sonder om hom vol te maak.

Die gordyne voor die venster is toegetrek.

Hy kan by die deur uitkyk. Daar beweeg mense voor die deur verby.

DIE "SPEL" IN DIE GRAMMATIKA VAN LIEFHÊ

Lesing gehou voor Afrikaanse Studiekring,
Universiteit Stellenbosch, 29 April 1976.

1. Naskrif

Is daar moord
en iemand skuldig?
Verken in die begin
en end die Woord. (D. J. Opperman: *Dolosse*)

In J. C. Steyn se *Die grammatika van liefhê* word dit eerder 'n omgekeerde waarheid: verken eers die woord, en end (in) die begin. Die woord staan in hierdie bekroonde debuutbundel sterk op die voorgrond, en eers uit die woord kom die "begin".

Woorde is, taalkundig gesproke, plaasvervangers vir die werklikheid. In die poësie word die plaasvervangende funksie en aard van woorde 'n belangrike stap verder gevoer: die werklikheid self word ook verplaas. In die poësie word hierdie werklikheid getransponeer, ver-beeld, ge-ironiseer, verwerk-lik, of hoe dit ook mag sy. En in die taal kom een of ander *teenspraak*: deur die sintaksis, die "onlogiese" metaforiek, die "beplande afwyking". M.a.w., ook die taal-werklikheid word verplaas.

Maar maak nou in hoë mate die *woord* (die *taal-self*) onderwerp van/vir die poësie, en die verwickeldheid van presupposisies en die ingewikkeldheid van die interpretasie-legkaart neem aansienlik toe. Met die verhouding nie meer net woord: werklikheid nie maar woord: woord: werklikheid, is dit al hoe meer 'n geval van verken die woord, en end miskien in die begin.

Gedagtig aan N. P. van Wyk Louw (in *Tristia*) oor "as die taal-self masjien word . . .":

Daar sal wel duisend jaar verbygaan voordat fyn dink
weer geweet, gesê sal word

is daar dalk rede vir twyfel oor die uitkoms van 'n analise van die Steyn-bundel.

Of miskien word dit spel tussen "waantoe" en "waan toe":

Elisie

Waarnatoe loop dié pad —
spieëlglad Verneukpan toe?
Daa'ntoe wil ek
soheentoe soontoe,
soen toe met hom langs.
Waarnatoe gaan jy, weg?
Wa'na'toe waantoe —
na watter waan toe, weer 'n illusie?

Die titel van hierdie bundel het iets van 'n "beswerende" effek.

Grammatika dui op *sisteem*, *liefhê* dui op *emosie* en menslike *ervaring*. Maar *liefhê* dui ook op woord, is ook 'n formele klank- en betekenis-eenheid. (Hierdie dubbelling van *liefhê* is moontlik omdat die woord nie deur 'n bepaalde lidwoord gekwalifiseer word nie.) Daar is dus dadelik 'n dubbele verhouding: sisteem tot emosie; taal tot mens. In die eerste reëls van die titelgedig vind 'n mens ook hierdie besondere verhouding terug:

Liefhê is 'n tangkonstruksie,
as eenwoord-samestelling 'n abstraksie.

Die *tangkonstruksie* dui op 'n (letterlik) geslote en in- en afsluitende sisteem in die taal, die *abstraksie* dui op die nie-gesistematiseerde ervaringsmoontlikheid. Hierdie verhoudings impliseer o.a. 'n bepaalde teenspraak (sisteem x emosie), 'n spel binne die taal en 'n spel tussen taal en verwysingswêreld, 'n sekere graad van betwyfeling met moontlike ironiese en siniese effekte, en 'n taalprobleem: hoe vind die skrywer 'n formule om die moeilik verbindbare, t.w. woord tot woord maar ook woord tot werklikheid, te versoen? Ontwikkel uit hierdie verwikkeldheid tog 'n bundel verse wat tot sinvolle sintese lei, of word dit raaiselgedigte soos N. P. van Wyk Louw se uile wat in die klipsteen sit met die vraag oor "die dood in die berge":

Het hy uit hierdie dun lug
. . . geval? gevlug?

Of word dit straks 'n spel om en binne die spel?

2. In 'n ironiese woordspel skryf D. J. Opperman: "Woord wek woord en wederwoord . . ." Een woord roep verskillende betekenis-moontlikhede op, en een vorm inspireer die volgende.

Hierdie spel met die woord en die vorm, en die spel in die woord self, is oorheersend opvallend in *Die grammatika van liefhê*. Só opvallend dat dit die gevaar meebring dat 'n haastige leser oppervlakkig hierin kan bly vassteek. Veral by 'n teks soos *Ontheemde* kan 'n bloot vernuftige spel met die woord en vorm na 'n finale interpretasie lyk:

Ek het jou as't ware
"as die ware" — as jy wil — aanbid
in my eng gedagte-wêreldjie
gehak, -hak, -hakkal met my eng . . . eng . . . engels
my heng nee nou gaan dit weer te ver: my engel
wou ek sê — angele en saksers het oorgesteek
en jou lieue eilandjie ingeval: die angele
het nie bly steek soos skerpioene nie, word engele
en die saks seks (-ek- eksisterend in *esse*)
East Saxon Wessex home-kontrei bes.

In eie reg vervul die woordspel as sodanig sekere funksies in hierdie bundel. Dit toets taalvernuf, dit open onverwagte klank- en betekenis-moontlikhede binne die taal (bv. *Deelwoorde deel*), dit vernuwe die idiomatiese vorm (vgl. "teen bid en dank" x *teen wil en dank*

in *Hoëveld*), dit skep kundige skeidings by samegestelde vorme en lê sodoende ekstra betekenis-klem op die geskeide dele (bv. “wil ek grag vir grag/my *mee* laat *sleur*” in *Afskeid van Amsterdam*. Maar ook is die doeltreffende woordspel essensieel ’n toets vir die taal self. Dit moet ook parodie word op die polisemiese, homonimiese en sinonimiese kwaliteite van die taal. ’n Uitnemende voorbeeld in dié verband is *Trans-Atlantiese transformasie* wat ook iets van ’n parodie op die taalkunde insluit.

Maar J. C. Steyn se woordspel het nie meer die goeie naïwiteit van Langenhoven se vorm-aanpassings en Visser se “langdradig op die preekstoel en kort van draad daaronder” nie. Ook het dit nie die onmiddellikheid van emosionele impak soos by Breyten Breytenbach nie. Naas die primêre taal-funksie, beklemtoon dit ’n besondere verhouding tussen taal en verwysingswêreld. Soms is dit betreklik sinies (-betrokke) in gedigte soos *Aftjop* en *Aan’t aftjop*, soms op ’n ander vlak soos in *Sterrekundige analise*. In hierdie “wiskundige” vers word betekenis-skeiding gelees uit gelyke taalvorm (*lig, liggies, een saam, eensaaam*) met effek: menslike skeiding en metafisiese eensaamheid in fisiese gelykheid. Die ironiese ondertoon lê buitengewoon sterk in die onverwagtelike aard- en *morester* wat op verskillende tye waargeneem word, maar sterrekundig gesproke dieselfde ster is.

3. Van al my land se Tafelberge
 is daar vir my maar twee
 dis die Tafelberg by Boplaas
 en sy Ouboet by die see
 by Boplaas se berg was ek ’n kind
 met ’n kind se huil en lag
 by sy Ouboet word ek rebelserig oud
 met ’n ou man se dink en wag
 die begin op die Plaas was waterpasreg
 maar hoe rym jy die ouderdom weg
 met ’n ou man se pieker en wag

(Boerneef)

In dié Boerneef-vers is daar ook ’n sterk parallel in klank, vorm en inhoud. Maar regdeur is daar ’n suggestie van die lewensironie, ’n ironie vanuit die betrokkenheid by en die bewoënheid van die lewe. En hierdie bewoënheid ontbreek nie in die Steyn-verse nie.

In *Inleiding tot ’n tentatiewe fenomenologiese beskouing* word die spel van die woord ook die *ironiese spel* (miskien eerder: die spel met die ironie). Maar dié ironiese spel kom vanuit ’n betrokkenheid, dit word metode om die self en die emosionele ervarings mee te verskans. En deur die taal en die taal-analise voorop te stel en die emosie in die taal in te projekteer, word dit ook metode tot distansiering.

“Arbitrêr is die vorm van ’n teken.”

Dis wat taalkundiges reken.

Maar ek soek liefds die diep perspektief
 in *eensaam* en *verlange* objektief.

(p. 20)

Hierdie faset van die verhouding *taal: werklikheid via taal* met

resultaat skeiding en intellektuele distansiering is algemeen binne die ironiese konteks van hierdie bundel.

J. C. Steyn skryf self in *Die kunswerk as taal* (red. F. I. J. van Rensburg) oor die ironie en die spelkarakter daarvan. Op bladsye 57-58 haal hy J. Huizinga aan oor *spel* as sodanig. Daaruit is vir die begrip van *Die grammatika van liefhê* 'n paar punte van groot belang, t.w.: die spel staan buite alle ander kategorieë teenstellinge van die lewe, die spel kontrasteer nie met die erns nie, dit is 'n uitree uit die gewone lewe in 'n tydelike sfeer van aktiwiteit met 'n eie strekking, die spel is herhaalbaar, dit skep 'n eie orde, en — "Het spel bindt en verlost. Het boeit. Het bant, dat wil zeggen be-toovert". Ook in Steyn se bundel is daar die bewys van die spel wat bind en verlos, wat ban en betower.

Dit is nie die fyn-humoristiese dubbelspel van bv. *CNOoringkorrel* van D. J. Opperman nie:

Ek lei my kandidate in met Dekker,
maar open stadig die gesprekke,
verwagting hulle stap later
die letterdoelas in ontdekker.

(*Kuns-Mis*)

Dit is eerder 'n spel wat óók *kreet* is:

Verlange is wat vér is
sê die eerste lettergreep;
vér weg is en lank wegbly —
verlang ontwyk hy my greep.
Ek verlang na iemand,
naby en warm konkreet
(nie "kónkryt" — dis betonstil, koud,
en die klem moet val op -kréét),
iemand wat ek figuurlik
dus letterlik "figuur"-lik aan kan vat
en oor "-lik" eers "-lyf" was,
figuurlik-lyflik besit.
Eensaam is ek egter:
alleen sillabe een is waar —
want waar is die "een" wat kastig "saam" is?
is die saam-ene ekkie op my centjie
wat gans en al homoniem is van *eendjie*?

(p. 20)

'n Spel dus wat (tydelik) afstand en dus uitkoms en beskerming bring.

Soms rus hierdie ironiese spel sterk op *klank* (bv. *Dorsrympie*), soms veronderstel dit 'n afsydige betrokkenheid-in-*sinisme* (bv. *Die kleurryke plaaslewe*), soms is dit satiries (bv. *Grammatiese didaktiek*). Hierdie satire betrek in 'n gedig soos *Chronies diachronies* die taal self as kritiese en gekritiseerde objek.

'n Spel met/in die woord word dus spel met die ironie, maar omdat dit die taal voorop stel en daardeur die self en die emosie distansieer, open dit die moontlikheid tot 'n nog groter spel.

4. 'n Woordspel is in 'n hoë mate te herlei tot die feit dat gelyke vorm semantiese verskille kan dra. (Vgl. o.a. H. Schultink). Die taal-gerigtheid van die bundel bied die besondere moontlikheid vir 'n poëtiese bedeling van VORM: BETEKENIS, waar die *vorm die woord* is en die *betekenis* die *emosie*. (Emosie dan genome in die ruimste denkbare konnotasie.) 'n Sleutel in dié verband is die gedig *Woord en sin*:

Woorde is almal s'n,
nie net myne nie;
daar's geen heimlike opsie nie,
'k was te laat vir mineraleregte.
Maar delwe kan ons tog almal
dwaarsdeur ons hele lewe deur;
buitendien is boonop
vir kleims is gehardloop
en vergange vir goud
'n kryg laat ontbrand.

Al wat myne is
is my sinne;
in sinne is alle woorde
mýne
waar ek my in kan verdiep
verborge gange oopgrawe
met geheimsinnige waters deursypel
om myne te verbind
met ander ryk domeine s'nne.

Woorde is kollektiewe taalbesit, sinne is individuele uitings. Maar deur sinne kan die spreker kontak maak met ander sinne en s'nne, m.a.w. deur die individuele taaluiting word die kringloop tussen die kommunikerende deelnemers voltooi. In die taal *vind* die individu homself, en *beskerm* hy homself.

In die taal word die lewe getransponeer, sy dit deur die permutasie van die woord, sy dit deur die oorplaas op 'n beeld. Vgl. D. J. Opperman se *Wingerd* uit *Kaapse Draaie* waar dit om woord-permutasie én beeld gaan:

Hoe staan my oustes dan so kromgetrek
in rye en met kieries op een plek?
Skink vaaljapie, skink gou . . . dit spook
en mórenag is ek dalk ook
in die groot groei se rumatiek betrek.

By Steyn geskied hierdie transponering hoofsaaklik deur die woord self. Die lewe word 'n *wisselspel*, soos die taal (sinne is mýne, sinne is myne). Dié wisselspel voltrek hom in die *natuur* (bv. *Vyeboom op die Hoëveld*), binne die *liefde* (vgl. o.a. die titelgedig), binne die verhouding *lewe: dood* (bv. *'n Moeder sterf*), binne die *menslike ervarings* in die natuur (bv. *Verbitterde boerseun bid*), en in natuurverbondenheid (bv. *'n Boer groet sy plaas*), ook binne *menslike verhoudings*, soos kleurkewessies in Suid-Afrika (bv. *Seur en kleur*, en *Oos, wes, tuisland*

slegs). M.a.w., hierdie wisselspel betrek die totale mens, dit vorm 'n hele register van menslike emosies.

Maar hierdie wisselspel bring ook 'n wrange noot: is die hele lewe net spel, "life a cabaret"? In *Glo* en veral in die sterk self-siniese en -stropende *Selfverwyf* word hierdie wrangheid sterk beklemtoon. In laasgenoemde gedig gaan dit ook om die distansiering van die self: 'n eindpunt in distansieringsmoontlikheid. Die spel is gespeel: ontugtering bly oor. Ook sinne bedrieg, en dan volg onder die opskrif

Lewenskuns 2 dit:

Ek wil weer sien
die mombakkies meedoënloos koelbloedig
afruk, al skeur die velle saam
en al drup daar bloedwarm soos trane
iets uit: nie pyn, nié leegheid
maar lawa, gloeiwarm, wat in harde woorde stol.

5. Sisteem teenoor emosie, taal teenoor taal. Maar taal staan ook nog teenoor emosie: *liefhê* (woord): *liefhê* (ervaring). Satiries-didakties (en "eg" didakties ook!) is *Die taal is gans die volk*. Die reg(te) Afrikaner in die restaurant, die "bar"-barbaar, die vet veeboer en die rugbyspeler is almal onder die loep:

Staatmaker-stut op die rugbyveld —
'n ware hardekoejawelheid —,
maar onsportief in die kafee,
draf hy softy-softy mee
en laat met paw-paw en guavas hom geld.

Die taal = volk, m.a.w. die woord word in direkte verband gebring met die mens, woord en ervaring dus gelyk ten opsigte van mekaar.

Maar baie sterker, en meer persoonlik, is die slotgedig *Germaanse ruïnes*. In dié uitmuntende vers word taal-verlede en -hede sowel as mens-(volk-)verlede en -hede byeengebring. Taal word 'n persoonlike item deur intieme assosiasies, die mens is/word die taal. Maar ook die volle emosionele drag is hierby ingesluit. Met die slot van dié vers word Trigardt aangehaal. Vgl. die oorspronklike inskripsie in Louis Trigardt se dagregister —

Mei 1838, Dinsdag den 1ste:
"Omtrind elf uur nam de Allemagtige (G)od haar weg!
De droefheid overstilp mij(n) . . . zodanig dat ik
bijna buiten mijn kennis raakte.
Ik had Carolus een kis laate maken voor haar doot.
Mijn (liefste) en Dierbaar Pand wierd van mijn voor
eewig genomen!"

En Trigardt se verhaal, soos ook vertel in D. J. Opperman se drama *Voëlvy* en in sy gedig *Clat Boek*, is een groot menslike ironie.

'n Verlange na vryheid, hoop, verwagting — uiteindelik gekulmineer in eensaamheid en wanhoop. En hierdie historiese ironie en die menslikheid is alles terug in Germaanse ruïnes. Die volledigheid

van die spel, met die moontlikheid van herhaling, word saamgetrek in die gelyke beloop van die geskiedenis van taal én mens.

Maar juis in hierdie gelykstelling van mens en taal lê 'n ontaalkundigheid: die direkte assosiasie van saak en betekenis, die eenheid van woord en verwysing. Ontaalkundig buite die ironie, maar die taal self word geïroniseer, reeds heelwat vroeër in *Inleiding tot 'n tentatiewe fenomenologiese beskouing*: taalkundiges mag reken die vorm van 'n teken is arbitrêr, maar die perspektief lê in *eensaam* en *verlange*, maar objektief (gedistansieer) lê dit daar.

En hier lê die totale essensie van die bundel: taal tot mens, maar ook taal tot taal. Deur die woord word die mens gedistansieer van sy emosie, maar dis bloot oënskynlik so. Hierdie "waan" is uiteindelik die finale ironie, want die mens (sy emosie, sy "myne") is die taal. Uiteindelik is hy dus net deel van die spel, die ironiese spel.

6. *Die grammatika van liefhê* is 'n merkwaardige bundel gedigte in Afrikaans. Deur die taal self objek van die poësie te maak, skep dit 'n heel besondere verhouding van taal: werklikheid. Inderdaad: dit verken die woord, en dit end in die begin. Nie vanuit die werklikheid kom dit by die woord nie, maar vanuit die woord betrek dit die werklikheid. En binne die ironiese spel open dit 'n nuwe perspektief in Afrikaans: deur die gelykstelling van taal aan mens.

Wat J. C. Steyn self aanhaal aan die einde van sy artikel oor die ironie, is ook gepaste kommentaar op sy eie bundel verse:

Die bars en uit-breek, dan — dalk selfs uit liefde —
en sonder steur aan weet of aan geweet-word:
dié is Syne. *Ons* s'n is dit: bestáán (hoe klein ook), *bly* bestaan
met: juistheid; bietjie trots; en heelwat liefde;
en eindeloos vergiffenis vir áls:
niemand tref dit móóí met die heelal nie;
eintlik moet ons leer ironies lewe:
én: binne ironie nog liefde hou.

(N. P. van Wyk Louw *Tristia*)

Dept. Afrikaans-Nederlands
Universiteit Stellenbosch

BOEKBESPREKINGS

Lydia Pienaar: *Die kinderverhaal as literatuur*. Qualitas-uitgewers, Mandini, 1975.

Die kinderverhaal as literatuur is 'n deeglike en knap studie waaruit veel te leer is. Die styl van die werk verdien ook spesiale vermelding; dit word gekenmerk deur helderheid en saaklikheid in uitdrukking en taalgebruik. In die literêre waardering van die betrokke kinderverhale (soos in hoofstuk 2) kry veral drie aspekte baie aandag, t.w. (1) samehang en integrasie, (2) simboliek (in die verhale waarin dit wel voorkom) en (3) konsekwentheid in karakterbeelding (waarin byvoorbeeld aangetoon word hoedat 'n karakter steeds volgens sy of haar besondere persoonlikheid optree). Die skryfster se analise van al hierdie aspekte is werklik knap. Die ontleding van die simboliek in 'n paar verhale is byvoorbeeld met groot kundigheid gedoen.

Uit die studie blyk dat die kinderverhaal 'n heel besondere verdieping kan ondergaan. En hoewel die skryfster hierdie dieper betekenis van die verhale duidelik en uitvoerig aantoon, is dit tog jammer dat sy dit nie eksplisiet noem as die sentrale insig (lewensinsig), "tema" of "grondgedagte" van die verhaal nie. In haar vroeëre deeglike studie oor kinderlektuur, t.w. *Die kind en sy literatuur* wat vir die eerste keer in 1968 verskyn het, doen sy dit wel. Sy verwys in hierdie werk naamlik baie eksplisiet na "die diepere gedagte" van die verhaal *Dirkie van Driekuul*: "Dit handel oor die alledaagse lewe van 'n seuntjie op 'n plaas, maar ook oor die boom in die middel van die dam met sy besondere betekenis en die diepere gedagte van sinvolle verandering wat daaraan gekoppel word". Hoe dit ook sy, hierdie is bloot 'n "tegniese" beswaar wat nie die studie in sy kern raak nie. 'n Belangriker beswaar is dat die skryfster nie haar waardebepalende analise van die betrokke kinderverhale (soos in hoofstuk 2) afsluit met 'n samevattende beskouing oor die literêre waarde en literêre kenmerke van die kinderverhaal nie. Soos dit nou is, eindig die hoofstuk 'n bietjie abrupt en word die leser in 'n soort lugleegte gelaat waarin hy self 'n sintese moet maak wat eintlik deur die skryfster gemaak moes gewees het.

Wat die res van die studie betref, het die volgende vrae by my opgekom: Is dit nie voldoende om kinderliteratuur bloot te omskryf as literatuur wat uit die belewenisveld van die kind geskryf is nie? Lewer die klassifikasie van kinderletterkunde in die praktyk werklik soveel probleme op dat ons sielkundig-wetenskaplike studies oor die kindergemoed en kinderoptrede moet byhaal alvorens ons 'n verhaal as kinderliteratuur kan klassifiseer? En wat die teorie betref: indien 'n kritikus aangetoon het (soos wat inderdaad in hoofstuk 2 aangetoon is) dat bepaalde kinder karakters konsekwent, oortuigend lewensgetrou geteken is, dan het hy mos *by implikasie reeds aangetoon* dat die belewenisveld van die kind en die kinderoptrede "korrek" uitgebeeld is en dat die verhaal as kinderliteratuur kan deurgaan. Om, soos wat in die vierde hoofstuk gedoen word, elke keer via Remplin te "bewys" dat die uitbeelding van die kinderbelewenis in 'n betrokke verhaal klop met sielkundige bevindinge en dat die verhaal dus kinderliteratuur is — is dit nie 'n

enigsins vergesogte procédé en 'n onnodige problematisering van die voor-die-hand-liggende nie?

Al hierdie bedenkinge ten spyt, bly *Die kinderverhaal as literatuur* 'n hoogs verdienstelike studie en 'n mooi bydrae tot ons literatuurwetenskap.

Universiteit van Suid-Afrika

D. F. SPANGENBERG

Lye, William F. (red.): *Andrew Smith's Journal of his Expedition into the Interior of South Africa (1834-1836)*, pp. XII, 323, 155 ill. (16 in kleur). A. A. Balkema, Kaapstad, 1975. R25.

Andrew Smith is in Skotland gebore en het, nadat hy as medikus opgelei is, in Kanada en op Malta gewerk. In 1821 het hy na die Kaap gekom, en in die Oostelike Provinsie vertoef, waar hy 'n grondige kennis van die Bantoes opgedoen het. In 1825 was hy weer in Kaapstad, waar hy as kurator van die nuwe Suid-Afrikaanse Museum aangestel is. Hy het twee ekspedisies onderneem: na die Oranjerivier (1828) en na Natal (1832). Op sy voorstel in 1829 is besluit om 'n wetenskaplike ekspedisie na die binneland te onderneem. Smith, met sy mediese kennis, sy belangstelling vir die binneland van Suid-Afrika en sy ervaring van vroeëre suksesvolle ekspedisies, was die aangewese persoon om die leiding op hom te neem. Nadruklik is hom opgedra dat geen opsienbarende ontdekkings beoog moet word nie, maar dat 'n grondige kennis van die streke waardeur hy sou reis, die uitsluitende doel van die ekspedisie behoort te wees.

Die ekspedisie het in Augustus 1834 uit Graaff-Reinet vertrek en in Januarie 1836 teruggekeer. In 1836 het 'n verslag van 26 bl. verskyn; die dagboek van Smith is in 1939-1940 deur die Van Riebeeck Vereniging uitgegee. Dr. Smith het aanvanklik beoog om 'n omvattende boek oor sy bevindings in die Suid-Afrikaanse binneland uit te gee en die manuskrip hiervan het hy voltooi tot Julie 1835. Verder het hy nie gekom nie en dit het nooit tot publikasie gekom nie.

Dr. W. F. Lye, professor in geskiedenis en aardrykskunde aan die Universiteit van Utah, V.S.A., het nou aan die hand van die dagboek, maar veral los aantekeninge van dr. Smith, die laaste deel van die reis bygevoeg en sodoende die werk volledig gemaak. Hierby is die verslag van 1836 volledig opgeneem. As sodanig het die boek wat dr. Smith destyds beoog het, nou volledig verskyn as die "Joernaal".

Die ekspedisie het grotendeels beweeg langs paaie wat reeds eerder betree was. Die noordelikste punt was net oor die keerkring. Smith het in 'n hoë boom geklim, die terrein verder na die noorde en die berge in die verte beskou, en tot die gevolgtrekking gekom dat dit vrugtelos sou wees om aan te gaan. As hy meer oostelik getrek het, sou hy moontlik nog 'n bietjie verder kon gegaan het, maar dit sou geen voordeel opgelewer het nie en die Limpoporivier was geen deel van sy opdrag nie.

Die werk wat verrig was, was uitsonderlik grondig gedoen. Smith

kon op die terugweg nie veel aan die opgedane kennis toevoeg nie, en sy aantekeninge is noodsaaklik korter. Die een uitsondering was 'n baie uitvoerige verslag oor die Griekwas, wat op die heenpad nie besoek was nie. Die bestaande kennis van die binneland, sy bevolking, flora, fauna en geologie was tot nou toe gegrond op toevallige gegewens wat deur handelare en sendelinge verskaf is. Alles was baie vaag. Gevolglik moet hierdie ekspedisie van dr. Smith as een van die belangrikste ondersoekingsreise na die binneland van Suid-Afrika beskou word. Vir die eerste keer was 'n omvattende oorsig van die binnelandse bevolking en die onderlinge verhoudings en toestande beskikbaar. Flora, fauna en geologie is noukeurig waargeneem, terwyl die juiste ligging van plekke, waaroor geen sekerheid bestaan het nie, nou vasgestel is. Ons verneem van die gebruiklike reismoeilikhede, oor riviere, vrybuiters soos de Buys en Blom, die afname van wild wat in daardie tyd alreeds opvallend was, lewensmoontlikhede van die bevolking en die heersende gewoontes. Hoewel Moffat se opmerkzaamheid net so skerp was aan die van dr. Smith, is dit tereg betreur dat die sendeling in sy dagboeke so weinig aandag gee aan die volksgebruike van die bevolking, veral die Matabele. Moontlik het hy dit alles as barbaars en on-Christelik beskou. Veel van wat hierdeur aan kennis verlore sou gegaan het, is egter deur dr. Smith in die Joernaal baie noukeurig vermeld. Bowendien kon hy, deur sy vroeëre besoek aan Natal 'n vergelyking trek tussen Dingaen en Mossilikatse.

Smith het belangrike aanbevelings gedoen oor die houding en optrede van die Kaapse regering ten opsigte van die binnelandse bevolking. Hy het daarop gewys dat elke kaptein uitsluitend aandag aan sy eie gebied gee en nie verder kyk nie. Maar dit was gevaarlik om gedurig dreigemente te uiter sonder om ooit uitvoering daaraan te gee. Die kapteins het dit gou agter gekom en dit het slegs minagting by hulle laat ontstaan. Smith het ook 'n baie grondige kyk op die Boesmans verkry en veral wat hy oor die, wat in die Drakensberge gewoon het, vertel is belangrik, omdat hulle 'n halwe eeu later al nie meer in daardie streek voorgekom het nie.

Die boek is geïllustreer met 'n groot aantal afbeeldings na werke deur C. D. Bell, die bekende kunstenaar, wat die ekspedisie vergesel het. Hierdie werke berus tans in die Staatsargief en Parlementêre Biblioteek in Kaapstad en in die Africana Museum in Johannesburg wat 'n finansiële bydrae gemaak het om party in kleur te laat weergee.

Dis opvallend dat in ons geskiedskrywing so betreklik min aandag gegee is aan hierdie ekspedisie, wat tog vergelyk kan word met die bekende ekspedisie van Lewis en Clark in Noord-Amerika. Hierdie Joernaal van dr. Smith wat nou na 150 jaar verskyn, is vanuit 'n wetenskaplike oogpunt nog altyd 'n uiters belangrike boek. Deurdat dit 'n aantal jare later geskryf is (1838), gee dit die gebeurtenisse oorsigtelik en meer in perspektief as wat in die Dagboek moontlik was. Bowendien gee dit meer van dr. Smith se persoonlike wye kennis en kyk op sake. Hier lê die grondslag van die geskiedenis en volkekunde van ons binneland net voor die Voortrekkers. As reisverhaal is dit een van die belangrikste wat oor die binneland van Suid-Afrika in vroeëre tye bestaan.

Dodds, David A.: *A Cradle of Rivers, the Natal Drakensberg*, pp. viii, 128, 253 ill. (145 in kleur). Purnell, Kaapstad-Johannesburg, 1975. R17,50.

Dit is onseker watter Europeane die Drakensberge eerste gesien het: die skipbreukelinge van die Santo Alberto wat in 1595 deur die binneland Lourenco Marques probeer bereik het, later handelaars, sendelinge of swerwers? Eers in die tweede kwart van die vorige eeu is meer aandag aan die Natalse berge gegee. Dr. Robert Cowan, wat in 1807 die binneland ingetrek het en wat spoorloos verdwyn het, het hulle moontlik gesien en miskien selfs begin ondersoek. Kapt. Allen Gardiner was in 1835 egter waarskynlik die eerste ernstige ondersoeker van die gebied, spoedig gevolg deur Arbousset en Daumas, wat in 1836 op die Mont-aux-Sources geklim het en dr. Andrew Smith wat ook omhoog geklouter het. Dit is begryplik watter geweldige indruk die Natalse bergreeks op al hierdie mense moes gemaak het. Ondanks paaie en moderne verkeer het die berge tot vandag toe nog niks van hul majestueuse voorkoms verloor nie.

Die berge is in werklikheid die randmuur van 'n plato, wat grotendeels deur Lesotho bestryk word. Die geologiese geskiedenis strek oor 200 miljoen jaar. Aan die onderkant van die muur by die uitlopers het baie stryd plaasgevind tussen Boesmans, Natoes en setlaars. Die streek is ryk aan Boesmantekeninge en geskiedkundige plekke.

Die eerste setlaars het hulle veral toegelê op houtkap en groot terreine is ontbos. Vandag blyk hoe nadelig dit die klimaat beïnvloed het. Daar is nou 'n spesiale bergnavorsingstasie, een van die modernste in die wêreld, wat data versamel en die toestande noukeurig dophou. Die instelling van natuurreservate en grootskaalse aanplanting van bome sal in die toekoms hopelik aansienlik daartoe bydra om die streek na sy oorspronklike staat terug te bring. Want soos die titel van hierdie boek tereg benadruk: die gebied is die oorsprong van baie riviere, wat op die hele republiek invloed uitoefen.

Dodds gee 'n oorsig van die plaaslike geskiedenis: die stigting van die verskillende parke, konstruksie van Sanipas, die militêre ekspedisies en die stryd teen die Langalibalele. Verder gee hy baie aandag aan die belangrikste diere en plante, die slange wat mens moontlik in die somer kan raakloop, die voëls wat daar is. Dit alles is uitvoerig toegelig met afbeeldings. Daar is 'n goeie kaart en 'n groot aantal panorama-foto's, wat 'n baie duidelike oorsig gee van hoe die bergreeks opgebou is en hoe die verskillende pieke en passe ten opsigte van mekaar lê.

Dis opvallend dat boeke oor die Drakensberge deurgaans blyk gee van veel entoesiasme en liefde van die skrywer vir die streek. Hierdie boek is geen uitsondering daarop nie. Dodds, wat 'n aantal uitstekende dokumentêre films gemaak het, het 'n oog vir wat die berg so aantreklik maak. Vir die wat nog nooit daar was nie, is die boek gevolglik 'n aanmoediging om self te gaan kyk. Die gereelde besoekers en klimmers daarenteen vind hier telkens 'n herinnering aan plesierige oomblikke. Dit is 'n baie aantreklike en grondige boek oor 'n gebied waaroor daar nog lank nie genoeg gepubliseer is nie.

Strutt, Daphny H.: *Fashion in South Africa* (1652-1900), pp. xii-411. ill. (8 in kleur). A. A. Balkema, Kaapstad, 1975. R22,50.

Kleding was vroeër uitsluitend afhanklik van die heersende klimaat en materiaal wat voorhande was. In die beskaafde streke in die Midde-Ooste en om die Middellandse See is wye mantels gebruik, in Noord-Europa daarenteen het diervelle oorhand gehad. Opskik en versiering is egter 'n diepgewortelde menslike karaktertrek en gevolglik het kleding nie net gedien as beskerming van die liggaam teen die klimaat nie. Dit was ook wel deeglik 'n weerspieëling van persoonlike smaak. Hierdie smaak was vir eeue beperk tot plaaslike moontlikhede en opvattings. Eers nadat verkeer en verbindings oor die wêreld makliker en veelvuldiger geword het, het die heersende smaak van die een land dikwels ook in ander gebiede oorheersend geword. Voorbeelde hiervan is Frankryk, alreeds vanaf die 13de eeu, en die Engelse mode, wat oor die hele wêreld invloed uitoefen. Kleding gee uitdrukking aan wat, dikwels onbewus, in die mens omgaan, wat sy opvattinge en sy ideale is. Godsdienstigheid, ingetoënheid, heldeverering, bravouer en vegstigheids, alles word in die mens se kleding tot uitdrukking gebring.

Die indruk dat die Kaap altyd 'n aantal jare agter sou wees by die nuutste uit Europa, blyk volkome onjuis te wees. Vanaf 1652 is die Kaap regeer deur vooraanstaande persone, wat vanselfsprekend volgens die juiste mode gekleed wou gaan. Skepe het veelvuldig verby gekom, dikwels met hoë kompanjies amptenare aan boord. Die bewoners in Kaapstad het sodoende gereeld op hoogte gebly van die veranderinge. In die binneland het dit ongetwyfeld moeiliker gegaan. Kontak met Kaapstad was skaars en modieuse materiale was nie altyd bekombaar nie en moes deur ander vervang word. Sowel die klimaat as beperking in materiaal het as gevolg gehad dat aan die Kaap spoedig veranderinge en aanpassings aan die heersende Europese modes aangebring is. Terwyl Spaanse en Portugese klere strak en styf was, het dit in die Kaap al gou-gou losser en gemakliker geword. Die son het die gebruik van hoede en kappies beïnvloed en dit lê voor die hand dat mev. Strutt opmerklik veel aandag aan kappies bestee het. Ongetwyfeld het die bevolking hier uit verskillende groepe bestaan, elkeen met sy eie opvattinge. Maar ook oorsee was daar 'n aanwysbare verskil in voorkoms tussen ryk en arm, stad en platteland.

Ons kan veel meer oor modes leer van portretskilderye en later foto's. Die beste is natuurlik die kledingstukke self. Uit hierdie boek blyk dit hoe ryk Suid-Afrika eintlik is aan versameling van outydse kledingstukke. Sowel die hoeveelheid as die deurgaans uitstekende staat waarin die klere verkeer, dui aan dat daar altyd veel belangstelling bestaan het en dat klere deurgaans baie goed opgepas is. Hierby moet ons in gedagte hou dat ons land bowedien bedeel is met vernielsgtige motsoorte.

Verandering is die oorwegende eienskap van mode. Dit is een van die oorsake dat dit altyd weer ons belangstelling trek. Ongetwyfeld word hierdie lewendige element in die boek van mev. Strutt weer-speël. Dit is 'n taamlik lywige boek, maar dit verloor geen oomblik aan sprankeling nie. Die oorsaak hiervan lê ook in die sterk sin vir humor

van die skryfster self. Ons word kort-kort onthaal op paslike anekdotes en grappige voorvalle, wat ons gedurig help onthou dat ons te doen het met die ewig menslike in die mode. Verder is daar die groot aantal voortreflike illustrasies. Hulle bestaan uit afbeeldings van skilderye en prente, van oorspronklike kledingstukke, portretfoto's, afbeeldings van museumvertoonkaste met modepoppe, waarvan die brutaal-starre gesigsuitdrukking soms merkwaardig kontrasteer met die ryk outydse kleding, en veelvuldige pentekeninge. Afsonderlike aandag is gegee aan die soort en gebruik van juwele in ons land, 'n onderwerp wat nog vir diepergaande studie oop is.

Met dit alles het ons hier 'n omvattende baanbrekerswerk oor 'n gesigspunt in ons geskiedenis, waaroor daar tot nou toe nog sporadies nagevors is. Veel aandag word geskenk aan aanverwante aspekte, soos stylgeskiedenis, skoene, hoede en musse, haarstyl en serpe. Daar is 'n uitvoerige bibliografie, 'n waardevolle woordelys van kledingmateriale en 'n indeks. Gevolglik is dit 'n pragtige boek, wat op geen boekrak van enigeen wat belangstelling vir die verlede van Suid-Afrika het, behoort te ontbreek nie. Vir mode-ateljees en ontwerpers is dit 'n standaardwerk, wat onmisbaar is.

Universiteit van Pretoria

F. G. E. NILANT

NUWE NEDERLANDSE DIGBUNDEL

Van Jan Biezen, sekretaris van die digtersgroep DIMENSIE is die volgende mededeling ontvang:

De dichtersgroep DIMENSIE is zinnens een bundel HONDERD NIEUWE DICHTERS uit te geven. Ze nodigt alle dichters uit ongeveer vijf gedichten in te zenden. Na selektie door de redaktie van de groep zullen alle deelnemers die in aanmerking komen voor deze kollektieve uitgave persoonlik worden geïnformeerd over de voorwaarden van de uitgave.

Gelieve so spoedig mogelijk in te zenden.

De dichtersgroep DIMENSIE

Haringrodestraat 81

2000 Antwerpen.

Ook kondig die groep hul nuwe tydskrif *dimensie* aan, wat vir die einde 1976, begin 1977 beplan word. Die tydskrif sal driemaandeliks verskyn, en die redaksie wil graag "een paar kolommen" vir jonger en ouer Afrikaanse digters oopstel. Artikels oor die werk van sodanige digters sal ook verwelkom word. Digters wat belangstel, moet direk met die digtersgroep in verbinding tree.

AFRIKAANSE BOEKE VERSKYN GEDURENDE APRIL-JUNIE
1976

Opgestel deur C. J. S. C. Burger, Hoofnavorsingsbeampte, Nasionale
Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum

PROSA

ANTHONY, Len

Skat van die Namib. Randburg: Siësta, 1976 (Pronk Boekklub).
152 bl. R2,40. Plaas vyf mense onder moeilike omstandighede in die
Namib-woestyn en kyk hoedat hulle gestroop word van alle maskery
om hulle ware self daaragter bloot te lê.

BIERMAN, Ettie

Blomme uit Berlyn. Johannesburg: Perskor, 1976. (Voortrekker-
Boekklub). 'n Spioenasieverhaal waarin die mooi Debbie Heyns 'n kom-
munistiese agent op haar moet verlief maak — 'n opdrag wat die gang
van haar lewe heeltemal en finaal verander.

BIERMAN, Ettie

Man in die donker. Kaapstad: H & R, 1976. R4,75. 'n Spannende
verhaal waarin tot aan die einde gegis word oor die identiteit van die
moordenaar.

BOSHOFF, Melanie

Vir altyd die sonpad. Kaapstad: H & R, 1976. 148 bl. Bess de
Villiers se hele bestaan het gewentel om haar enigste seun, Tobie. Na
sy onverwagse dood in 'n motorongeluk, word sy gekonfronteer met
feite waarvan sy nie tevore bewus was nie.

BRUCKNER, Karl

Wenner op Monza. Kaapstad: Tafelberg, 1976. Dié verhaal bied
'n kykie agter die skerms van internasionale motorwedrenne.

COETZEE, Jana

Sonder gister se spoor. Pretoria: Van der Walt, 1976. R2,40. 'n
Boeiende spanningsverhaal.

DE VILLIERS, Anna

Barrevoet oor Drakensberg. Johannesburg: Perskor, 1976. R4,95.

DU PLESSIS, Christine

Môre lê nog ver. Kaapstad: H & R, 1976. Die aanstelling van 'n
nuwe skoolhoof word 'n keerpunt in die lewens van Goos en Lila te
Winter, 'n aanstelling wat oor baie jare sy invloed sou uitoefen.

DU PLESSIS, Hannah

Vaarwel aan gister. Pretoria: Siësta, 1976. (Ons Eie Boekklub).
'n Liefdesverhaal.

FOURIE, Pierre

Die raaisel van Rooikrans. Johannesburg: Perskor, 1976. R2,75. 'n Vlot verhaaltjie wat afspeel in 1838.

GIE, Marius

Die geheimsinnige mnr. Smit. Johannesburg: Perskor, 1976. R2,95. Yvonne Meyer, 'n welsynswerkster, besluit om haar oor die verwaarloosde mnr. Smit te ontferm. Met verrassende gevolge.

HEINE, Mike

Daar kom tant Alie. Kaapstad: Tafelberg, 1976. Die gewilde radiovervolgverhaal verwerk as roman.

HENDRIKS, R.

Slagoffers van liefde. Johannesburg: Dagbreek-boekkring, 1976. R3,30. Die dreigbrief wat die beeldskone Selene Bylewoud ontvang, is slegs die begin van baie onheil.

HENNING, Nan

Annalien. Pretoria: Van der Walt, 1976. (Keurbiblioteek). 'n Roman met die liefdedriehoek as tema.

HERTA

Haar broer se wagter. Kaapstad: Malherbe, 1976. (Pluim-boeke). Melodie van Rhym is verplig om met dr. Morkel te trou om sodoende haar broer uit die moeilikheid te kry.

HEYNS, Chris

Geen terugkeer. R3,95. 'n Uitstekende speurverhaal waarin 'n psigiat ineroep word om die "motief of motiewe, daardie donker kuil van menslike emosies waarin die dryfveer tot moord gekom het", oop te vlek.

JORDAAN, Anna

Iemand soos tant Breggie. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R4,40. 'n Onderhoudende verhaal oor tant Breggie en die ander mense van Buitkantstraat. Was as vervolgreks in die Sarie Marais uiters gewild.

KOCK, Nelmar

Haar laaste anker. Pretoria: Siesta, 1976. (Pronk-Boekklub). 'n Boeiende liefdesverhaal waarin die leser elke oomblik sal meeleeft. R2,40.

KOTZÉ, E.

Kielwater. Kaapstad H & R, 1976. R4,00. Die verhaal speel af teen die agtergrond van 'n vinnig ontwikkelende kusdorpie met sy eie intriges en korrupsie.

KRUGER, Cornelia

Ons, die regverdige. Johannesburg: Perskor, 1976. R2,75. Vier ka-

racters woon in 'n huis waar geeneen erkenning ontvang vir sy oortuiginge nie. Dit kos 'n tragedie en verwydering om die mure van selfregverdiging af te breek.

LAMPRECHT, I. D.

Die vlug van die Feniks. Johannesburg: Perskor, 1976. R2,75. Doktor Skip Wessels moet bewys lewer dat hy nie vir 'n moord verantwoordelik is nie. Sy wedervaringe boei die leser enduit.

LANGEVELDT, Daan

Spore in die ruigtes. Pretoria: Siësta, 1976. (Pronk-Boekklub). 'n Spannende verhaal van spioenasie en teenspioenasie.

LINDE, Engela

Gesig op die lewe. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R4,50. 'n Groep uiteenlopende karakters woon in die kwaai mevrou Bird se losieshuis. Sy oorheers haar loseerders en haar man, maar teen die einde van die verhaal wag daar 'n verrassing op haar.

LINDE, Engela

Jou stem in die winde. Pretoria: Siësta, 1976. (Pronk-Boekklub). 'n Liefdesverhaal.

MAARTENS, Maretha

Eindpunt. Kaapstad: H & R, 1976. R3,95. 'n Spanningsverhaal.

MARTIN, Wille

Silwer Seniorita. Pretoria: Van der Walt, 1976. (Treffer-Boekklub). 'n Romantiese avontuurverhaal.

MURRAY, Ena

My afgemete erfdeel. Pretoria: Siësta, 1976. (Ons Eie Boekklub).

MURRAY, Ena

Sluiers van die nag. Pretoria: Siësta, 1976. (Pronk-Boekklub). R2,40. Die verhaal van verpleegster Maryke Linde, die meisie wat deur die pasiënte in die groot stadshospitaal waar sy werk, as die Engel van die Lig bestempel word.

OBERHOLZER, Lourens

Genadelose vyand. Johannesburg: Perskor, 1976. (Klub 707). R2,50. Die privaatspeurder, Hendrik Uys, voer in opdrag van die polisie 'n moeilike taak uit.

PRINSLOO, Mara

So baie blomme. Krugersdorp: President, 1976. R1,90. Die verhaal van 'n jeugliefde.

RADEMEYER, Lien

Kataluma. Kaapstad: H & R, 1976. R3,25. Het oorspronklik as vervolghverhaal in Sarie Marais verskyn.

RAUTENBACH, Fanus

Dis my mense dié. Bloemfontein: De Villiers, 1976. In 39 kort sketse word omtrent van elke denkbare tipe in die Afrikanersamelewing 'n woordprofiel geteken.

SITA

Wekroep. Johannesburg: Perskor, 1976. R3,95. In hoofsaak die ware verhaal van die skryfster se ouers se ervarings gedurende die Anglo Boere-oorlog.

SOHRE, Helmut

Topjaers, die wêreld se bestes in Formule 1. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R4,50. 'n Moet vir jong motorsportgeesdriftiges.

SPENCE, Ela

Anderkant die skaduwees. Kaapstad: Van der Walt, 1976. (Eike-boekklub). Nog 'n verhaal uit die pen van 'n ervare skryfster met 'n ryke lewenservaring en intieme mensekennis.

STOCKENSTRÖM, Wilma

Uitdraai. Kaapstad: H & R, 1976. R4,75. Wilma Stockenström is bekend as digteres. Uitdraai is haar eerste roman en bepaald 'n belangrike toevoeging tot die Afrikaanse romanliteratuur.

STRYDOM, M.

Die liefdesoes. Johannesburg: Perskor, 1976. R2,75. 'n Liefdesverhaal.

VAN RENSBURG, Roelf

Die hemelvoël. Pretoria: Van der Walt, 1976. R3,65.

VENTER, C. J.

Troebadoer sonder 'n harp. Johannesburg: Perskor, 1976. R2,75. Die leser kry 'n blik agter die glansryke skerms van die vermaaklikheidswêreld.

VOS, Renier de

Bedreiging op Draaikolk. Johannesburg: Pers, 1976. (Klub 707). R2,75.

VERTAALDE ROMANS

BERTHOLD, Will

Hel in die hemelruim; vertaal deur E. P. du Plessis. Kaapstad: H & R, 1976. R4,50. In hierdie hoogs aktuele verhaal wys die skrywer op die skrikwekkende moontlikhede as 'n georganiseerde bende daarin slaag om die lugruim in 'n hel te verander.

GOLLWITZER, Joseph.

6 Augustus; uit die Duits vertaal deur Linda Roode. Kaapstad:

Tafelberg, 1976. R5,25. Hierdie verhaal vertel nie net van Mark Hendrik en Koaru Nisjokawa se liefde of die dood van duisende onskuldige mense nie, maar dit is ook 'n tydige waarskuwing om te besin oor kernwapens.

KONSALIK, Heinz G.

Komeet van die dood. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R3,75. Weer 'n treffer deur Konsalik wat hom leen tot aangrypende sensasionele beelding en waarlik 'n spannende leesavontuur word.

KONSALIK, Heinz G.

Die man wat sy lewe vergeet het. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R3,95.

KONSALIK, Heinz G.

Pad van verskrikking; vertaal deur Ludwig Visser. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R3,95.

KONSALIK, Heinz G.

Satansparadys; uit die Duits vertaal deur Ludwig Visser. Kaapstad: Tafelberg, 1976. Konsalik beskryf die lotgevalle van die mense van Santa Magdalena wat uitgelewer is aan die genade van Jack Paddy, 'n dwelmhandelaar.

KONSALIK, Heinz G.

Werner Bäcker se seun. Kaapstad: Romanticapers, 1976. R3,95. 'n Vervolg op Werner Bäcker se noodroep.

TULLY, John

Die glasmaas; uit die Engels vertaal deur E. P. du Plessis. Kaapstad: HAUM, 1976. R3,90. 'n Interessante verhaal oor die mistieke gode en rites wat eie was aan die ou Astekeryk.

DRAMATEKSTE (Toneel, Radio en Televisie)

BRINK, André P.

Die Hamer van die Hekse. Kaapstad: Tafelberg, 1976. Hierdie drama is letterlik 'n omskrywing van C. Louis Leipoldt se bekende Die Heks. Deur toevoeging van tonele vóór en 'n slottoneel ná die oorspronklike teks het Brink 'n nuwe drama geskep.

FOURIE, Pieter

Faan se stasie. Kaapstad: Tafelberg, 1976. 'n Vervolg op Faan se trein. R4,75.

LOUW, N. P. van Wyk

Die val van 'n regvaardige man. Kaapstad: H & R, 1976. 'n Hoorspel. R3,25.

SCHOEMAN, Karel

Die jare: 'n teks vir beeldradio. Kaapstad: H & R, 1976. R3,75.

VAN STRATEN, As

Pendoring (Edms.) Beperk. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R3,50.

Hierdie stuk is bekroon met die eerste prys in die SAUK se spesiale hoorspelwedstryd vir die Taalfeesjaar in 1975.

VERTAALDE DRAMAS

SHAKESPEARE, William

Othello; vertaal deur Anna Neethling Pohl en nagesien deur C. J. Engelbrecht. Kaapstad: H & R, 1976. R5,50.

SHAKESPEARE, William

Romeo en Juliet; vertaal deur André P. Brink. Kaapstad: H & R, 1976. R5,25.

SOPHOKLES

Philoktetes; vertaal deur J. P. J. van Rensburg. Kaapstad: H & R, 1976. R4,75.

Hoewel daar in die oorspronklike drama van Sophokles baie dinge is wat die moderne leser hinder, is dit nogtans interessant om met die oorspronklike gegewe kennis te maak.

TSJECHOW, Anton

Die kersiebrood; 'n blyspel in vier bedrywe; Afrikaanse vertaling deur Karel Schoeman. Kaapstad: H & R, 1976. R5,50.

STUDIES OOR DIE DRAMA EN TONEEL

CONRADIE, P. J.

Niks is in sy tyd gesluit. Kaapstad: Academica, 1976. R6,25.

Opstelle oor klassieke en moderne drama wat reeds vroeër in letterkundige tydskrifte verskyn het.

DOMMISSE, Hermien

Die Dramaturg en sy Gemeenskap. Johannesburg: Perskor, 1976. R12,50.

POËSIE

BOERNEEF

Sesde hoepel. Kaapstad: Tafelberg, 1976.

Nagelate verse van dié bekende digter, saamgestel deur F. I. J. van Rensburg.

BLOMERUS, Marié

Blou as beginsel van duisternis. Johannesburg: Perskor, 1976. Hierdie digteres se tweede digbundel. R4,90.

JOUBERT, Marlise

Sover en verder. Johannesburg: Perskor, 1976. R4,95.

KEET, Rosa

Boom van Kennis. Johannesburg: Perskor, 1976. R3,95.

KIRSCH, Olga

Geil gebied. Kaapstad: H & R, 1976. R2,75.

Nege en twintig nuwe verse in Afrikaans van dié bekende Joodse digteres.

KNOBEL, Wilhelm

Nagelate gedigte. Johannesburg: Perskor, 1976. R7,75.

OPPERMAN, D. J. Samest

Groot Verseboek. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R6,75.

Die sesde uitgawe van hierdie belangrike bloemlesing. Toevoegings tot bestaande digters se poësie is gemaak en die volgende digters en digteresse debuteer: Leon Strydom, William Rowland, Hein Swart, Rosa Keet en Neil van Tonder.

TOTIUS

Vyftig gedigte van Totius; 'n keur deur T. T. Cloete. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R3,20.

'n Uitstekende versameling wat goed versorg is deur die samesteller en uitgewer. Dit laat die merkwaardige Totius-figuur in al sy skakeringe herleef: patriot, Godsman en mens.

VAN HEERDEN, Ernst

Die Ysterwoud; faksimilee-uitgawe van 18 ongepubliseerde gedigte uitgegee by geleentheid van die digter se sestigste verjaardag op 20 Maart 1976. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R25,00.

BLOEMLESING

BOTHA, Elize Samest

MER van naby gesien. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R3,25.

'n Versameling van hierdie skryfster se woordkuns wat telkens 'n ander faset van die rykdom en volheid in haar werk openbaar.

ANDER WERKE VAN BELANG

Die Bronnegids by die Studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde, Deel 3. Pretoria: RGN, 1976.

Handel oor alles wat gedurende 1972 in 56 Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte oor taal en letterkunde verskyn het.

DONGA

Nuwe koerant/tydskrif van die Afrikaanse Skrywersgilde waarvan die eerste uitgawe in Julie verskyn het.

JAN WAT VERSIES MAAK

Eerste Afrikaanse Printjies Boeki ver Soet Kinders; 'n Faksimile-uitgawe van die oorspronklike uitgawe, 1879, met 'n inleiding deur I. S. J. Venter. Kaapstad: H & R, 1976. R4,50.

MOTORWOORDEBOEK van die Suid-Afrikaanse Spoorweë se Taal-buro. Johannesburg: Spoorwegtaalburo, 1976. R3,00.

DIE PATRIOT

Eeu-gedenkuitgawe, 15 Januarie 1976. Pretoria: Skakelpers, 1976. 10c.

AURORA